

# AFDELING A: DIE EKOLOGIESE KRISIS EN DIE SENDING

## 'N BEGELEIDINGSWOORD VIR AFDELING A

*"The 'bride of Christ', the 'body of Christ on earth', the Church has been involved in hundreds of years of injustice - has allowed colonialism, slavery, the subjection of women and the conquest and ruin of nature. What then are the faults and mistakes which the Church needs to acknowledge and repent of if it is to offer any worthwhile treatment for the earth's sickness which it has helped to bring about?"*

Elizabeth Breuilly en Freda Rajotte (1992:5-6)

In 'n WRK-verslag getiteld: **Sustainable growth - A contradiction in terms?** word die aanleidende oorsaak tot die huidige ekologiese krisis onder 'n subopskrif - "historical roots of the situation" soos volg beskrywe. Die Europese Renaissance, gevolg deur die Verligting, sou 'n nuwe kultuurklimaat op die Europese kontinent tot stand bring. Vir die Europeërs was dit 'n vanselfsprekendheid dat hierdie "nuwe kultuur" ook na die kolonies uitgebrei moes word. Dit het gebeur deurdat kultuuroordrag die proses van kolonisasie vergesel het. Met die opkoms van die industriële rewolusie in Engeland sou hierdie kultuurklimaat egter 'n verdere verandering ondergaan omdat 'n nuwe industriële samelewing 'n nuwe Westerse kultuur sou laat posvat. 'n Nuwe manier van glo en dink sou volg, waarin die mens voortaan sy hoop op vooruitgang en verdere ontwikkeling geplaas het. Vir die Europeërs was dit weereens 'n vanselfsprekendheid dat hierdie nuwe hoop, wat gebaseer was op industriële groei ook uitgebrei moes word na alle Europese kolonies elders in die wêreld. Die nuwe manier van glo en dink sou noodwendig deurwerk na die mens se beskouing van die wêreld en sy omgewing. Daarom sou sosiale en ekonomiese verhoudings op 'n globale vlak ingrypend verander word. Hierdie ingrypende veranderinge sou nadelige gevolge vir die ekologie tot gevolg hê (Ecumenical Institute 1993:16-17).

Die volgende vraag kan nou gevra word. Het die kerk werklik aan hierdie proses wat sou uitloop op die ekologiese krisis, of soos Breuilly en Rajotte dit noem, die aarde se siektetoestand, meegewerk? In hierdie afdeling sal ek wys dat die kerk nie onskuldig ten opsigte van die aarde se siektetoestand staan nie.



Inteendeel, die kerk was aktief betrokke by die totstandkoming van hierdie siektetogestand, al was dit nie doelbewus die intensie nie. Meestal het hierdie betrokkenheid die vorm van 'n Bybelse dwaalleer aangeneem, wat bestaan het uit 'n verkeerde verstaan van die kultuuroopdrag van Genesis 3, en sodende aan 'n plunderingskultuur legitimiteit te verleen. Soms het dit weer aanleiding gegee tot 'n gesekulariseerde geloof dat God besig was met 'n nuwe skepping. Binne hierdie hele proses is die evangelie van Jesus Christus dikwels met 'n nuwere Westerse Europese kultuur verwar.

Die doel met hierdie afdeling van die studie is dus om die verband tussen die ekologiese krisis en die sending binne die wêreld as makrokonteks te toon. Daar sal gekyk word na die mate waarin die sending tydens die voorindustriële, die vroeë industriële en die volwasse industriële era medeverantwoordelik was vir die ekologiese krisis soos wat dit vandag aan ons bekend is.

Uit die magdom materiaal wat vir hierdie studie verwerk is het ek tot die oortuiging gekom dat daar vele maniere bestaan waarop 'n mens die verband tussen die sending en die ekologiese krisis sou kon toon. In hierdie studie maak ek egter van drie uitgangspunte gebruik.

1 Ten einde 'n greep op die ekologiese krisis te kry, sal ek dit as uitvloeisel van die industriële rewolusie bespreek. Ek sal egter ook aandag skenk aan sendingontwikkelinge in 'n voorindustriële era aangesien dit reeds die teelaarde sou skeep waarbinne die industriële rewolusie sy beslag sou vind.

2 Met die doel om die verband tussen sending en die ekologiese krisis te toon, sal ek die geskiedenis in drie fases verdeel: 'n voorindustriële era, 'n vroeë industriële era en 'n volwasse industriële era.

3 Ter verkryging van 'n greep op die sending, sal ek sendingontwikkelinge ekumenies, en nie konfessioneel nie, beoordeel.

Elkeen van hierdie drie uitgangspunte verdien eers verduideliking.

#### **(1) DAAR BESTAAN 'N VERBAND TUSSEN DIE INDUSTRIËLE REWOLUSIE EN DIE EKOLOGIESE KRISIS**

Hoewel die industriële rewolusie sekerlik nie die enigste oorsaak van die huidige ekologiese krisis is nie, is geleerdes dit eens dat dit wel die grootste aanleidende oorsaak tot die krisis is:



Hofmeyr (1995:8) wys daarop dat 'n verskeidenheid van benaderingswyses juis in ons tyd van groot waarde is:

*"Dit hou eerder 'n stimulerende en verrykende waarde in vir die beoefenaars van hierdie wetenskap<sup>13</sup> want die geskiedenis is per slot van rekening nie eenduidig nie maar meerduidig."*

Binne hierdie driedeling van die geskiedenis sal daar na die volgende sendingontwikkelinge gekyk word. Gedurende die voorindustriële era word daar gekyk na die Middeleeuse beskouing van arbeid, wat wel 'n bedreigende potensiaal vir die ekologie sou inhou. Daar word ook kortliks gekyk na die vroeë tydperk van kolonisasie waarby die sending betrokke was, aangesien baie dit eens is dat die manifestasie van armoede in die ontwikkelende lande van die wêreld se ekologiese wortels herteikbaar is ná die proses van kolonisasie.

In die afdeling oor die vroeë industriële era word daar gekyk na die invloed van 'n industriële beskouing op die Christendom se siening van die natuur. Daar sal ook gekyk word hoedat die kerk sy steun aan 'n Europese industriële kultuur van vooruitgang verleen het.

In die bespreking van die volwasse industriële era word daar gekyk na die mate waarin die Christendom meegewerk het aan die ontwikkeling van die nie-Weste deur die daarstelling van 'n sogenaamde Teologie van Ontwikkeling, wat op sy beurt katastrofaal vir die ekologie was.

Ek gee toe dat dit nie altyd moontlik is om sendingontwikkelinge binne hierdie drie tydperke van mekaar te onderskei nie. Hierdie driedeling van die geskiedenis dien slegs as werksmetode ten einde 'n perspektief op die sending en ekologie te verkry. Dit is so dat sekere sendingontwikkelinge van die voorindustriële era sou deurloop tot in die volwasse industriële era. Daar word ook toegegee dat sekere sendingontwikkelinge in twee tydperke kon voorkom terwyl dit in 'n derde tydperk ontbreek. Dit is verder ook moontlik dat 'n sendingontwikkeling binne die voorindustriële era eers binne die volwasse industriële era sy effek begin toon het. In sommige gevalle is daar byvoorbeeld binne die vroeë industriële era 'n denkwyse geaktiveer wat eers in die volwasse industriële era binne vaste bane sou begin vloei.

In hierdie studie werk ek tegelykertyd histories en tematies, en ek gee uit die staanspoor toe dat ek daarom nie aanspraak kan maak op suiwer historiese korrektheid nie. Die tema waarmee ek handel is so kompleks en ingewikkeld dat ek twyfel of 'n mens ooit ten volle reg daaraan sal laat geskied indien 'n mens nêr

---

<sup>13</sup> Hofmeyr verwys wel hier na die wetenskap van Kerkgeskiedenis, maar dieselfde sou ook kon geld by die beoefening van sendinggeskiedenis.



- By die Sewende Algemene Vergadering van die Wêreldraad van Kerke in Canberra in 1991 stel die vergadering die invloed van die industriële rewolusie op die ekologie soos volg (WCC 1992:22):

*"It is shocking and frightening for us that the human species on this earth, which came on the scene somewhere around 80 000 years ago, in the 4,5 billion year-long history of this earth, has been able to threaten the very foundations of life on our planet in only about two hundred years of industrialisation."*

- Przewozny (1992:40) sluit soos volg hierby aan:

*"The world and humanity are at risk from the environmental crisis created by the industrial revolution unleashed two hundred years ago."*

- Ook Abraham (1994:66) sien die moderne samelewing met sy katastrofale gevolge op die ekologie as uitvloeisel van die industriële rewolusie:

*"The ecological crisis is created by modern industrial and technological growth and modern life-style. One paradigm of development, the Western industrial growth model, is almost universally accepted."*

Daar die industriële rewolusie die grootste skuld aan die ekologiese krisis dra raak ontstellend wanneer 'n mens besef watter impak dit na slegs 200 jaar gehad het, die lang ontwikkelingsgeskiedenis van die wêreld in ag genome. McDonagh (1986:87) verduidelik hierdie ontstellende werklikheid deur die welbekende beeld van die tydskaal van 365 dae. Indien die geskiedenis van die aarde binne 'n tydskaal van een jaar geplaas word, dan sou die mens sy aankoms gemaak het om 23:00 op die 365ste dag. Die industriële rewolusie, wat so 'n ingrypende ekologiese verandering op die hele biosfeer tot gevolg sou hê sou dan op hierdie tydskaal eers gedurende die laaste halwe sekond van die jaar begin het,

As gevolg van bogenoemde sou 'n mens in 'n studie oor die sending en die ekologie nie anders kon as om die ekologiese krisis binne sy verband tot die industriële rewolusie te plaas nie.

## **(2) DIE BEOORDELING VAN DIE SENDING SE INVLOED OP DIE EKOLOGIE WORD ONDERSKEI IN 'N VOORINDUSTRIËLE ERA, 'N INDUSTRIËLE ERA EN 'N VOLWASSE INDUSTRIËLE ERA**

Ek sal my studie aanbied volgens die drie stadia wat voorgestel is deur Miller en Form (1980), te wete die voorindustriële, die vroeë industriële en die volwasse industriële stadia. Hoewel hierdie 'n nuwe historiese beoordeling binne die sending veronderstel, hou hierdie benaderingswyse myns insiens 'n groot voordeel vir hierdie studie in.





tematies of nê histories te werk sou gaan. Selfs al sôu dit moontlik wees, sou daar bepaalde leemtes binne so 'n benadering bestaan. Die wyse waarop ek in hierdie asook in die volgende afdeling te werk gaan, is slegs 'n manier om 'n werkbare greep op 'n baie komplekse verskynsel te verkry. Dit mag dus gebeur dat 'n bepaalde ontwikkeling binne die sending in meer as een tydperk aan die orde gestel sal word.

### **(3) VERSKILLENDE SENDINGONTWIKKELINGE WORD EKUMENIES, EN NIE KONFESSIONEEL NIE, BEOORDEEL, IN DIE LIG VAN DIE EKOLOGIESE KRISIS**

Soos voorheen vermeld wil ek nie deur hierdie studie die oorsaak van die ekologiese krisis volledig op die rekening van die sending plaas nie. Williams (1993:54) wys daarop dat die ekologiese krisis nie per se voor die deur van die Christendom gelê kan word nie, maar liever voor die deur van die moderne wêreld soos wat dit onder meer in industrialisasie en verstedeliking manifesteer. Die skuld van die Christendom moet egter volgens hom gesoek word in die mate waarin die Christendom aan die daarstelling van die moderne wêreld meegewerk het. In hierdie studie wil ek juis enkele van hierdie insigte opvolg om daardeur die verband tussen die sending en die ekologiese krisis te toon. Hiermee gaan die bedoeling geensins wees om die hele sendingbedryf af te skryf nie. Ek sal slegs klem lê op kritiese sake met die oog op 'n meer wyse benadering in die hede en toekomst. Ek gee ook toe dat daar nooit iets soos 'n enkelvoudige sendingbenadering bestaan het nie. Sendingaktiwiteite en sendingontwikkelinge het nooit in isolasie of in 'n vakuum geskied nie. Elke sendingaktiwiteit was 'n kind van sy tyd, en gevolglik sou die wêreld waarbinne die sending ontplooi het en die sending self 'n wisselwerkende effek op mekaar hê (vgl McDonagh 1986:209-210).

Ek sal sendingontwikkelinge van mekaar onderskei slegs ter wille daarvan om 'n greep op die baie komplekse en beslissende invloed wat die sending op die ekologie sou hê, te verkry. Hoewel ek bepaalde ontwikkelinge onderskei, kan hulle nooit volledig van mekaar geskei word nie. Ek sal slegs na daardie sendingontwikkelinge wat direk in verband gebring kan word met verskynsels van onreg, geweld en natuureksploitasie verwys omdat hulle op hulle beurt 'n beduidende invloed op die ekologie het. Ek sal in hierdie studie die ekologiesekrisis-verskynsels nie apart beskrywe nie maar met die geskiedenis integreer, sodat die verband tussen die sending en die ekologiese krisis duideliker kan blyk. Hoewel die ekologiesekrisis-verskynsels baie kortliks onder verskillende sendingtemas bespreek sal word, is daar 'n bepaalde interafhanklikheid tussen hierdie verskynsels. Ekologie impliseer immers interafhanklikheid. Daar word dus toegegee dat 'n bepaalde aspek van die ekologiese krisis wat byvoorbeeld onder sending en kolonisasie bespreek word ook ter sprake by 'n ander sendingontwikkeling kan wees.



Aangesien sendingstrominge nie altyd konfessioneel herleibaar is nie, en as gevolg van die feit dat bepaalde sendingontwikkelinge binne verskillende kerklike groeperinge voorgekom het, sal die sendingontwikkelinge as ekumeniese verskynsels bespreek word. Hofmeyr wys byvoorbeeld daarop dat die neiging om die geskiedenis slegs in konfessionele bane te plaas, veral in Groot Brittanje, tot die verlede behoort (1995:7):

*"Intussen het daar ook minder van 'n eng denominasionele beklemtoning ontwikkel. Dit is eerder in die rigting van interdenominasionele, transdenominasionele of ekumeniese studies wat die belangstelling beweeg."*

Ek gaan dus van die veronderstelling uit dat die sending in sy geheel 'n bydraë tot die ekologiese krisis gelewer het.

In hierdie studie sal ek met breë strominge in die sending werk. Daar sal wel plek-plek na spesifieke tydperke in die geskiedenis verwys word, en na bepaalde konfessionele sendingondernemings, maar hoofsaaklik beoog ek om 'n geheelbeeld te gee. Die gevaar van veralgemening en spekulasie is wesenlik, maar in die lig van die feit dat hierdie 'n eerste navorsingstap is waarin ekologiese perspektiewe op die sending belang word, glo ek dat sulke eerste treë onmoontlik is sonder 'n geheelbeeld.





# HOOFSTUK 2: SENDING EN DIE EKOLOGIESE KRISIS

IN DIE VOORINDUSTRIËLE TYDPERK  
1492-1785

## 2.1 ALGEMENE INLEIDING VIR DIE VOORINDUSTRIËLE SENDING- TYDPERK

Die voorindustriële tydperk is die tydperk tussen die Middeleeue en die industriële rewolusie. Hoewel Hulley (1987:22) sy indeling vir dié tydperk vanaf 1500 tot 1785 maak wil ek 1492, die jaar van die Europese "ontdekking" van Amerika, as begindatum neem aangesien dit as die groot begin van kolonisasie gesien kan word.

Tydens die voorindustriële tydperk het die groei van landgoedere en dorpe baie stadig plaasgevind. Binne Europa was die grondbesitters die feodale landhere, die prinse en die kerk. Die res van die bevolking sou 'n oorwegend selfversorgende ekonomie hê waarin elkeen na sy eie behoeftes kon omsien (Hulley 1987:22). Dorpe en stede was dus selfgenoegsaam en het op spontane wyse in eie behoeftes voorsien. In hierdie tydperk sou die ekologiese verhoudings as betreklik harmonies getipeer kon word.

Dit was egter nie net die industriële rewolusie as samelewingsverskynsel wat ekologiese disharmonie in die daaropvolgende eeue tot gevolg sou hê nie. Ten einde, by wyse van spreke, die industriële wiele te laat draai, was dit noodsaaklik dat 'n bepaalde tydsgeselskap die teelaarde vir sodanige ontwikkeling moes wees. Hoewel 'n mens na vele sake in die verband kan verwys, sal daar in hierdie studie slegs kortliks gekyk word na twee ontwikkelinge waarby die sending direk en indirek betrokke was, naamlik: die kloosterlewe en kolonisasie.

Bosch (1991:233) beweer dat hoewel die kloosterlewe nie intensioneel missionêr van aard was nie dit tog 'n sterk missionêre dimensie sou hê. Dit was juis vanuit die kloosterlewe dat sendingaktiwiteite sou groei. In 'n bespreking van die kloosterlewe sal ek die klem lê op daardie ontwikkelinge wat reeds die weg tot 'n verkeerde verstaan van omgewingsbestuur sou baan. Hierdie ontwikkelinge sou in die daaropvolgende eeue 'n baie duidelike stempel op die samelewing in sy geheel laat.



Sending het hand aan hand met die proses van vroeë kolonisasie verloop. Op sy beurt weer was kolonisasie 'n noodsaaklike voorvereiste vir latere suksesvolle industriële ontwikkeling, aangesien dit as motiverende dryfkrag daarvoor sou dien. In die bespreking wat volg, sal daar slegs in breë trekke op hierdie strominge gelet word. Wat betref die koloniale invloed op die ekologie sal daar in afdeling B meer breedvoerig hierop gekonsentreer word wanneer daar op Suid-Afrika as 'n mikrokosmos gefokus word.

## **2.2 DIE MIDDELEEUSE KLOOSTER AS 'N TEELAARDE VIR 'N KULTUUR VAN PLUNDERING?**

Die moderne, industriële sienswyse van die mens teenoor die natuur het homself nie net eensklaps gedurende die industriële rewolusie kom aanmeld nie, maar het eerder teen die agtergrond van bepaalde voorafgaande ontwikkelinge ontstaan. Wilkinson (1981:116) stel dit soos volg:

*"modern views of nature took shape against old views, and so they are incurably affected by them".*

Die Griekse denke het byvoorbeeld 'n invloed op die Middeleeuse leefwyse gehad en die Middeleeuse denke weer op die nuwêre leefwyse van die vroeë industriële era.

Gedurende die Middeleeue het die vermenging tussen die Platoniese en Stoïsinse denke en die Christendom plaasgevind. Hieruit sou die beskouing ontwikkel dat God alles wat goed is met die mensdom wil deel. Daarom is alles moontlik gedoen as binne Sy raad. Hierdie beskouing veronderstel nie net dat daar in alles 'n orde aanwesig is nie, maar dat daar ook inderdaad 'n hiërargie bestaan. Die Middeleeuse wêreldbeeld sou ontwikkel tot 'n sienswyse waarin die wêreld as 'n organisme met oneindige potensiaal beskou is (Wilkinson 1981:117). Dit sou dus foutief wees om vanuit die moderne era die Middeleeuse tydperk slegs te sien as 'n stadige, pynvolle tydperk wat net vir "die lig" van die Verligting gewag het. In 'n sekere sin was die Middeleeue 'n tydperk waarin geweldige potensiele kragte stadigaan ontwaak het. Reeds gedurende hierdie tyd het groot tegnologiese ontwikkelinge plaasgevind, al was dit maar nog in 'n baie primitiewe fase vergeleke met die industriële era.

Reeds gedurende hierdie tydperk het grootskaalse ontbossing in Europa plaasgevind. Vrugbare velde, moerasse en riviermondings is gedreineer en vir die mens bewoonbaar gemaak. Orals is riviere vir watermeulens gebruik. Teen die jaar 1120 was daar reeds meer as 5 000 watermeulens in Engeland alleen (Wilkinson 1981:119). Die menslike potensiaal en mag om te kon bou en om die natuur te kon omvorm en vernietig was reeds aanwesig. Die tipiese Middeleeuse samelewingshiërargie, waarin die mens 'n baie spesifieke posisie teenoor die natuur gehad het, was reeds goed in





plek en is treffend deur die Middeleeuse kerkvader, Gregorius van Nyssa, beskryf (in Wilkinson 1981:119):

*"Man is a master of nature which helps him on his way to God, nature itself being raised up and exalted in the process. God made an earth full of riches, including the gold, silver, stones valued by man; he allowed men to appear on earth to witness these wonder works and to assume his role as master of them. Mastery over the lower beings was necessary to satisfy his needs: mastery over the horse because of the slowness and difficulty of human bodily movements; over the sheep because of our nakedness; over the oxen because humans are not grass eaters; over the dog because his jawbone is a living knife for men. His mastery of Iron gives him the protection that horns and claws afford the animals."*

Die bron waaruit hierdie invloed sou vloeï was die kloosterlewe. Om dit te begryp, is dit noodsaaklik om iets van die Middeleeuse samelewing te verstaan. Binne die Middeleeuse samelewing was daar 'n duidelike skeiding tussen arbeiders en geleerdes. Geleerdes was diegene wat toegang tot die wetenskap gehad het, terwyl die arbeiders die leke was wat nie kon lees nie. As gevolg hiervan was daar 'n baie duidelike skeiding tussen tegnologie en wetenskap. Dit sou daartoe lei dat wetenskaplike kennis nie toegepas is op die mens se bestuur van die natuur nie. Die groot tegnologiese uitvindings van die Middeleeue soos die perdekar, die kruisboog, die windmeul asook die toepassing van vroeëre uitvindings soos die waterwiel en die seil is nie deur wetenskaplikes gemaak nie, maar deur die werkers self wat op 'n probeer-en-tref-basis tegnologiese vooruitgang bewerkstellig het. Hoewel die tipiese samelewing van die Middeleeue dus die skeiding tussen tegnologie en wetenskap gehandhaaf het, was die kloosters die uitsondering op die reël. Dit was juis binne die kloosters - waar die monnik wat ook arbeiders was, toegang tot boeke en gevolglik kennis gehad het - waar die skeiding tussen tegnologie en wetenskap oorbrug is (McDonagh 1990:171).

Gedurende die Middeleeue was die kloosters die sentrum van kultuur en opvoeding en daarom kon daar verwag word dat die kloosters 'n duidelike invloed op die samelewing sou hê. Universitêre opvoeding sou juis sy ontstaan in die kloosters hê. Die grondlegging van verhewe Europese kultuurwaardes is daarom na die kloosterlewe herleibaar. Hoewel die kloosterlewe vir 'n baie lang tyd deur die Christendom as baie negatief beoordeel is, kan daar nie ontkom word aan die feit dat die kloosters gedurende die tyd van hulle bestaan hoë aansien in die gemeenskap geniet het nie (Bosch 1991:231). 'n Mens sou daarom verwag dat die kloosterlewe en kloosterkultuur diep spore op die Europese godsdienstige en kultuurlewe sou laat (:232).



In hierdie studie sal dit onmoontlik wees om die invloed van die kloosterlewe op die samelewing in sy geheel te ondersoek. Vir die doel van hierdie studie sal ek slegs kortliks fokus op die Benediktynse kloosterlewe. Dit is juis vanuit hierdie kloostergroep dat daar in die daaropvolgende eeue 'n baie duidelike invloed op die samelewing merkbaar sou word.

### **DIE BENEDIKTYNSE KLOOSTERLEWE**

Een van die belangrikste kenmerke van die Benediktynse kloosters was dat die monnike baie hard gewerk het. Deel van die daaglikse skedule van die kloosters was dat monnike handearbeid moes verrig. Daarom was hulle verantwoordelik vir die ploeg, spit en dreinering van groot moerasse. Die monnike sou verder groot bosareas "onkruid" ontruim. Hulle was goed opgelei in timmerwerk en was verantwoordelik vir die aanlê van paaie en brûe (ibid). Volgens Newman (1970:398) het die kloostermynike die kultuuroopdrag van Genesis 1:28 baie letterlik opgeneem:

*"They found a swamp, a moor, a thicket, a rock, and they made an Eden in the wilderness."*

In aansluiting hierby wys ook Jean Le Clerq, 'n geskiedskrywer van kloosters, dat monnike die doel van arbeid in die kloosters gesien het as 'n proses waarin 'n nuwe Jerusalem geskep moes word (in Wilkinson 1981:121):

*"The cloister is a "true paradise," and the surrounding countryside shares in its dignity. Nature "in the raw", unembellished by work or art, inspires the learned man with a sort of horror: the abysses and peaks which we like to gaze at, are to him an occasion of fear. A wild spot, not hallowed by prayer and asceticism and which is not the scene of any spiritual life is, as it were, in the state of original sin. But once it has become fertile and purposeful, it takes on the utmost significance."*

McDonagh (1990:171) beskryf die tradisie wat hieruit ontstaan het as: "the taming of the Earth". Volgens die kloosterlinge was dit die voortsetting van die Bybel se tuintradisie. Die ligging van sommige kloosters is dan ook doelbewus so beplan dat dit die moontlikheid sou bied om hierdie tradisie te beoefen en uit te leef (Wilkinson 1981:121).

Die handearbeid in die kloosters wat gepaard sou gaan met 'n gedissiplineerde lewenstyl, sou ook na buite die kloosterlewe uitkring. Die gety van barbarisme sou langamerhand draai en vervang word deur 'n bewerking van die land wat in die voorafgaande tydperk onbewoonbaar was. As gevolg hiervan skryf baie sekulêre historici die ontwikkeling in die Europese landbou toe aan die voorbeeld wat die kloosterlinge aan die gemeenskap voorgehou het (:399). Hoewel 'n mens sou kon sê dat die kloosters 'n positiewe rol gespeel het in die bewerking van die natuur, moet



'n mens ook onthou dat die kloosterlinge deur hulle oordrewe wettiese klem op arbeid, en die gevolglike ontstaan van 'n edele arbeidsetiek, die fondasies vir 'n oorproduktiewe lewenstyl begin lê het. Hierdie lewenstyl sou aan die beginjare van die industriële rewolusie en tydens die koloniale tydperk as edel en eg Christelik voorgelê word (McDonagh 1986:129-131; vgl Kritzinger 1991:8-9).

Stapert en Van der Poll (1989:113) is dit eens dat ook die sterk arbeidsetiek van Calvyn gedurende die Hervorming, waarby arbeid as 'n Goddelike roeping gesien is, sy wortels in die vroeë kloosterlewe het. Dit sou verkeerd wees om die kloosterlinge die blaam te gee vir die ekologiese krisis, maar dit is tog so dat oorwaardering van arbeid en 'n wettiese klem op arbeid met slegte gevolge uit die Middeleeue na die Hervorming sou oorspoel. Dit was juis die navolgers van die Puriteine in Engeland wat gedurende die industriële era sterk sou staan op Calvyn se siening dat arbeid 'n Goddelike roeping is en daarom is daar geglo dat die aarde ten alle koste getem moes word. Veral in die evangeliese kringe sou hierdie sienswyse nog sterker deurwerk deurdat 'n oordrewe arbeidsetiek die dryfveer van kapitalisme en die hefboom van vooruitgang sou word (:113).

Die ontsporing van die gebalanseerde siening van arbeid binne die Middeleeuse kloosters, waarheen die vroeë wortels van die huidige ekologiese krisis herleibaar is, sou volgens Wilkinson (1981:120-121) soos volg ontwikkel. Binne die kloosters het die geloofsoortuiging ontwikkel dat daar deur handarbeid 'n bepaalde geestelike aktiwiteit aanwesig was en daarom was daar vir die monnike 'n bepaalde vorm van gebed in arbeid. Die monnike het in die gebruik van hul hande om die arbeid te verrig 'n deelname van die mens aan God se omvorming van die natuur ervaar. Ons het reeds vroeër gesê dat die kloosters die plek was waar daar 'n eenheid tussen wetenskap en tegnologie sou ontwikkel. In die Benediktynse kloosters het monnike uit hul kennis van die wetenskap 'n hele aantal eenvoudige masjiene ontwikkel wat aangewend is om die natuur mee te tem en te bewerk. Daar waar die monnike se handarbeid aangehelp kon word deur die gebruik van masjiene, soos byvoorbeeld in wateraangedrewe-meulens, kon die geestelike aktiwiteite soveel meer aandag kry (ibid):

*"Such large-scale physical work, coupled with the use and development of machines by men of the church, gave a kind of blessing to such machines, and began the breakdown of the barrier between mind and hand which had impeded medieval use of nature."*

Stephen Toulmin beskryf die langtermyngevolge van hierdie ontwikkeling soos volg (in Jung 1993:34):

*"The seventeenth-century transition - from the animated, active cosmos of the medieval natural philosophers to the inert, deanimated, material world of the new*





*mathematical philosophy - was only one of a series of dichotomies, which ended not just by dividing mind from matter, [divinity from bodily creatures], rational thought from causal process, but by separating the realm of 'values' from that of 'facts' and setting Humanity over against Nature."*

Die Benediktynse kloosterlinge het dus die proses van tegnologiese vooruitgang aangewakker in hul omgang met die natuur deur die gebruik van windmeulens, watermeulens en die gebruik van beter en sterker metale. Die skeiding tussen hand en verstand, of anders gestel tussen tegnologie en wetenskap, sou eens en vir altyd opgehef word (Wilkinson 1981:122). Dit was juis die kloosterlinge wat die omliggende gemeenskappe begin leer het dat daar 'n bepaalde "geestelike" handeling inherent aan arbeid is. Tydens die industriële rewolusie, toe tegnologie en wetenskap dus volledig bymekaar begin uitkom het, was daar reeds 'n beskouing aangaande die natuur vasgelê waarin die mens geglo het dat daar 'n Goddelike roeping en verantwoordelikheid in die tem van die natuur gelê het.

### **2.3 SENDING AS MEDEWERKER AAN DIE PROSES VAN KOLONIALISASIE/KOLONISASIE**

Bloch-Hoell (1982:17) beskryf kolonialisasie as volg:

*"Colonialism is global, known in all parts of the world. Colonialism is commercial for profit, it is the expansion of one people at the expense of another, including the utilization (exploitation) of another country's resources. It is the exercise of power (pressure) resulting in oppression and dependence."*

Alleen uit hierdie definisie en ons vroeëre omskrywing van die terme ekologie en ekologiese krisis is dit duidelik dat daar 'n bepaalde verband tussen die proses van kolonialisasie en die ekologiese krisis bestaan. Tussen sending en kolonialisasie aan die een kant en die ekologiese krisis aan die ander kant is daar ook 'n verband. Breuilly en Rajotte (1992:5-6) stel hierdie verband soos volg:

*"The 'bride of Christ', the 'body of Christ on earth', the Church has been involved in hundreds of years of injustice - has allowed colonialism, slavery, the subjection of women and the conquest and ruin of nature."*

Hulle gaan dan voort deur in die lig hiervan die volgende vraag te stel:

*"What then are the faults and mistakes which the Church needs to acknowledge and repent of if it is to offer any worthwhile treatment for the earth's sickness which it has helped to bring about?"*



In hierdie onderafdeling gaan ons juis kyk na die kerk se foute wat bely moet word alvorens die kerk 'n positiewe rol in die heropbou van die ekologie kan vervul. Om die sending se aandeel aan die proses van kolonialisasie te kan verstaan is dit eers noodsaaklik om kortliks te kyk na wat kolonialisasie behels.

#### **DIE BEGIN VAN KOLONIALISASIE**

Die Middeleeuse tydperk kan oorewegend beskou word as 'n tyd waarin Europa 'n selfonderhoudende eiland was wat van die res van die wêreld afgesny was (Bosch 1991:226). Die eeu van ontdekking sou egter 'n nuwe fase vir die geskiedenis van die ganse wêreld inhou, aangesien Vasco Da Gama met sy ontdekking van 'n seeroete na Indië, en Columbus met sy "ontdekking" van die Amerikas, Europa met die res van die wêreld sou verbind. Hierdie ontdekkings sou die weg baan tot wat as die vroeë tydperk van kolonialisasie bekend staan.

Aangesien die ontstaan van kolonialisme sy wortels in 'n tyd sou hê waarin die kerk sy stempel op die gehele samelewing afgedruk het, kon daar verwag word dat die proses van kolonialisasie 'n sterk kerklike stempel sou dra (Breuilly & Rajotte 1992:14-15):

*"Over the last 500 years, since Columbus opened up contact between Europeans and the rest of the world, European culture, European economic methods, and European Christianity have expanded together."*

Die ontdekking van nuwe wêrelddele sou vir die Christendom as 'n groot skok kom omdat dit die Christendom met die realiteit sou konfronteer dat daar na vyftien eeue sedert die totstandkoming van die Christelike kerk steeds mense was wat nog nie die evangelie gehoor het nie. As gevolg van die kerk se diep gewortelde posisie in die Europese samelewing, en as gevolg van die dringendheid van hierdie situasie, sou sending voortaan as noodsaaklike deel van die proses van kolonialisasie beskou word. Bosch (1991:227-228) wys daarop dat die uitbreiding van kerklike aktiwiteite, wat moontlik sou word as gevolg van die ontdekking van nuwe wêrelddele, so hand aan hand sou verloop met die proses van kolonialisasie dat die begrip "uitbreiding van kerklike aktiwiteite" mettertyd met die term "sending" vervang sou word. Die term sending sou dus sy etimologiese oorsprong aan die proses van kolonialisasie te danke (of te wyte!) hê.

Davenport (1992:42) voer vier redes aan wat vir kolonialisasie verantwoordelik sou wees, naamlik: (1) nuwe ekonomiese behoeftes; (2) interne politieke konflik; (3) 'n nuwe godsdiensige dinamiek wat as gevolg van 'n intellektuele rewolusie ontstaan het; en (4) die strewe na kultuuruitbreiding.



Morgan (1989:65) voer egter die volgende ses redes aan: (1) die strewe na militêre magsuitbreiding; (2) die strewe na internasionale handel; (3) nasionale trots; (4) sekuriteit vir handel en investering; (5) die ideaal en strewe om belasting te verhoog en te bevorder; en (6) soos wat hy dit noem 'n "civilizing mission". Interessant genoeg wys Morgan daarop dat die laaste motief 'n baie diep verskuilde agenda gehad het: Europa het van meet af aan besef dat die inboorlinge in gekoloniseerde gebiede nooit ten volle tot die Westerse beskawing moes ontwikkel nie aangesien dit die inboorlinge sou verhoog tot gelyke handelsvennote. Om dié rede vat Saayman (1991:25) die oorkoepelende doel van kolonisasie as volg saam:

*"Colonialism was meant mainly to increase the wealth of the capitalistic 'mother countries'. This would be achieved especially by gaining access to the unexploited natural resources in the colonies. These resources could only be 'profitably' developed by making use of the vast pool of cheap labour available in the colonised areas."*

#### SENDING EN KOLONISASIE

Greinacher (1992:123) toon dat die idee van verowering nie eers tydens die koloniale tydperk op die kerklike toneel verskyn het nie. Een van die kerklike doelstellings gedurende die Middeleeue was juis geleë in soos wat dit in die Rooms-Katolieke kringe bekend gestaan het as: **compelle intrare** (vry vertaal: "dwing hulle om in te kom"). Hierdie gedagte was afkomstig van die gelykenis van die groot maaltyd in Lukas 14:15-24 waar die eienaar by sy slawe in vers 23 daarop aandring om die armes, die verminktes, kreupeles en blindes by die maaltyd in te dwing. Augustinus het byvoorbeeld hierdie gelykenis gesien as 'n legitimering van mag waardeur ander by die Christendom ingedwing kon word. By navraag oor die praktiese betekenis van hierdie gelykenis was Augustinus se antwoord aan 'n medepriester dat die wyse van dwang onbelangrik is; wat van belang is, is dat dwang wel toegepas behoort te word (Greinacher 1992:123). Ongelukkig sou hierdie interpretasie van Augustinus vir eeue daarna in die kerk as die legitimering van die wreedaardige optredes van die Inkwisisie en van die koloniale veroweraars dien.

Selfs eeue later was hierdie invloed in die Christendom nog merkbaar. So byvoorbeeld sou een van Europa se groot ekumenici, JH Oldham in 1973 by die Bangkokbyeenkoms van sending en evangelisasie van die Wêreldraad van Kerke die rede vir 'n sterk veroweringsdrang by die Christendom as volg beskryf (in Boonstra & David 1992:583):

*"Christianity is not primarily a philosophy but a crusade. As Christ was sent by the Father, so He sends His disciples to set up in the world the Kingdom of God. His coming was a declaration of war - a war to the death against the powers of darkness. He was manifested to destroy the works of the devil. Hence when Christians find in the world*



*a state of things that is not in accord with the truth which they have learned from Christ, their concern is not that it should be explained but that it should be ended."*

Ons sal later sien dat die koms van God se koninkryk ongelukkig verwar sou word met die koms van 'n Europese beskawing.

Vir baie van die vroeë koloniseerders was juis die feit dat die nuutontdekte wêrelddele bewoonbaar was 'n groot verrassing. Hier het hulle te make gehad met mense van 'n ander ras, kultuur en taalgroep. Kommunikasie was dus uiters moeilik, en dit was vir Europeërs moeilik om aan die inboorlinge te verduidelik wat die rede vir hul "besoek" was. Die geskiedenisboeke is vol van hierdie ontmoetings en van vele bloedige oorloë wat sou volg as gevolg van die feit dat die inboorlinge die Europeërs as onwelkom in hulle gebied beskou het. Dit was egter die sendelinge wat ingespan sou word om die probleme wat daar tydens kolonisasie ervaar was te oorbrug, aangesien hulle in staat was om in 'n kort tyd die inboorlinge se taal- en kultuurgewoontes te verstaan (Bosch 1991:304). Dit is in die lig van hierdie gebeure dat 'n Duitse kanselier, Von Caprivi, later sou opmerk dat die Bybel en die geweer hand aan hand moes beweeg (ibid):

Vervolgens sal daar kortliks stilgestaan word by die drie weë waarvolgens die sending kolonisasie bevorder het, naamlik: polities, ekonomies en kultureel (vgl Greinacher 1992:122; Dorr 1991:16). Hoewel ek hierdie drie weë van mekaar gaan onderskei, is 'n volledige skeiding daarvan uiteraard onmoontlik.

### **2.3.1 SENDING AS KULTURELE AGENT VIR KOLONISASIE**

*"Many of the environmental problems of the world arise from the culture that has spread from Europe and North America over the last 500 years, affecting almost the whole world. And this culture is based on Western versions of Christianity, and has in turn affected the way that Western Christians think."*

Elizabeth Breuilly en Freda Rajotte (1992:6)

Toe Christopher Columbus in Oktober 1492 die eiland van Hispaniola "ontdek" het was hy so verstom oor die vrygewigheid en vriendelikheid van die inboorlinge dat hy op 11 Oktober die volgende inskrywing in sy dagboek gemaak het (volgens Boonstra & David 1992:596):

*"Everyone would take and give, with good will, what they had, but they seemed to me to be very poor people."*

Die rede waarom Columbus hierdie mense as arm gesien het, was omdat hy hulle kultuur en leefwyse aan die standaard van Europa gemeet het. Columbus en dié wat na hom sou kom het geensins begryp dat die vrygewigheid van die inboorlinge deel van 'n lewenswyse was waarin daar in harmonie met die natuur gelewe is nie.



Ongelukkig sou ook die kerk wat kort daarna in die voetspore van Columbus gevolg het deur dieselfde Eurosentriese kultuurbril na die inboorlinge begin kyk. Ponting (1991:397) beskryf die ambivalensie wat inherent aan die proses van kolonisasie was as volg:

*"The expansion of Europe can be viewed as the gradual establishment and expansion of empires and the bringing of 'civilisation' to less fortunate peoples. From an ecological perspective, it seems more like a wave of destruction spreading across the world" (Ponting 1991:397).*

#### **DIE INBOORLINGKULTUUR IN 'N VOORKOLONIALE ERA**

Dit is reeds alombekend dat veral die beskawings van die Arabiere, die Indiane en die Sjinese op 'n hoogs ontwikkelde vlak was voordat die Europese beskawing dit binnegedring het. Harrison (1993:33) wys byvoorbeeld daarop dat baie van hulle stede sentrums van groot geleerdheid was. Ver al op die gebied van wiskunde, astronomie en medisyne het reeds baie ontwikkeling plaasgevind. Die enigste rede waarom Europese nasies hulleself as "ver vooruit" beskou het, was omdat hulle meer ontwikkel was in terme van die materieel sigbare. Hierdie vroeë primitiewe tegnologiese voorsprong het 'n geweldige sterk kulturele meerderwaardigheid onder Europeërs laat posvat. Die rede waarom daar egter minder van 'n tegnologiese vooruitgang in die nie-Europese lande te bespeur was, het te doen gehad met die feit dat die inboorlinge geen noodsaaklikheid daarin gesien het om op daardie tydstip verder te ontwikkel nie. So byvoorbeeld was daar geen tekort aan grond nie, en die produksie was van so 'n aard dat dit genoegsaam was om in al die behoeftes van die inboorlinge te voorsien (Harrison 1993:34). By die inboorlinge was daar 'n voorkoloniale landetiek wat gebaseer was op 'n nievernietigende gebruik van natuurbronne en op 'n lewensbeskouing dat die individu integraal deel van die omgewing was (vgl Khan 1990:14). Volgens die Afrikakonsep het die grond aan al die inwoners van 'n betrokke geografiese gebied behoort. Die individuele besit van grond was vir die inboorlinge 'n vreemdheid, aangesien die gebruik van grond beskou is as 'n gawe wat die gode vir die gemeenskap moontlik maak. As gevolg hiervan behoort elke mens min of meer dieselfde mate van toegang tot die land te hê (Harrison 1993:73).

Ongelukkig sou die Europese Christendom hierdie fundamenteel belangrike siening van grond geheel en al nie erken nie. Die Europese aankoms in geannekseerde kolonies sou die Afrikakonsep van grondbesit verdring met 'n sienswyse van private eienaarskap wat uit die Romeinse reg oorgeneem is (Harrison 1993:74).

Eers baie later, in 1983 tydens die Sesde Algemene Vergadering van die Wêreldraad van Kerke in Vancouver het die vergadering die kerk se skuld hieraan bely (Boonstra & David 1992:587). Tydens die Wêreld Sendingkonferensie van die Wêreldraad van

Kerke in San Antonio in 1989 is die noodsaaklikheid van die toegang tot grond deur die inboorlinge onderstreep (in Boonstra & David 1992:586):

*"For indigenous tribal peoples, the land of their birth, their ancestors, their history and their heritage is part of their personal and community identity, part of themselves. It is their existence, their life. They neither 'possess' nor live on the land, but consider themselves an inseparable part of the land, enjoying the God-created beauty, the essential goodness of their unique part of the universe... To be deprived by violence or oppression of a people's ancestral land is to be deprived of identity, freedom, self-determination and the fullness of life."*

#### **DIE SENDING AS WESTERSE KULTUURDRAER**

Hoewel dit nie moontlik is om die proses van kulturele, ekonomiese en politieke kolonisasie van mekaar te skei nie, is dit wel so dat die proses van kulturele kolonisasie stukrag aan politieke en ekonomiese kolonisasie sou verleen. Die Europese Westeringe het juis as gevolg van hul verheuenheid in kultuur die noodsaaklikheid gesien om hulle politieke en ekonomiese belange uif te brei na geannekseerde kolonies. In hierdie proses sou die sendelinge 'n groot rol speel.

Ook die sendelinge het hulle eie gesien as die enigste "ware kultuur", en as gevolg hiervan sou hulle uit die staanspoor geen waardering hê vir die kulture van die mense met wie hulle in aanraking kom nie. Die eenheid van lewe en leer, die interafhanklikheid tussen die individu, die gemeenskap, kultuur en arbeid, asook die diepte van volkswysheid was meestal by voorbaat van die tafel gevee (Breuilly & Rajotte 1992:16):

*"The fact that they (verwysende na die inboorlinge) had often lived in a state of balance with the land for many hundreds of years was ignored. Their lands were occupied and divided up, and large areas were devoted to export crops. In some places, taxes were imposed by the colonial authorities with the sole purpose of forcing indigenous people to work for cash rather than their traditional subsistence farming."*

Hutchison (1987:15, 29, 65) wys byvoorbeeld daarop dat Samuel Worcester die taak van die Amerikaanse Sendingraad onder die Indiane van Noord-Amerika aan die einde van die agtiende eeu as volg sou sien: Sendelinge moes eers die Engelse taal, dan die Westerse waardes en eers dan die Christelike godsdiens aan die Indiane leer. Dit was nie slegs die Amerikaanse Sendingraad wat die sendingopdrag so vertolk het nie. Volgens Spindler was ook die Duitse sendinggeskiedskrywer, Julius Richter oortuig dat dit as een van die groot take van Protestantse sendelinge gesien moes word om op te tree as kultuurdraers van 'n Europese en nutgevonde Amerikaanse kultuur (Bosch 1991:292).





Ook Redekop en Stahl (1993:273-274) wys daarop dat sendelinge in Paraguay in die agtiende eeu die proses van evangelisasie aan die inboorlinge gesien het as 'n proses wat hand aan hand moes loop met die verandering van hul kultuur tot 'n Westerse kultuur. Vir die sendelinge was een van die sterk punte van 'n Westerse kultuur geleë in die feit dat die Westerse kultuur 'n bevolking verstaan as individue wat onafhanklik van mekaar was. Daarom sou hulle dit as deel van hul evangeliese roeping sien om die inboorlinge tot so 'n verandering in kultuurwaardes te help dat elke individu sy eie selfstandigheid kon bereik. In hierdie proses sou die sendelinge saam met koloniale moondhede daaraan meewerk dat 'n primitiewe bestaansindustrie verdring sou word, en dat die inboorlinge stelselmatig ingedwing sou word in 'n sisteem waarin koloniale goedere op 'n individuele basis gekoop moes word (vgl Harrison 1993:45). Dit het so gebeur: Nuwe terreine is geïdentifiseer waarheen die inboorlinge verskuif moes word. Op hierdie grondgebied moes hulle stelselmatig aan 'n nuwe leefwyse blootgestel word. Hierdie blootstelling het deur die oprigting van Westerse onderwysinrigtings geskied. Die inboorlinge is deurentyd daarvan bewus gemaak dat hierdie proses in hul eie belang was aangesien dit tot 'n Westerse tegnologiese beskawing sou lei. Hierdie beskawing sou egter die eeue oue nomadiese kommunale kultuur volkome verdring en sou ingrypende implikasies vir die inboorlinge se sienswyse van die grond hê. Die tradisionele lewenspatrone en landboutegnieke sou vervang word deur die Westerse siening dat die aarde bloot 'n wildernis is wat getem moes word (Redekop & Stahl 1993:273-274). Hierdie nuwe lewenswyse het die inboorlinge van hulle sin en doel vir hul lewens beroof. Die langtermyn- sosiale en ekologiese gevolge hiervan beskryf Dorr (1991:17) soos volg:

*"Very many of these 'lost' people became social misfits - victims of alcoholism or petty criminals. Meanwhile the world suffers an irreplaceable loss: hundreds of traditional cultures and languages, the riches of a vast variety of ways of life, are gone forever."*

In latere jare, veral in die vroeë industriële en die volwasse industriële era, sou hierdie proses deurwerk in die oprigting van hospitale. Die blootstelling aan Westerse medisyne het die inboorlinge se lewensverwagting ingrypend verhoog. In hierdie goed bedoelde proses sou die simbiose tussen die bevolkingsaanwas en die draagkapasiteit van die land versteur word, en sou die saad vir die latere bevolkingsontploffing gesaai word wat negatiewe ekologiese gevolge op die lang termyn sou inhou (Redekop & Stahl 1993:273; 277).

Ook wat die daarstelling van 'n Westerse opvoedingstyl aanbetref sou daar vir die inboorlinge min voordele wees. Westerse opvoeding sou daartoe aanleiding gee dat die inwoners onbepaald ondergeskik sou bly. Opvoeding moes dien om die inboorlinge op te lei om 'n konstruktiewe rol ten opsigte van die koloniale moondheid te vervul (Harrison 1993:46). Harrison (ibid) sien die opkoms van Dardewêrelddiktators



in die twintigste eeu juis as 'n produk van 'n Westerse opvoedingstyl van die vroeë koloniale era. Die leiers is nooit geleer om toereikende Derde-wêreldontwikkelingsmodelle te inisieer nie. Alle latere ontwikkelingsmodelle in die Derde Wêreld sou deur 'n Westerse wêreldbeeld gevorm word. Binne die volwasse industriële era sou Derdewêreldontwikkeling attyd in die vorm van Westerse ontwikkeling gegiet word. Dit sou voorkeur geniet bo landbou-ontwikkeling. Dit was daarom nie vreemd om in die twintigste eeu moderne Westerse geboue in Afrika te sien verrys, sonder dat daar voldoende aandag aan die behuisingsnood van die inwoners van die land geskenk is nie. 'n Westerse opvoedingstyl sou die langtermyngevolg hê dat Afrikaleiers van Afrika 'n replika van die Weste wou maak (Harrison 1993:53). Juis dit sou weer op sy beurt tot die probleme rondom armoede in die Derde Wêreld bydra.

Die blootstelling aan die Westerse ontwikkeling sou ook nooit tot individuele onafhanklikheid lei nie, maar eerder die weg tot die latere tegnologiese afhanklikheid baan (Harrison 1993:46). Die vroeë primitiewe ontwikkeling in die gekoloniseerde kolonies sou tot onmiddellike kontant en hoë profyte lei, wat feitlik sonder uitsondering na die sakke van die koloniseerders sou gaan. Van voordele vir die inboorlinge was daar weinig indien enigsins sprake. Trouens, Bréuilly en Rajotte (1992:16) beweer:

*"It transformed land into resources and people into labour. Everything was given a cash value, and the whole earth became a planet for the taking. Islands, seas, forests, and prairies were stripped and ravaged. Sandalwood, whales, seals, sea-elephants and buffalo were plundered. Indigenous people were evicted from their lands or eliminated by genocide. Any person or thing that could not be exploited or sold was regarded as valueless. A holocaust of destruction was unleashed."*

Harrison (1993:45) som ook die situasie goed op:

*"They undermined the self-sufficiency of the Third World and transformed it into a source of raw materials for western industry. Sometimes they forced locals to grow the desired crops - as French did with cotton in the Sahel or the Dutch with sugar in Indonesia. Sometimes they bought land or just seized it to set up plantations, drafting in cheap labour to work them. In this way the colonial powers created the world economic order that still prevails today, of industrial centre and primary producing periphery, prosperous metro-polis and poverty-stricken satellites."*

In die lig van bogenoemde is dit nie vreemd dat heelwat historici min goeie woorde vir die sending van hierdie tydperk sou hê nie. Baie sou juis die sendelinge sien as die saaiers van groot ellende vir die inboorlinge (Boonstra & David 1992:583):

*"History has already provided ample evidence that the Christian church has been and remains culpable of complicity and participation in the massive genocide of indigenous peoples in different parts of the world."*



Ook vanuit kerklike geleedere sou groot bitterheid groei. Pablo Mamani, een van die eerste Indiaanse Metodistebiskoppe in die Peruviaanse Metodiste Kerk, som die rol van die kerk binne die vroeë koloniale era as volg op (in Boonstra & David 1992:587):

*"The Spanish tried hard to destroy Inca culture and religion. The Church was not interested in anything but our gold and our land. For nearly 300 years, the Catholic Church did nothing to help indigenous people. What's worse, they worked hand-in-hand with the conquerors who killed millions of people."*

### 2.3.2 SENDING AS POLITIEKE AGENT VIR KOLONIASIE

Gedurende die vroeë koloniale era was dit geensins vreemd dat 'n koloniale moondheid dikwels sendelinge vooruitgestuur het om 'n klimaat van koloniale aanvaarding te skep alvorens 'n land geannekseer was nie. Na afloop van anneksasie is die rol van die sendelinge nie as afgehandel beskou nie. Die sendelinge sou voortgaan om, soos ons reeds gesien het, toe te sien dat die inboorlinge stelselmatig onderwerp word aan koloniale gesag.

In die geval van die Britse sendelinge sou die sendelinge selfs so ver gaan as om hulleself aan te bied vir gebruik as politieke agente. So byvoorbeeld sou die Britse sendeling, John Phillip van The London Missionary Society aan die Kaap in 1819, gedurende Suid-Afrika se voorindustriële era, sendelinge as koloniale politieke agente verklaar<sup>14</sup> (aangehaal in Bosch 1991:305):

*"While our missionaries... are everywhere scattering the seeds of civilization, social order, happiness, they are, by the most unexceptionable means, extending British interests, British influence, and the British empire. Wherever the missionary places his standard among a savage tribe, their prejudice against the colonial government give way."*

---

<sup>14</sup> Hoewel ek in afdelings A en B die verdeling van 'n voorindustriële, vroeë industriële en volwasse industriële era volgens afgebakende datums hanteer, gee ek toe dat dit moeilik is om in die beskrywing van die proses van kolonialisasie volkome by die datums te hou wat aangedui word in die opskaal van die hoofstuk. Die Middeleeuse kloosterlewe val wel volkome binne die datums wat ek aangedui het omdat dit 'n Europese verskynsel in voorindustriële Europa was. Kolonialisasie daarenteen het in die meeste gevalle tydens Europa se vroeë industriële era plaasgevind, maar in die gekoloniseerde gebiede was dit nog binne 'n voorindustriële era. Die argument sou dan geopper kan word dat ek kolonialisasie as temasies moet behandel en nie poog om dit binne 'n historiese tydvak van die voorindustriële era te plaas nie. Die rede waarom ek dit wel doen is omdat industrialisasie eintlik die basiese lyn is, die dragol, waarop die ander sake inspeel. Dit is met ander woorde felkens drie basiese sake bymekaar (sending, industrialisasie en die omgewing), plus kolonialisasie as vierde tema, omdat dit die teelaarde vir latere industriële vooruitgang sou wees. Namate die leser verder met afdeling A vorder sal dit duideliker word. In die lig van die geheelbeeld van afdelings A en B sal die steuring van kolonialisasie as bespreking onder die voorindustriële era dan minder steurend voorkom.



Juis as gevolg hiervan sou hy die rol van sendingsstasies dan as volg verwoord (aangehaal in Bosch 1991:305):

*"Missionary stations are the most efficient agents which can be employed to promote the internal strength of our colonies, and the cheapest and best military posts that a wise government can employ to defend its frontier against the predatory incursions of savage tribes."*

Phillip was nie 'n uitsondering nie. Ook die katolieke sendeling, Schmidlin, sou in 'n terugblik op die eeue oue politieke huwelik tussen sending en kolonialisasie homself in 1913 soos volg verwoord (aangehaal in Bosch 1991:306):

*"It is the mission that subdues our colonies spiritually and assimilates them inwardly... The state may indeed incorporate the protectorates outwardly; it is however the mission which must assist in securing the deeper aim of colonial policy, the inner colonization. The state can enforce physical obedience with the aid of punishment and laws; but it is the mission which secures the inward servility and devotion of the natives. We may therefore turn Dr Solf's... recent statement that 'to colonize is to missionize' into 'to missionize is to colonize'."*

Die rede waarom die sendelinge in hierdie proses geen etiese besware gehad het nie, kan toegeskryf word aan die feit dat die sendelinge se godsdiens aan die een kant en hul politiek en kultuur aan die ander kant so nou ineengestremel was dat 'n onderskeid vir hulle onmoontlik was (Bosch 1991:275; vgl Berry 1991:114). Die kerk het die politieke oorheersing van Europa oor die heidennasies juis as deel van sy Godgegewe roeping in die wêreld beskou. Daarom sou Pous Alexander VI hierdie verowering in sy pouslike bul, Intercaetera van 1493, regverdig (Greinacher 1992:122; vgl McDonagh 1986:210). Om hierdie rede, beweer Bosch (1991:275), was dit vir lande soos Portugal en Spanje aanvaarbaar dat hulle die reg gehad het om oor heidennasies in lande soos Latyns-Amerika te heers. Vir lande soos Portugal en Spanje was sending en kolonisasie nie net 'n proses wat hand aan hand moes gaan nie - in werklikheid was dit een en dieselfde saak.

Die langtermyngevolge van hierdie pouslike bul verwoord Leonardo Boff egter soos volg (in Greinacher 1992:122):

*"The invasion meant the beginning of the greatest genocide in human history. The extermination affected 90% of the population. When Hernan Cortés invaded Mexico in 1519, there were 22 million Aztecs. Around 1600 there were only a few left."*

In die lig van hierdie feite behoort niemand dit vandag vreemd te vind dat bevrydingsteoloë vanuit die Derde Wêreld die hele proses van kolonialisasie as verdoemend beskryf nie. Dussel (1991:444) sien die hele proses van kolonisasie as 'n politieke handeling wat deur ekonomiese motiewe gedryf is:



*"Europe had defined the indigenous as legitimate objects of plunder, as a means of getting rich - tender lambs exposed to lions 'who had not eaten for many days'."*

Agter politieke kolonisasie was 'n onderliggende ekonomiese motief. Vervolgens sal ons kortliks hierby stilstaan.

### **2.3.3 SENDING AS EKONOMIESE AGENT VIR KOLONISASIE**

#### **SENDING EN DIE BEVORDERING VAN WESTERSE HANDELSBELANGE**

Koloniale uitbreiding het nie orals in die wêreld op presies dieselfde wyse plaasgevind nie. Binne die Portugese en Spaanse kolonies was koloniale uitbreiding die gevolg van ontdekkingsreise wat op regeringsinisiatief gevolg het. As gevolg van die noue kontak tussen die kerk en staat sou die proses van kolonisasie noodwendig volg omdat die kerk dit van meet af aan as belangrik geag het om homself in 'n nuwe kolonie te vestig.

In die geval van die Britse, Hollandse en Deense koloniale uitbreiding was kolonisasie egter meestal die gevolg van individuele handelsinisiatiewe. Baie van die handelaars het in die sendelinge 'n bedreiging gesien en was daarom minder optimisties oor hul moontlike bydrae as wat die betrokke regerings van bepaalde koloniale moondhede was. Om hierdie rede is die sendelinge heel dikwels in die beginstadiums van die koloniale uitbreiding nie toegelaat om saam met die handelsreisigers na nuwe kolonies te reis waar verversingsposte ingestel moes word nie (Bosch 1991:303). Die weg wat deur die handelaars geopen is, is altyd fyn dopgehou deur die Hollandse, Britse en Deense regerings, en gewoonlik sou hulle kort op die hakke van die handelaars volg. Dit was dan hier waar die koloniale moondhede die waarde van die sendelinge beseef het. Hulle het geweet dat die sendelinge diegene was wat baie makliker kontak met die inboorlinge kon bewerkstellig, omdat die sendelinge in staat was om saam met hulle te leef, hul taal te bemeester en hul gebruike te verstaan. Hierdie kennis van die sendelinge het vir die koloniale moondhede groot waarde ingehou. Dit was juis die sendelinge wat gebruik kon word om die inboorlinge te oortuig om hulleself aan die koloniale moondheid te onderwerp. Bosch (1991:303-304) verwoord hierdie situasie soos volg:

*"What better agents of its cultural, political and economic influence could a Western government hope to have than the missionaries?"*

Die feit dat die sendelinge as ekonomiese agente vir bepaalde moondhede sou optree, het beteken dat die sendelinge die hoofagente sou word om die inboorlinge uit die steentydperk te "bevry", want die kontak met mense vanuit 'n Westerse wêreld sou hul primitiewe handel verdring. So sou die sendelinge daartoe meewerk dat die



inboorlinge van 'n Westerse wyse van handel drywe afhanklik sou raak. Harrison (1993:41) wys daarop dat die langtermyngevolge hiervan die latere daarstelling van 'n globale wêrelddeksonomie sou wees, wat uit die staanspoor die afhanklikheid van die kolonies sou beteken.

Die blaam wat die kerk moet dra, is dat dit ten spyte van die goeie bedoelinge van menige sendelinge aan hierdie proses sou meewerk. Dit sou in sy vroeë stadium onskuldig vertoon, maar op die lang termyn ekologiesekrisis-gevolge inhou. Selfs waar die sendelinge diep onder die besef van die ongeregtheid van die proses gekom het, is die situasie stilswyend aanvaar (Bosch 1991:306). Dit was veral aan die suidpunt van Afrika dat sendelinge daaraan skuldig was dat hulle hulself as agente van Westerse handelsbelange laat misbruik het.

### **SENDING EN GRONDROOF**

Die hele koloniale beleid het een groot onderliggende motief gehad - die verowering van grondgebied. In wese sou hierdie verowering op niks minder nie as grondroof neerkom. Vir die Europeërs het die waarde van grond geleë in die rykdomme wat daaruit afkomstig was soos goud, silwer en die verbouing van landbouprodukte. Grond sou ook geweldige waarde vir die teling van vee inhou (vgl Anderson & Dawsey 1993:12). Vir die Europeërs, wat uit 'n agtergrond gekom het waarin private eienaarskap as beginsel van die Romeinse reg gegeld het, was die feit dat inboorlinge op onbewerkte grond gewoon het iets wat te goed was om waar te wees (vgl Harrison 1993:74). Daarom sou Westeringe op enige denkbare wyse met stamhoofde onderhandel om grond te bekom. Die verkoop van grond was egter geheel en al buite die verwysingsraamwerk van die stamhoofde. Boonstra en David (1982:585) stel dit as volg:

*"The very idea of 'selling land'... signified not only a practice contrary to the laws of nature, a form of treason to the spiritual power upon which life itself depended, but also the loss of the physical base of social survival."*

Die inboorlinge het grond as iets gesien wat niemand kon besit nie, en daarom het elke persoon gelyke reg van toegang daartoe gehad (Harrison 1993:73). Omdat grond integraal deel was van hul kultuur was 'n kapitalistiese en individualistiese verstaan van grondbesit uiters vreemd (Boonstra & David 1992:585). 'n Amerikaanse inboorling stel dit as volg (aangehaal in McKay 1994:215):

*"Reference to the earth in our culture is not individualistic so as to indicate ownership. Our words indicate sharing and belonging to the earth. The coming of Europeans to the land which we used in North America meant a conflict of understanding which centres on the ownership of land. The initial misunderstanding is not surprising, since*





*the first immigrants thought of themselves as coming to take 'possession' of a 'vacant, pagan land'. The incredible fact is that this perception continues after five centuries. Equally surprising has been the historical role of the Christian church in this process of colonization, which basically was a dividing up of the earth so it could be a possession."*

Waar 'n mens vandag nie anders kan as om toe te gee dat hierdie bewering korrek is nie, wonder 'n mens waarom die sendelinge nie die proses van grondafname as 'n proses van grondroof en diefstal gesien het nie. Blanke (1966:105) bied hierop die volgende antwoord: Sendelinge het die proses van grondafname Bybels regverdig op grond van tekste soos 1 Samuel 15:3 wat as Goddelike opdrag vir die inbesitname van heidense lande beskou is. Dit was nie net Katolieke sendelinge wat hulle hieraan sou skuldig maak nie. Ook die latere Protestantse sendelinge was oortuig dat die verowering van heidense grond die noodsaaklike voorvereiste sou wees waarvolgens die inboorlinge aan die Christelike godsdiens onderwerp sou word. Daarom was dit nie vreemd dat sendelinge in Suid-Amerika in hul kontak met inboorlinge die koloniseerders se beeld probeer bevorder het om legitimiteit aan die proses van grondafname te gee nie (Anderson & Dawsey 1992:12).

Die proses van grondafname sou in verskillende dele van die wêreld verskillende vorme aanneem. In Latyns-Amerika het dit gepaardgegaan met 'n proses waarin 'n kommunale sisteem vervang is met 'n sisteem van grondbesit met groot landgoedere en landlose arbeiders, terwyl dit in Afrika gepaardgegaan het met 'n proses waarin die tradisionele opset ten opsigte van land vervang is deur privaat eienaarskap (Harrison 1993:45).

Die vraag wat natuurlik altyd by 'n mens opkom is waarom stamhoofde dan so maklik grondgebied afgeteken het. Harrison (1993:74) verklaar dit deur daarop te wys dat baie stamhoofde as gevolg van blote nuuskierigheid en aangetrokkenheid tot Westerse gebruiksartikels hier en daar groot gebiede afgeteken het. Hulle was egter salig onbewus van die langtermyngevolge daarvan.

As gevolg van die feit dat die koloniale owerhede die grondbesitters gedurende die voorindustriële era sou word, is die fundamente vir 'n bepaalde ekonomiese stelselbeheer gelê. Die daaropvolgende ontwikkelinge in die vroeë en volwasse industriële era sou noodwendig tot allerlei ekologiesekrisis-vraagstukke lei (vgl Anderson & Dawsey 1992:12). Daarby staan ons in die volgende twee hoofstukke stil.

In 1991, reeds 'n jaar voor die 500-jarige vieringe van Columbus se ontdekking van die Amerikas, het bevrydingsteoloë uit die Derde Wêreld dit duidelik gestel dat die jaar 1992 nie vir hulle 'n jaar van feesvieringe soos vir Westerlinge sou beteken nie. Volgens Dussel (1991:441) is bevrydingsfeoloë se probleem met die Weste die feit dat die Weste



1492 herdenk as 'n ontdekking eerder as 'n verowering. Hy wys daarop dat hoewel daar in die Westerse wêreld groot vreugde en feeste in 1992 oor die jaar 1492 was, die 12de Oktober, die dag van Columbus se ontmoeting met die inboorlinge, vir duisende Indiane 'n dag van groot droefheid en boetedoening was (:443).

Die evaluering van die ontdekking van die Amerikas deur 'n betrokke inboorling, 'n bekeerde tot die Christendom, is besonder donker. Tydens 'n konsultasie van die National Centre for Indigenous Missions (CENAMI) in 1989 (drie jaar voor die 500-jarige herdenking van Columbus se ontdekking van die Amerikas) onder die tema "500 Years of Evangelization in Mexico" het hierdie bekeerling die sending soos volg geëvalueer (Dussel 1991:448):

*"We have been deceived into believing that the discovery was a good thing. We are glad on the Day of the Race that we have come to understand what its consequences were. Our communities should be given some book or pamphlet describing what really happened, so that we all would know how we have been enslaved... we don't want a fiesta on October 12 because we are mourning for the dead. It has been said that Pope John Paul has requested this navená as a celebration; our answer to that is that he can listen to what we have to say. The pope is chosen to serve the church, and we are the church... The conquest is still going on today; in our view the conquest continues to be a dreadful thing... we don't want to join in a fiesta, because the missionaries came with the Spaniards to conquer. They did not come as brothers, as the Gospel counsels, but to enslave us."*



# HOOFSTUK 3: SENDING EN DIE EKOLOGIESE KRISIS

GEDURENDE DIE VROEË INDUSTRIËLE  
ERA 1785-1870

## 3.1 ALGEMENE INLEIDING VIR DIE VROEË INDUSTRIËLE SENDING- TYDPERK

Die industriële era word gedefinieer as die tydperk vanaf 1785-1870. Gedurende hierdie tydperk het ongekende snelle groei in die industriële lewe in Europa plaasgevind.

Die industriële rewolusie sou kort op die hakke van die Verligting (Aufklärung) volg. Gedurende die tydperk wat die Verligting voorafgegaan het, vind 'n mens 'n vaste samelewingshiërargie: God - kerk - koning en staat - mense - plante, diere en objekte. Gedurende die Verligting sou God, asook die kerk en die koning, minder belangrik word. Die ontdekking van die mens se outonomie sou daartoe lei dat die mens sy verhouding met God begin losmaak het van sy verhouding tot die kerk en die staat. Met die verdwyning van die bonatuurlike orde sou die submenslike bestaan, dié van plante, diere en objekte 'n veel belangriker betekenis verkry (Bosch 1991:263; Clarke 1991:122). Die nuwe klem op individuele vryheid sou na alle sfere van die menslike bestaan deurwerk (Ferré 1993:2; vgl Stapert & Van der Poll 1989:87). Omdat die mens grotendeels sy vrees vir die koning en die kerk verloor het sou hy voortaan self soek na kennis en na mag. Hierdie kennis en die bekom van nuwe mag sou na die mens se siening van die natuur deurwerk. Voortaan sou die mens se aandag vanaf die hemel na die aarde verskuif, vanaf die Goddelike na die menslike en vanaf die beskouwlike na die handelende (Van der Poll 1989:87). Die mens se lewensbekragting sou nou skuif na sy verhouding tot plante, diere en objekte wat deel van die submenslike bestaansvlak uitmaak.





Die tyd wat die industriële era voorafgegaan het, was 'n tyd waarin denkers soos sir Francis Bacon (1561-1626), Galileo Galilei (1564-1642) en René Descartes<sup>15</sup> (1596-1650) die tafel vir die Verligting voorberei het. Latere denkers soos Baruch Spinoza (1632-1677), Gottfried Leibnitz (1646-1716) en Isaac Newton (1642-1717) sou 'n nuwe wêreldbeeld skep waardeur die Verligting finaal in vaste industriële bane gestuur kon word (Bosch 1991:263). Bacon word vandag nog onthou vir sy bekende uitsprake: "kennis is mag" en "die wêreld is vir die mens gemaak en nie die mens vir die wêreld nie". Dit sou dien as inspirasie vir nuwe ontdekkings waardeur die natuur omvorm en verower kon word (Du Plessis 1995:327; Ponting 1991:148).

Dit was veral na die dood van Newton (1717) wat onder die invloed van Bacon en Descartes ongekende ontdekkings gemaak het; dat 'n reeks nuwe uitvindings in die katoenrywerheid aan die begin van die agtiende eeu die industriële rewolusie in kiemvorm sou inlei (Hulley 1987:24). Gedurende die begin van die industriële rewolusie is nuwe tegnologiese uitvindings gemaak. Dit sou lei tot die ontwikkeling van 'n reeks masjiene wat veral die spin- en weefnywerheid sou laat groei. Die toenemende gebruik van stoom het die alreeds snelle industriële groei net nog vinniger laat plaasvind (Hulley 1987:27; vgl Stapert & Van der Poll 1989:90). Op sy beurt sou dit tot 'n verbetering in die gehalte van paaië lei aangesien dorpe nou noodsaaklikerwys met mekaar verbind moes word vir vervoerdoeleindes. Aangesien nie die paaië of kanale kon voorsien in hierdie behoefte nie het die stoomtrein die antwoord gebied op die behoefte aan binnelandse vervoer, terwyl die stoomskip spoedig die seilskip op die oseane sou vervang.

Die proses van industrialisasie wat in Engeland begin het, sou spoedig uitkring na die res van die wêreld (Hulley 1987:25). Teen die twintigste eeu sou selfs lande soos Indië en Japan sulke industriële groei ervaar, met die uitkringende effek daarvan sō ingrypend dat die proses van industrialisasie tereg as een van die grootste rewolusionêre gebeurtenisse in die geskiedenis beskryf kan word.

#### **DIE EFFEK VAN INDUSTRIALISASIE**

Die proses van industrialisasie het gepaardgegaan met ingrypende samelewingsveranderinge. Een van die eerste uitstaande veranderinge was die invoer van die fabriekstelsel (Hulley 1987:26). Die fabriekstelsel het gelei tot verstedeliking want fabriekse sou voortaan die rol as primêre eenheid van produksie

---

<sup>15</sup> Hier dink 'n mens veral aan Descartes se skeiding tussen subjek (mens) en objek (natuur) wat aanleiding gee tot die sentraalstelling van die "ek" wat die res van die wêreld konstrueer. Die bekende *cogito ergo sum* het verreikende gevolge vir die vestiging van die mens se kennisheerskappy oor die wêreld, omdat die mens juis in sy heerskappy oor die natuur sy vryheid demonstreer (Du Plessis 1995:327). Descartes se reduksionistiese benadering tot die wetenskap sou later verreikende gevolge hê, aangesien dit tot 'n nuwer Europese denkwysie sou lei wat deur 'n gefragmenteerde wêreldbeskouing gekenmerk is (Ponting 1991:147).



by die huisgesin oorneem. Die behoefte om na die stede te verhuis het gevolg omdat mense daar 'n ekonomiese heenkome moes gaan soek (Kritzinger 1994:5). Industrialisasie en die gepaardgaande verstedeliking sou 'n baie traumatiese effek op die mens en sy verhouding tot die omgewing hê (Hulley 1987:26). Aan die begin van die industriële era het die oprigting van fabriekke sonder enige deeglike stedelike beplanning gepaardgegaan. Dikwels is fabriekke langs die riviere gebou. Voortaan sou die lug gevul wees met die dik roet van steenkoolaangedrewe stoommasjiene. Fabrieksaafval is in die riviere, wat die stad van water moes voorsien, gepomp. Selfs in ons tyd is hierdie 'n wesenlike probleem (Hulley 1987:29-30).

Verstedeliking sou daartoe lei dat die ouer sosiale ordes verdwyn. Binne 'n nuwe industriële leefwyse is nuwe waardes ontwikkel wat tot die totstandkoming van 'n industriële kultuur sou lei. Hierdie nuwe kultuur sou ook as 'n Christelike kultuur getipeer word. Die kerk het dit daarom as 'n roeping gesien om ook hierdie kultuur na die nieontwikkelde lande van die wêreld uit te brei. Ongetukkig sou hierdie proses 'n baie negatiewe effek op die verhouding tussen die mens en sy omgewing hê, asook tussen mense binne sosiale verbande. In die nie-Westerse lande soos Afrika, waar die ou familiebande bepalend was, sou die industriële verhoudings groot ontwrigting veroorsaak (Hulley 1987:26).

Die invloed van industrialisasie op die geskiedenis sou nie soos in die voorafgaande tydperk slegs 'n geweldige kulturele en wêreldbeskoulike verandering tot gevolg hê nie. Dit sou 'n ingrypende uitwerking op die struktuur van die hele planeet hê (vgl Berry & Clarke 1991:5-6). Daarom het die Sewende Algemene Vergadering van die Wêreldraad van Kerke in 1991 te Canberra, Australië die volgende verklaring gemaak (in WCC 1992:22):

*"It is shocking and frightening for us that the human species on this earth, which came on the scene somewhere around 80 000 years ago, in the 4,5 billion year-long history of this earth, has been able to threaten the very foundations of life on our planet in only about two hundred years of industrialisation."*

Hoewel 'n mens sou kon stilstaan by verskeie uitstaande kenmerke van die vroeë industriële tydperk, wil ek net op twee kenmerke van dié tyd fokus, naamlik: die subjek/objek-wêreldbeeld en die koestering van 'n geloof in vooruitgang. Hierdie twee kenmerke sou bepalend word in die verhouding van die mens tot sy omgewing. Ek sal kyk na die mate waarin die kerk hierdie wêreldbeeld help uitbou het, asook na die invloed van hierdie wêreldbeeld op die kerk. Hoewel ek reeds vroeër vermeld het dat die kerk se invloed op die samelewing gedurende die vroeë industriële era aan die afneem was, is dit tog so dat die kerk in sy goedkeuring van die proses van industrialisasie medeverantwoordelikheid dra aan die gevolge wat industrialisasie op die verhouding van die mens tot sy omgewing sou hê.



### 3.2 DIE WÊRELDBESKOUIING VAN DIE MENS AS SUBJEK TEENOOR DIE NATUUR AS OBJEK

#### DIE OPKOMS VAN INDUSTRIËLE DENKE

'n Verkeerde sienswyse waarin die mens die natuur kon misbruik was reeds in die Griekse leefwêreld aanwesig (Wilkinson 1981:105-114). Hoewel hierdie sienswyse nêrens in die Nuwe Testament sy spore sou laat nie, was dit nogtans inherent aan die kultuurwêreld van die vroeë kerk en daarom sou die Platonistiese, Aristoteliaanse en Stoïsynse beskouing van die natuur, asook die latere Middeleeuse natuurbeskouing, die ideale teelaarde skep vir latere industriële denke wat tot volkskaalse eksplorasie sou lei.

Stapert en Van der Poll (1989:111) wys daarop dat die Christendom veral sedert die Hervorming met sy sterk klem op genade, geloof, die Skrif en Christus - bygedra het tot 'n sterk nadruk op persoonlike geloofsbeleving, die sending en op 'n lewe deur die Gees. Op sy beurt weer sou dit daartoe lei dat daar 'n sterk skeiding sou ontwikkel tussen natuur en genade, tussen aarde en hemel en tussen die materiële en die geestelike. Hierdie sterk skeiding sou tot 'n onderwaardering van die natuur lei. Voortaan sou die mens homself as die belangrikste en die middelpunt van die heelal sien. Toe die wetenskaplike wêreldbeeld van die industriële era die mens as heerser oor die skepping begin sien het, was die teologie gou by om hieraan teologiese legitimiteit te verleen. So byvoorbeeld sou die kerk gou leer dat die mens as die kroon van God se skepping die taak het om die aarde te onderwerp, dit te koloniseer en dit onder besit van die Europese Weste te plaas (Breuilly & Rajotte 1992:7). Dit sou lei tot 'n ontworteling van 'n lewensbeskouing waarin alles in die kosmos in 'n bepaalde verband tot mekaar gesien is. Voortaan sou die natuur 'n aparte objek word. Die natuur sou gesien word as 'n masjien, wat die model van alle masjiene sou wees (Oosthuizen 1991:3). Waar die mens voor die Verligting in 'n passiewe stryd met die natuur gewikkel was, sou sy stryd voortaan 'n meer aktiewe vorm aanneem. Hierdie stryd sou sulke afmetinge aanneem dat die mens enigiets sou doen om sy eie beheersing en ontgunning van die natuur uit te leef. Die vraag na die oorsprong van die werklikheid sou uit die oog verloor word. Waar die mens in die voorindustriële era ontsag sou hê vir die misterie van die natuur en die menslike wêreld, sou hy nou juis daarin 'n beperking van sy vryheid sien (Leatt 1983:61). Die misterie van die oorsprong van die aarde, die misterie van bevrugting, geboorte en dood sou hul krag verloor en sou voortaan bloot net as gegewenhede aanvaar word. Al wat vir die mens in die wetenskap belangrik was, sou die kennis van bepaalde natuurwette wees. Die mens as outonome wese se taak sou slegs wees om hierdie wette te bestudeer en bepaalde toepassings te maak waarvolgens hy voortaan sy eie lewe industrieel kon inrig en beheer (McDonagh 1986:72-73; vgl Jung 1993:32). In plaas daarvan dat die mens nou





nuut en vry sou wees, bevry van sy vrese vir die natuur en sy ontdekking van ongekende horisonne, het die teendeel egter waar geword. Nuwe ontdekkings sou van die mens 'n slaaf maak. Die vraag na altyd groter produksie sou die mens 'n slaaf van die masjien en tegnologie maak, en van die natuur 'n onuitputlike bron van energie en lewe (Bosch 1991:355).

Alexis de Tocqueville het dit treffend beskryf in sy waarneming van die industriële stad, Manchester, gedurende die vroeë industriële era (in Leatt 1983:61):

*"From this foul drain the greatest stream of human industry flows out to fertilize the whole world. From this filthy sewer pure gold flows. Here humanity attains its most complete development and its most brutish, here civilization works its miracles and civilized man is turned almost into a savage."*

Bosch (1991:355) wys daarop dat die gevolge van hierdie wêreldbeskouing van die mens as subjek teenoor die natuur as objek eers in die laat twintigste eeu sigbaar sou word, toe die mens toenemend van die ekologiese krisis begin bewus raak het. Die ekologiese krisis is juis die direkte gevolg van die mens (as subjek) se eksploitasie van die natuur (as objek). Santmyre (1994:31) verduidelik dit as volg:

*"By isolating the knowing subject from the object-world, scientism repudiates the ecological vision according to which all entities in the cosmos are somehow interrelated and interdependent."*

Die Justice, Peace and the Integrity of Creation-ekologieprogram van die Wêreldraad van Kerke (JPIC) is juis 'n pleidooi vir 'n beskouing waarin die natuur nie 'n blote objek is nie. Daarom staan dit in die teken van

*"celebrating the mystery, wonder, and majesty of the gift of creation" (WCC 1990:49).*

#### **TRADISIONELE KULTURE SE BESKOUIING VAN DIE NATUUR**

Intensiewe etnografiese navorsing het reeds aan die einde van die agtiende eeu aan die lig gebring dat die inboorlinge van Noord-Amerika 'n simbiotiese omgang met hulle omgewing gehandhaaf het. David Thompson, 'n etnograaf van dié tyd, het in sy kennismaking met die Salish-Indiaanse stam in sy dagboek vermeld hoe beïndruk hy met die Indiane was. Hulle het geglo dat 'n mens nie die riviere mag gebruik om in te was of vir sanitêre doeleindes nie, aangesien dit kan lei tot die besoedeling van die water wat juis 'n simbool van lewe is (Grim 1993:98-99). Ook in ander dele van die wêreld het navorsing dieselfde bevindinge aan die lig gebring. Die tradisionalistes het 'n simbiotiese leefwyse met die omgewing. Die beskouing van die mens teenoor die omgewing word treffend deur 'n aboriginie van Australië verwoord (in McKay 1994:214):



*"We call the earth our mother and the animals are our brothers and sisters. Those parts of creation which biologists describe as animals are our brothers and sisters. Those parts of creation which biologists describe as inanimate we call our relatives."*

Ook die welbekende woorde van Chief Seattle aan president Franklin Pierce in 1854 beskrywe die kontras wat daar bestaan tussen die Westerse manipulasie van die natuur as objek en dié van die inboorlinge met 'n simbiotiese leefwyse van harmonie en versoening met die natuur (aangehaal in McDonagh 1986:150):

*"We know that the white man does not understand our ways. One portion of land is the same to him as the next, for he is a stranger who comes in the night and takes from the land whatever he needs. The earth is not his brother, but his enemy, and when he has conquered it, he moves on. He leaves his father's grave behind, and he does not care. His fathers' graves and his children's birthrights are forgotten. He treats his mother, the earth, and his brother the sky as things to be bought, plundered, sold like sheep or bright beads. His appetite will devour the earth and leave behind only a desert... This we know. All things are connected like the blood which unites one family. All things are connected. Whatever befalls the earth befalls the sons of the earth. Man did not weave the web of life; he is merely a strand in it."*

Juis as gevolg van hierdie sensitiewe houding wat die inboorlinge teenoor die natuur koester in kontras met die moderne Westering, verwys McDonagh in sy welbekende boek, **The Greening of the Church** (1990), na die tradisionele kulture as die "kanaries" van 'n volwasse industriële wêreld. McDonagh beweer dat die moderne Westering in sy vooruitgangswaan so afgestomp geraak het teenoor die natuur dat die mens sy aanvoeling vir die natuur feitlik geheel en al verloor het. Die tradisionele kulture daarteenoor, met hul sensitiwiteit teenoor die natuur, herinner aan die rol wat kanaries in die vroeë jare van mynbou vervul het deurdat hulle gebruik was om werkers teen reuklose toksiese stowwe in die myn te waarsku. As die "kanaries" binne 'n volwasse industriële era kan die tradisionele kulture Westeringe weer leer om eerbied en 'n fyn aanvoeling vir die natuur te koester (1990:3).

#### **DIE WESTERSE MENS AS DIE BESITTER VAN DIE NATUUR**

Die feit dat die Westerse mens homself voortaan as heerser en magsonderwerper oor die natuur sou sien, sou daartoe lei dat al sy respek en agting vir die interafhanklikheid van verhoudings binne die skepping verlore sou gaan. Dit sou tot grootskaalse eksploitasie en tot 'n groeiende drang na genot en profyt lei (Niles 1989:64-65; McDonagh 1986:67-68). Die natuur sou nie meer langer die heer van die mens wees nie maar omgekeerd: die mens sou nou die heer van die natuur word (Niles 1989:18-19; Jung 1993:30). Holisme, waarin die klem val op die geheel, sou moes plek maak vir 'n atomistiese lewenskonep waarin die geheel ontbreek. Die groot kerkvader Origenes



het in die derde eeu gepraat van die wêreld as een groot lewende organisme met een verenigende siel deur die krag en rede van God waardeur en waaruit alles bestaan. Hierdie siensywe is nou vervang deur 'n siening dat die wêreld deur en deur vir die gebruik van die mens daar is (Breuilly & Rajotte 1992:9). Teen die begin van die twintigste eeu is daar gesê dat Noord-Amerika beskou kon word as 'n tipe laboratorium waarbinne die verhouding tussen die mens en die natuur ten volle ontsluit kon word - 'n gedagte wat reeds eie aan die denke van Francis Bacon was (1561-1626).

Die opkoms van 'n kapitalistiese ekonomiese stelsel wat op die proses van industrialisasie sou volg, het by Westerlinge 'n geheel nuwe benadering teenoor grond tot gevolg gehad. Hiervolgens sou grond nie net 'n objek van die wetenskap wees nie maar ook gereken word as 'n ekonomiese kommoditeit wat geobjektiveer kon word vir die uitsluitlike doel van winsbejag (WCC 1992:24). Die langtermyngevolge hiervan was katastrofaal:

■ In hierdie eeu alleen is die helfte van al die tropiese reënwoorde in die Derde Wêreld uitgewis (WCC 1990:14).

■ Daar word bereken dat daar jaarliks 'n verdere 20 miljoen hektaar van die oorblywende reënwoorde, uitgewis word (WCC 1990:14; WCC 1990b:39). Volgens die huidige tempo van uitwissing kan alle reënwoorde teen die einde van die derde dekade van die volgende eeu geheel en al uitgewis wees (WCC 1990:14). Die gevolge van hierdie snelle ontbossing lei tot droogtes en atmosferiese veranderinge as gevolg van die verhoging in koolstofdioxiedvlakke. Verder lei dit tot die uitwissing van talle spesies (WCC 1990:14). Daar word gereken dat vloede soos die Bangladeshvloede van 1988 die direkte gevolg van grootskaalse ontbossing is (WCC 1990:14). Ontbossing dra verder by tot die glashuiseffek op twee maniere: (1) Wanneer bome afgekap word en die hout verbrand word, word die groot hoeveelhede koolstof in die bome vrygelaat in die atmosfeer. (2) Die verlies aan bome lei daartoe dat die aarde se atmosfeer nie na behore gereinig kan word nie, aangesien die bome as die aarde se longe dien (WCC 1990b:39).

Ironies genoeg dui die wetenskap vandag daarop dat die mens volgens die skepping nie rede het om homself so verhewe bo die skepping te sien nie. Thomas Berry wys byvoorbeeld daarop dat die aarde ongeveer 10 000 miljoen jaar gelede tot stand gekom het en dat lewe eers 7 000 miljoen jaar later ontwikkel het. Plante is eers 600 miljoen jaar gelede geskape en daarna diere. Die eerste spore van die mens se teenwoordigheid dateer slegs twee miljoen jaar terug. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die biosfeer lank voor die mens se koms geskape is en daarom is die mens verwaand as hy reken dat die aarde slegs vir sy genot en gemak geskape is (Pui-lan 1994:109-110).





## DIE NUWE WÊRELD BESKOUING EN DIE CHRISTENDOM

Geleerdes is dit eens dat die Christendom nie 'n neutrale posisie gedurende die totstandkoming van hierdie nuwe wêreldbeskouing gehandhaaf het nie. Dit was juis die Judees-Christelike tradisie met sy dualistiese denke wat gehelp het in die uitbouing van die subjek/objek-beskouing. Daar is verskeie maniere waarop dit gebeur het:

- Oosthuizen (1991:12) wys daarop dat die opdrag om die natuur te eksploteer 'n ekonomiese ideologie sou word met die aanvang van die industriële rewolusie. Die geboorte van die moderne wetenskap en tegnologie asook die gees waarin dit ontvang en uitgedra is, is kenmerkend van die Christendom se antroposentriese godsdiensbeskouing. Ook Stapert en Van der Poll (1989:83) sien die Christendom as een van die mees antroposentriese van alle godsdienste.
- In aansluiting hierby wys Wilkinson (1981:136) daarop dat die godsdienstige beskouing van die setlaars van Amerika daartoe gelei het dat die natuur as 'n vyand beskou is. Daarom was die verowering van Amerika vir talle Christensetlaars 'n verowering wat in godsdienstige terme verstaan is. Die natuur is beskou as in 'n gevalle posisie, en daarom is die verowering van gebiede in religieuse terme verstaan. Die naam Massachusetts is byvoorbeeld juis gekies omdat die naam getuig van die godsdienstige gesdrif waarmee die Nuwe Wêreld getransformeer moes word tot 'n gemeenskap van oorvloed en waarin die aarde getem is om die mens te dien.
- Die idee van 'n beloofde land was sterk aanwesig in die Puriteinse denke, en het nie gedui op die land soos wat dit oop gelê en wag het nie, maar op die potensiaal van die land - dit waartoe dit ontsluit moes word. Die afkap van bome, die bou van stede en die ontwikkeling van plase was alles 'n manier om orde in die chaos te bring en sodoende God se koninkryk te laat kom (Wilkinson 1981:136). Hierdie sienswyse sou tot in ons tyd nog by baie Christene aanwesig wees, aangesien daar vandag nog deur baie Christene die Puriteinse gedagtegang gehuldig word dat 'n gebrek aan kontrole oor die natuur 'n verontagsaming is van die kultuuropdrag om oor die skepping te heers (:137).
- 'n Katolieke skrywer, Carl Amery, gebruik as subtitel van sy boek "Merciless consequences of Christianity". Hy toon aan dat die Christendom grootliks daartoe bygedra het dat die mens die natuur al meer as objek en homself en die natuur al minder in 'n verhouding binne die ekosisteem sou sien (Oosthuizen 1991:11). Die mens sou sy rol teenoor die natuur verstaan as heerser wat dikwels met arrogansie en 'n gebrek aan verantwoordelikheid deurspek was (Ecumenical Institute 1993:34).
- In sy boek, **Das globale Gleichgewicht**, toon JW Forrester dat die Christendom as 'n godsdiens 'n inherente groeifilosofie het wat tot ondergang lei. Dit alles spruit uit die Christendom se beskouing van die mens as subjek teenoor die aarde as objek (Oosthuizen 1991:11).



- In 'n artikel in **Time Magazine** wys Scanton (1989:259) daarop dat dit die Christelik-Judese tradisie is wat veral die weg sou open vir gelowiges om die natuur vir hulle eie gemak te omvorm. Op sy beurt sou dit tot 'n geloof in ontwikkeling deur tegnologie lei (Scanton 1989:259).
- Palmer (in Du Plessis 1995:340) beweer dat die eerste hoofstukke van Genesis vir baie Christene oor die eeue as 'n manifest vir die menslike plundering van die natuur gedien het. Dit is veral die Puriteinse Calviniste wat 'n geringskating van die fisiese natuur gehad het.
- Reeds in 1967 kritiseer ook Lynn White die Christendom in 'n artikel in **Science Magazine** onder die titel "The historical roots of our ecological crisis" as medeverantwoordelik aan die ekologiese krisis, as gevolg van die feit dat die Christendom 'n arrogante houding teenoor die natuur koester. White beweer dat in teenstelling met die natuurgodsdienste se vergoddeliking van die natuur, die Christendom geen heilige eerbied teenoor die aarde koester nie. Daarteenoor is die mens wel heilig omdat hy na die beeld van God gemaak is, en daarom staan hy sentraal in God se skepping (vgl Wilkinson 1981:103-104; Simkins 1994:4-7; Kritzinger 1991:7; Du Plessis 1995:338-339). Hierdie beskouing lei egter daartoe dat die natuur se "funksie" slegs op die bediening van die mens se behoeftes afgestem is.
- Oliver (1992:379) wys daarop dat die skerp onderskeid wat daar in die Protestantse tradisie tussen natuur en genade gemaak is, daartoe sou lei dat daar binne die Protestantse kerktradisie 'n verwaarloosing van die natuur sou plaasvind. Teoloë sou hulle besig hou met die genade terwyl die natuur voortaan aan wetenskaplikes en naturaliste oorgelaat sou word.
- Santmire (1994:29) beweer verder dat een van die redes waarom die Christendom die natuur nie ernstig opgeneem het nie, die veronderstelling is dat die wêreld nie belangrik is nie omdat dit nie Christene se ewige woning is nie (vgl 2 Kor 5:1-10).

Daar is dus ernstige verwyte voor die deur van die Christendom gelê. Verskeie teoloë het egter reeds tot die verdediging van die Christendom gekom:

- Brinkman<sup>16</sup> (1988:36-47) weerlê baie van hierdie en soortgelyke aantygings teen die Christendom in sy artikel, **The Christian faith as environmental pollution?** maar laat nietemin ruimte daarvoor dat sekere van hierdie aantygings wel gegrond is (vgl McDonagh 1990:200; Simkins 1994:6).

---

<sup>16</sup> Hy wys byvoorbeeld daarop dat die subjek/objek-denkskema ook binne nie-Christelike kulture voorkom (vgl Williams 1993:53-54; Russel 1994:89).



- Dubos (in Simkins 1994:6) wys daarop dat dit nie die Christendom per se is wat vir die ekologiese krisis verantwoordelik is nie. Hy wys daarop dat alle mense reeds sedert die vroegste tye die ekologiese ewwilibrium versteur het. Die feit dat dit in ons tyd sulke drastiese afmetinge aangeneem het, kan toegeskryf word daaraan dat daar vandag net soveel meer mense op die aarde is, en dat daar vandag nuwe sisteme en meganismes<sup>17</sup> bestaan wat hierdie destruksie verhaas.
- Russell (1994:88) meen dat die beskouing dat mense van ander gelowe, soos die Boeddhistiese en Hindoeïstiese meer in harmonie met die natuur leef, van alle waarheid ontbloot is. Die feit dat groot stede soos byvoorbeeld Shanghai, Tokio en Kalkutta, waar hierdie gelowe 'n sterk houvas het, ook in groot ekologiese nood verkeer, indien nie groter nie, bevestig sy aanname. Dit mag dalk wel die geval wees dat Boeddhistiese en Hindoeïstiese geestelike leiers telkens wys op die harmoniese lewenswyse wat deur hierdie godsdienste bepleit word, en dat hierdie godsdienste se geskryfte dit onderstreep, maar wat in die praktyk in hierdie lande gebeur, is iets anders. Die Christendom is dus nie die enigste oortreder nie.
- Ian Barbour skrywe ter verdediging van die Christendom in die **Encyclopedia of Bioethics** dat die negatiewe heersersidee en -praktyk nie tipierend van die Bybelse opdrag van die mens is nie. Hy skryf (aangehaal in Du Plessis 1995:339):

**"Note that:**

- 1 Several nonbiblical sources of the dominion theme can be identified in the West;
- 2 The stewardship theme in the Bible itself sets limits on dominion, which were subsequently ignored;
- 3 Environmental destruction has been common in nonbiblical cultures of both east and west since antiquity; and
- 4 Institutions as well as ideas must be examined as determinants of environmental behavior, even if institutions are themselves partly the product of the ideas."

Die kritiek van diegene wat die Christendom die blaam vir die ekologiese krisis gee, moet nie as 'n aanval op Christus as sodanig gesien word nie. Die kritiek moet in perspektief gesien word. Wanneer 'n mens dit doen, kan die aandeel van die Christendom aan die ekologiese krisis as gevolg van die beskouing dat die aarde 'n objek is, soos volg gesien word: Die Christendom het wel skuld aan die ekologiese krisis, maar is nie die enigste nie. 'n Mens sou dan in aansluiting by Schuurman kon beweer dat daar eintlik nie gepraat moet word van die blaam wat die Christendom moet

---

<sup>17</sup> In die volgende hoofstuk sal ek wys dat die Christendom en by name die sending nie op grond van hierdie verdediging van Dubos die hande in onskuld kan was nie. Die Christendom is juis medeverantwoordelik vir die skep en totstandkoming van hierdie strukture.





dra nie, maar eerder van die blaam wat 'n gesekulariseerde Christendom moet dra (Du Plessis 1995:339). Ook Wilkinson (1981) onderskei tussen "Christianity" en "Christendom". Wanneer hy verwys na "Christianity" gaan dit vir hom oor die Bybelse leer aangaande die skepping en verlossing. Die term "Christendom" gebruik hy wanneer hy na die Christene in hulle daaglikse lewe en werk verwys, waar hulle hulself wel aan allerlei uitbuiting, besoedeling en verwaarloosing van die omgewing skuldig maak. (Wilkinson 1981:204).

Die sending was juis ook 'n produk van "Christendom" en daarom sou die wetenskaplike en industriële beeld van subjek teenoor objek noodwendig na die sendingveld deurwerk. Die gewaad waarin sending na Afrika en ander lande gekom het was dikwels deurdrenk van die subjek-objek-mentaliteit. So byvoorbeeld sou inboorlinge ook geobjektiveer en ontwikkel kon word tot replikas van Westerse ideale (Bosch 1991: 294). In hierdie verband wys Niles (1989:65) daarop dat die sterk meganistiese en antroposentriese mensbeskouing, wat 'n kenmerk van die vroeë industriële tydperk was, nie alleen in die mens se verhouding en hantering van die natuur sou sigbaar word nie, maar ook in sy optrede teenoor vroue en mense van 'n ander velkleur. In aansluiting hierby meld Pui-lan (1994:109) die volgende:

*"Feminist theologians have long pointed out that a dualistic, hierarchical understanding of God and the world is the root-problem of Western Christianity. A hierarchy of being puts God infinitely above human beings and human beings above nature; a dualistic worldview separates the mind from the body, the male from the female and humans from the non-human world:"*

Williams stem hiermee saam (1993:53):

*"American Christianity in particular is triumphalistic, leading to a high self-image, and to the presumed right over others and over nature."*

Hoewel die verdediging teen Lynn White se beskuldiging dat die Christendom die blaam vir die ekologiese krisis moet dra, geldig is, neem dit geensins die feit weg dat die Christendom wel 'n bydrae tot die ekologiese krisis gelewer het nie (vgl Wilkinson 1981:104; Kritzinger 1992:99). Dit is juis Christene in die Eerste Wêreld wat deur 'n adolessente gedrag daartoe bygedra het dat die aarde bemors, besoedel en verkrag is, ten spyte van die feit dat die Bybel die mens oproep om vir die aarde te sorg. (Kritzinger 1992:113). Toenemende druk op die natuur deur die industriële ontwikkelde lande het 'n groot bedreiging vir die omgewing in sy geheel geraak (WCC 1990:15).

As gevolg van die invloed van die Westerse beskouing dat die aarde 'n objek is, sou sendelinge geen waardering vir die kulture van die mense hê met wie hulle in aanraking gekom het nie. Die eenheid van lewe en leer, die interafhanklikheid tussen

die individu, die gemeenskap, kultuur en arbeid, en die diepte van volkswysheid is dikwels by voorbaat van die tafel gevee.

Breuilly en Rajotte (1992:8) se belydenis is gegrond:

*"Any land not cultivated, any rivers not harnessed for power generation, were regarded as useless or worthless: the value of anything was measured solely in terms of its usefulness to 'man'. Because we thought that a world 'out there' existed which was somehow separate from ourselves, and not related to us, we felt free to exploit, dominate and subject it."*

Oosthuizen (1991:12) wys daarop dat 'n verkeerde interpretasie van Genesis 1:28 daartoe sou lei dat stimulus aan die ontwikkeling van ideologiese kragte binne die Weste se ekonomie verleen is. 'n Studiedokument van die Wêreldraad van Kerke getiteld **Christian Faith and the World Economy Today** (1992) wys daarop dat die huidige wêreld ekonomie en die bedreiging daarvan vir die omgewing die gevolg van die antroposentriese manlike-beskouing van veral die afgelope tweehonderd jaar is, waarin die mens as bevrydende heerser en subjek teenoor die aarde as objek staan (vgl Granberg-Michaelson 1992:55; Peeters 1993:113). Hierdie sterk antroposentriese beskouing staan egter direk teenoor die bedoeling in Genesis 1:28, waarin die uitgangspunt dié van bewaring is. Grond, water, lug, plante en diere behoort nie uitgeput en vernietig te word nie, maar juis versorg te word (Williams 1993:62).

Volgens Bosch (1991:355) is die enigste weg uit ons huidige krisis die deurbreking van die sogenaamde objek/subjek-skema. Wat hiervoor nodig is, is 'n nuwe lewensorientasie waarvolgens die lewe eerder holisties, interafhanklik en simbioties verstaan moet word. Binne die sending beteken dit dat ons nou moet leer dat mense kinders van die aarde en broers en susters van mekaar is. Dit kan alleen gebeur wanneer mense tot die besef gelei word dat die heerskappy van God se koninkryk alle sisteme met sy liefde en krag deurbreek. Die kerklike tradisie van heerskappy oor God se skepping sal van meet af aan in 'n tradisie van rentmeesterskap getransformeer moet word.

### **3.3 GELOOF IN VOORUITGANG AS 'N UITVLOEISEL VAN DIE VROEË INDUSTRIËLE TYDPERK**

#### **3.3.1 DIE OPKOMS VAN 'N WESTERSE KULTUUR VAN VOORUITGANG**

Aan die begin van die industriële tydperk het snelle industriële groei teen so 'n fenomenale tempo plaasgevind dat een van Brittanje se grootste industriële stede, Birmingham, in 'n kort bestek van een en dertig jaar in grootte en bevolking verdubbel het. Die nuwe fabriekstelsel was so dinamies en doeltreffend dat dit alle vorige produksiestelsels oortref het. Industriële groei was as gevolg van daaglikse wetenskaplike deurbreke jaarliks aan die toeneem. Industriële groei het by die mens



die wil en die motivering ontketen om die aarde geheel en al onder sy beheer te plaas. Daarom het daar by die mens in daardie tyd 'n geloof begin posvat dat hy sy eie lot kon bepaal deur die wêreld volgens sy eie industriële behoeftes in te rig (Hulley 1987:27).

Binne snelontwikkelende Europa sou die vermoë om steeds groter hoeveelhede goedere te produseer gevolg word deur die behoefte na nuwe verbruikersmarkte. Binne die gekoloniseerde gebiede sou die betaling van kontantlone daartoe bydra dat inboorlinge in 'n markstelsel ingelei is. Inboorlinge is gemotiveer om self voedsel en klere aan te koop, wat weer op sy beurt die vraag na groter produksie sou stimuleer. Die proses van kolonisasie is dus voortaan gedryf deur die motief van meer en groter produksie. Hierdie nuwe dryfveer sou die vroeë wortels van ontwikkelingsprogramme in die Derde Wêreld wees.

Voëruitgangswaan sou in die nuwe Westerse lewenswyse sigbaar word. Verbruik, materiële besit, en ekonomiese vooruitgang sou die wagwoorde word. Daar is vas geglo dat materiële welvaart asook die wetenskap en tegnologie die mens se behoeftes voortaan volledig sou kon bevredig (Olivier 1991:29; vgl Stapert & Van der Poll 1989:103). Westerlinge was vas onder die indruk dat so 'n nuwe lewenstyl binne die bereik van alle mense was en dat dit slegs ontsluit moes word. 'n Goete voorbeeld ter illustrasie van die nuwe geloof in vooruitgang vind 'n mens in Herman Kahn se studie in 1776 oor die toekoms wat industriële vooruitgang sou inhou. Kahn sou sy visie van die wêreld vir die volgende 200 jaar soos volg beskryf (Wilkinson 1981:4):

*"almost everywhere humans will be numerous rich and in control of the forces of nature".*

Kahn het verder voorspel dat die bevolking van die wêreld binne 200 jaar 15 biljoen en die gemiddelde per capita-inkomste per persoon USD 20 000 per jaar sou wees. Soos die latere teoretici van die ontwikkelingsmodel gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu was Kahn vas onder die indruk dat 'n Westerse industriële lewenswyse binne alle kulture ewe vatbaar sou wees. Daarom het Westerlinge dit as hul roeping gesien om 'n vooruitgangstrewer binne die nieontwikkelende lande van die wêreld te laat posvat. Kahn se visie was nie 'n geïsoleerde geval nie. Du Plessis (1995:328) wys daarop dat Frankryk in 1848 so ver sou gaan as om 'n departement van vooruitgang as aparte staatsdepartement te skep. Drie jaar later, tydens die opening van die Eerste Wêreldtentoonstelling in Londen, is daar ruim erkenning aan materiële vooruitgang gegee en is daar 'n oproep tot ander lande gerig om die voorbeeld van Frankryk te volg. Die nuwe geloof van die Verligting, naamlik dat die wetenskappe en tegnologie die natuur en die menslike samelewing in die belang van vooruitgang kon beheers, was op almal se lippe (Du Plessis 1995:328). Die nuutgevonde geloof in vooruitgang sou nie iets wees wat sou kom en gaan nie. Hierdie



geloof sou sy invloed op die gehele samelewing uitoefen. Selfs 200 jaar later sou daar nog steeds soveel optimisme oor die proses van industrialisasie wees, dat die geloof in vooruitgang die allesbepalende dryfveer van die Westerse en nie-Westerse wêreld sou bly. Die Amerikaanse president, Harry Truman, het hierdie ideaal treffend in sy beroemde uitspraak van "greater production is the key to prosperity and peace" beskrywe (Granberg-Michaelson 1992:1). Ook vanuit kerklike geleerde is dit met lof en entoesiasme begroet. So byvoorbeeld sou Mesthene (1967:484-485) by die Kerk- en Samelewingskonferensie van 1966 in Genève die volgende verklaring maak:

*"We are the first... to have enough of that power actually at hand to create new possibilities almost at will. By massive physical changes deliberately induced, we can literally pry new alternatives from nature. The ancient tyranny of matter has been broken, and we know it... We can change it (the physical world) and shape it to suit our purposes... By creating new possibilities, we give ourselves more choices. With more choices, we have more opportunities. With more opportunities, we can have more freedom, and with more freedom we can be more human. That I think, is what is new about our age... We are recognizing that our technical progress literally bursts with the promise of new freedom, enhanced human dignity, and unfettered aspiration."*

Gedurende die opkoms van die vroeë industriële era is weinig rekening gehou met die moontlikheid dat die uitbreiding van die Westerse verbruikersmentaliteit in die gekoloniseerde gebiede op die lang termyn rampspoedige ekologiese gevolge vir die wêreld sou inhou. Die skep van 'n Westerse lewenstyl waarin almal (soos Kahn gehoop het) 'n jaarlikse per capita-inkomste van USD 20 000 sou hê, sou onhoudbaar wees aangesien die skep van 'n industriële Weste oor die hele wêreld 'n onmoontlikheid is. Dit sou katastrofiese gevolge hê (Bragg 1987:26; Williams 1993:54).

Hoewel die wetenskap en die tegnologie wel rykdom en voorspoed vir sommige gebring het, sou die nuwe-effekte daarvan (soos besoedeling, die styging in die aarde se gemiddelde temperatuur, droogtes en vloede as gevolg van klimaatsveranderinge, voedseltekorte en die snelle agteruitgang van die natuurlike omgewing) tot groot skade lei (Du Plessis 1988:253; WCC 1990b:33).

Maar presies hoe het die nuwe geloof van die vroeë industriële era, die geloof in vooruitgang, neerslag in die sending gevind?

### **3.3.2 DIE SENDING AS MEDEWERKER AAN 'N WESTERSE KULTUUR VAN VOORUITGANG**

Soos vroeër vermeld het daar gedurende die tydperk van die Verligting en die vroeë industriële era 'n verwronge wetenskapsbeeld ontwikkel wat die wetenskap bo alle sinvrae sou stel. Hierdie beeld sou diep spore in die teologie en in die kerk laat. Waar



die kerk in die voorafgaande eeue voortdurend in beperking was oor wat sy rol in die wêreld veronderstel was om te wees, sou die kerk en teoloë al minder aandag aan hierdie noodsaaklike faset van teologiese ontwikkeling skenk. Voortaan sou die kerk net agterloop in die voetspore van industriële sukses, en sou sending eintlik die bekendstelling van Westerse tegnologie en vooruitgang aan die nie-Westerse wêreld word.

Deur hierdie kritieklose navolgingskap van die kerk sou daar 'n vermenging tussen die Christendom en die Westerse gees van vooruitgang plaasvind. Bosch (1991:271) wys daarop dat die **Society for the Propagation of Christian Knowledge**, wat reeds so vroeg as 1699 gestig is, die voorloper was van 'n gedagtegang waarvolgens die koninkryk van God algaande in lyn met die kultuur en beskawing van die Weste gebring moes word. Die kerk sou sy doel in die samelewing voortaan as die draer van Westerse vooruitgang na die nie-Weste sien. As gevolg hiervan, beweer Bosch (1991:429), was daar 'n lang tydperk waarin baie sendelinge geglo het dat Westerse kolonisasie 'n teken van God se genadige ingrype in die geskiedenis van die wêreld was. Vir baie sendelinge was die proses waarin sending kolonisasie vergesel het 'n proses waardeur die Verligting en industriële ontwikkeling aan die nie-Weste uitgedra moes word. Die daarstelling van skole en verbeterde gesondheidsdienste is as deel van God se bemoeienis met die nie-Weste gesien (McDonagh 1986:210-211). 'n Nuwe maatstaf sou hierdeur ontwikkel waaraan die kerk voortaan sy sendingsukses kon meet: die mate waarin die nie-Westerse kulture sou verdwyn en deur 'n nuwe industriële kultuur vervang word. Gensichen (1985:122) wys byvoorbeeld daarop dat waar die sendelinge nie daarin kon slaag om nie-Westerse kulture deur 'n Westerse kultuur te vervang nie (soos in Asië), die sendelinge gevoel het dat hulle sending 'n mislukking was.

#### **DIE SENDINGGESKIEDSKRYWER JAMES DENNIS**

Sendinggeskiedskrywers soos byvoorbeeld die Amerikaanse Presbiteriaan, James Dennis, het 'n ideale en eensydige beeld van die goeie sosiale vooruitgang wat sending aan die nie-Weste sou bring geskep. In die eerste van sy drie-volume-werk, getiteld **Christian Missions and Social Progress** (1897, 1899, 1906), toon hy dat al die probleme binne die nie-Christelike wêreld die gevolg van 'n gebrek aan Westerse kulturele ontwikkeling is. Volgens hom is die nie-Weste agterlik as gevolg van die afwesigheid van 'n Westerse kultuur. Dit lei tot onder meer kulturele swakhede wat tot uiting kom in die nie-Westerse mens se verhouding met sy familie, sy stam, sy sosiale groep en sy volk. Dit is veral in sy manier van handel drywe en godsdiensbeoefening dat dit na vore kom (Bosch 1991:293-294). In sy tweede (1899) en derde (1906) volume vervolg hy dan deur te wys op die positiewe bydrae van die Westerse sending tot sosiale vooruitgang. Hiervolgens sou die sending in die verbanning van slawearbeid, die verspreiding van Westerse gevorderde landboumetodes, die oprigting van skole



en hospitale, die bevordering van internasionale verhoudings, die herstel van die status van die vrou, en suksesvolle skoling in leierskap meehelp.

#### **THE AMERICAN BOARD**

Ook Chaney (1976:183) wys uit die terminologie wat The American Board ten opsigte van nie-Westerse lande gebruik het, dat die sendelinge 'n superieure gevoel teenoor die nie-Weste gekoester het. So byvoorbeeld word terme soos "duisternis", "blind", "bygelowig" en "onkundig" gebruik wanneer daar na die inboorlinge van nie-Westerse lande verwys word. Wanneer die Raad egter na Westerse lande verwys, is terme soos "lig", "visie", "verligting" en "kennis" gebruik. Dit is interessant dat dit moeilik is om agter te kom of daar gepraat word van 'n land se kultuur of van 'n land se godsdiens, want vir die sendelinge was dit een en dieselfde saak. Hierdie meerderwaardigheidsbeskouing sou vir baie lank deel van die Westerse beskouing uitmaak. So byvoorbeeld sou Hegel (1975:197) beweer dat die wêreldgeskiedenis van sy kinderskoene in die Ooste na sy volwassenheid in die Weste beweeg. Hierdie beskouing sou noodwendig in die sending deurwerk. Paton (1953:64-66) wys byvoorbeeld daarop dat die verhouding van Westerse sendelinge teenoor die jonger kerke dikwels dieselfde was as dié teenoor nie-Christene. 'n Verwagte gevoel van liefde is dikwels deur die uitstraling van 'n geestelike meerderwaardigheid beantwoord. Inboorlinge wat hulle tot die Christendom bekeer het is dikwels - soos hulle kultuur - as minderwaardig beskou. Die gees van liefde en diens wat eie is aan Christenskap sou dikwels plek maak vir 'n Westerse gees van superioriteit en meerderwaardigheid - iets wat eie aan die industriële Westerse kultuur is.

#### **THE LONDON MISSIONARY SOCIETY**

Bosch (1991:305) wys daarop dat feitlik al die sendelinge hulle hieraan sou skuldig maak, aangesien hulle vas onder die indruk was dat hulle hierdeur die belange van die inboorlinge sou dien. Die feit dat sendelinge hulleself as draers van die Christelike kultuur en beskawing gesien het, sou veroorsaak dat selfs 'n sendeling soos John Phillip, die superintendent van The London Missionary Society wat daarvoor bekend was dat hy homself uitgespreek het teen enige vorm van onreg, dit as 'n noodsaaklike taak van die sending sou sien om die Kaapse inboorlinge onder Britse heerskappy te plaas. Phillip het hiermee geen probleem gehad nie aangesien hy oortuig was dat die hoofmotief van die Britse regering vooruitgang vir die inboorlinge sou inhou. 'n Mens kan dus verwag dat die sendelinge as gevolg hiervan feitlik nooit krities teenoor die koloniale owerhede was nie.

#### **RHENISH MISSION SOCIETY**

Besier wys daarop dat een van Duitsland se groot teoloë, Friedrich Fabri (1824-1891), wat onder andere die sekretaris van die Rhenish Mission Society was, by die Duitse

owerheid gepleit het dat die Duitsers hulle koloniale belange moes uitbrei. Vir Fabri was die uitbreiding en die ontvangs van die Europese kultuur van vooruitgang die ontvangs van die Christendom self (:91). Om dié rede sou Fabri die verhouding tussen sending en kolonisasie as volg sien:

*"... the steadily continuing victory of European culture will also be the beginning of the Christianizing of the nations, today's mission work among them is essentially the groundbreaking for the coming decision" (Besier 1982:86).*

Die sendeling moes die proses van kolonisasie nie uit sy eie benader nie, maar eerder as steunpilaar van die koloniale owerheid dien. Volgens Fabri het sending en kolonisasie hand aan hand beweeg, want die een was nie moontlik sonder die ander nie.

Die mees effektiewe sendeling was die sendeling wat van dieselfde nasionaliteit as die heersende koloniale owerheid was. Juis as gevolg van hierdie sienswyse word Fabri tot vandag as die vader van die intieme verhouding tussen sending en kolonisasie in die Duitse sending beskou (1981:183).

#### **BASEL MISSION**

Rennstich (1982:94) wys daarop dat ook die Basel Mission 'n lang tradisie van steun aan Westerse vooruitgang het. Hy toon byvoorbeeld aan dat die woord beskawing van die Latynse woord "civis" (vergelyk "civilisation") afkomstig is wat stad beteken. Stad staan vir vooruitgang in die sin van krag- en magsisteme, profyt, produksie en besittings. Vir sendelinge sou die woord beskawing sinoniem met 'n stedelike kultuur wees. Met die stigting van die Basel Mission in 1815 het die genootskap daarom sy sendingtaak onder meer gedefinieer as (1982:94):

*"the task of the missionaries as spreaders of a beneficent civilisation and propagators of the Gospel of peace to various areas of the pagan world".*

Volgens die Basel Mission was die sending se uitgangspunt dus om mense vanuit die heidendom te help tot 'n lewe waarin hulle vir hulleself kon voorsien, en 'n smakie kon kry van hoe 'n Westerse Christelike kultuur eintlik daar moes uitsien (1982:95-96). Toe Joseph Josenhans in 1850 die direkteur van die Basel Mission word, het ekonomiese hulp die sending vergesel. Hierdie aksie is "industrial mission" of kultuurarbeid genoem. Met die totstandkoming van hierdie afdeling van die sendinggenootskap se sendingbedrywighede het Josenhans dit gestel dat die kultuurarbeid nie as 'n onderdeel of middel tot sending gesien moes word nie, maar as die sending self - "to missionise means to civilise!" en "praying is working and working is praying" (Rennstich 1982:94).

## LATERE WYSIGINGS AAN 'N KULTUUR VAN VOORUITGANG

Gedurende die vroeë industriële tydperk was die kerk en die teologie so deurdrenk van 'n Westerse kultuur dat die sendelinge kwalik 'n onderskeid kon tref tussen dit wat die evangelie was en dit wat behoort het tot 'n tydsgebonde Europese vooruitgangskultuur. Die feit dat die sendelinge die evangelie en die Westerse kultuur as een en dieselfde saak sou sien, was geensins meer iets vreemds nie. Met verloop van tyd het die sendelinge egter begin agterkom dat die evangelie, soos wat dit binne Europa verstaan is, nie ongewysig na die nie-Weste oorgedra kon word nie. Daarom is daar sekere wysigings aangebring, wat 'verinheemsing' of 'adaptasie' genoem is. Bosch wys daarop dat hierdie verinheemsing steeds sekere gebreke sou openbaar, omdat verinheemsing slegs die liturgie, die kuns, die musiek, die literatuur en die argitektuur sou raak. Die wese van die probleem is nooit aangespreek nie en daarom sou talle gebreke steeds bestaan (1991:448-449).

Ten eerste sou die voorveronderstelling van die Westerse kultuur nooit volkome by die sendelinge verdwyn nie. Tweedens het die sendelinge die behoud van sommige nie-Westerse kultuurgebruike in die uitdrukking van geloof slegs as 'n tussentydse konsessie gesien. Derdens kon slegs daardie gebruike behou word wat deur die sendelinge as neutraal beskou is, en wat op sigself geen skade vir die bekeerlinge se geloof sou inhou nie. Die vierde gebrek is 'n direkte gevolg van die derde. Terwyl die sendelinge geoordeel het dat sekere kultuurgoedere wel behoue kon bly, en ander onaanvaarbaar was vir die geloof, het dit probleme vir die inboorlinge ingehou. Vir die inboorlinge was hulle kultuur 'n eenheid wat nie in "industriële eenhede" onderverdeel kon word nie.

Vyfdens was die hele beginsel van verinheemsing of adaptasie op so 'n wyse gehanteer dat dit in beginsel daarop neêrgekom het dat dit nie belangrik was nie, maar slegs 'n aanvaarbare metode was waarop die inboorlinge voorlopig en tydelik aan hulle kultuur kon vashou totdat die Westerse beskawing daardie bepaalde kultuur sou binnedring. Verinheemsing is slegs as 'n probleem van die nie-Weste gesien. Seldens sou die proses op 'n eenrigtingverkeer neerkom. Die nie-Westerse Christene sou raad en bystand van Westerse Christene kry terwyl die omgekeerde nooit kon plaasvind nie. Volgens die sendelinge was daar niks by die inboorlinge te leer nie.

In die geheel gesien sou dit nie onbillik wees om te beweer dat die sendelinge daartoe bygedra het om nie-Westerse kulture te degradeer nie. Ook het niemand meer moeite gedoen het om die inheemse tale en kulture te bestudeer en te verstaan nie. Die studie is eintlik maar meestal uit 'n polemiese hoek gedoen. In baie gevalle was die inboorlinge so verwar dat hulle hul toevlug tot alkohol geneem het. Stapert en Van der Poll (1989:110) vat die afbrekende bydrae van die sending ten opsigte van die omgewing as gevolg van hulle kultuur van vooruitgang treffend saam:



*"Christenen hebben meegestreden voor wetenschappelijke en technische vooruitgang. Ook christenen hebben geloofd in de nieuwe samenleving, het utopia van morgen en overmorgen en zich daardoor laten leiden in de politieke en maatschappelijke keuzes hier en nu. Aanvankelijk zullen weinigen hebben beseft welke krachten zij daarmee dienden. Maar nu zien we aan de afbraak van het milieu dat de christelijke kerk hierdoor medeplichtig is geworden aan de verkeerde krachten."*

Maar kom ons kyk kortliks na die uitwerking van die sogenaamde "krachten" wat die kerk in die woorde van Stapert en Van der Poll wetend en onwetend begin dien het.

Die geweldige optimisme wat 'n Westerse kultuur van vooruitgang meegebring het, sou later tot 'n gees van pessimisme lei (vgl Horkheimer & Adorno 1947:9). In sy boek, **The end of the modern era**, skrywe Romano Guardini treffend dat die mens aan die einde van die moderne era nie bevry is van sy vrese wat hy voor die Verligting gehad het nie, maar eerder moes ontdek dat nuwe vrese hom in die gesig staar (vgl Bosch 1991:274). Die ang wat Hiroshima, Nagasaki en Auswitsch later tot gevolg sou hê, sou groot vraagtakens oor die sogenaamde gevorderdheid van die Westers-Christelike kultuur laat ontstaan. Nuwe probleme soos die VIGS-virus en die ekologiese krisis sou die mens van die laat twintigste eeu verslae tot die ontdekking laat kom dat die mens maar eintlik 'n klein deeltjie van die werklikheid wetenskaplik kan verklaar (vgl Elsdon 1992:198-199). In plaas van vryheid en rykdom, soos wat Herman Kahn gehoop het, was die eindproduk van vooruitgang eerder verslaenheid en vrees (vgl Stapert & Van der Poll 1989:105).

#### **BEWAPENING**

Tegnologiese vooruitgang, dit wat die vroeë industriële rewolusie beloof het, sou vir ons tyd kommerwekkende verskynsels soos kernwapens, chemiese en biologiese wapens en ballistiese missiele beteken, wat 'n ernstige bedreiging vir die voortbestaan van die aarde inhou (vgl WCC 1990:17-19). Die vervaardiging van wapentuig sou in ons dag een van die grootste wêreldindustriële word. Selfs ten spyte van die herstel in die verhouding tussen die Ooste en die Weste lewe feitlik die hele wêreld daagliks in die skadu van kernwapens (Niles 1989:17). Hoewel die vrees verminder het sedert die beëindiging van die Koue Oorlog, is dit tog interessant om daarop te let dat die Verenigde State van Amerika en die voormalige Sowjetunie tans oor die vuurkrag van een miljoen "Hiroshimas" beskik (:21). Dit alleen dui al op die ekologies destruktiewe vermoë waartoe die mens in staat is, en dit as gevolg van die tegnologies-industriële rewolusie van slegs twee eeue gelede.



Hoewel onreg en natuureksploitasie 'n langtermyninvloed op die ekologiese krisis het kan die wapenindustrie 'n sogenaamde kernwinter (nuclear winter) veroorsaak, wat die aarde in 'n paar weke of maande kan transformeer (Huntley et al 1989:19). 'n Kernwinter kom daarop neer dat indien daar 'n interkontinentale kernoorlog op Europese bodem uitbreek, 'n rookwolk sal volg wat die son tot 90% van die aarde kan afskerm. Dit sal daartoe lei dat die temperature met tussen 15 en 20 grade Celsius sal daal. Volgens "ENUWAR" kan tussen 'n 100 en 'n 1 000 miljoen mense onmiddellik sterf en die res hongersnood in die gesig staar omdat landbouoestande, vervoer en voedselhulp totaal ontwrig sal wees. 'n Kernoorlog in Europa kan tot gevolg hê dat tussen 100 en 450 miljoen mense in Afrika binne tien dae sonder kos sal wees (Huntley et al 1989:19; vgl WCC 1990:10-11).

Die volgende statistieke aangaande die stand van bewapening is kommerwekkend vir die voortbestaan van die aarde:

- In 1987 alleen het die begrote bedrag op wêreldwye militêre uitgawes tot 'n rekordvlak van USD 970 biljoen gestyg. Hoewel die hervormingsproses in Rusland 'n daling in militêre uitgawes teweeggebring het, het die dalende begroting van USD 885 biljoen van 1990 neergekom op USD 100 biljoen per uur (Harrison 1993:448).
- In 1945 was daar slegs drie atoombomme in die wêreld maar 'n bietjie meer as 40 jaar later sou daar in 1989 reeds 57 000 wees (WCC 1990b:17)!
- Meer as 81 groot oorloë is sedert 1960 geveg en meer as 100 sedert die Tweede Wêreldoorlog (WCC 1990:8).
- In die tagtigerjare van ons eeu was daar nie minder nie as 29 burgeroorloë en ses internasionale oorloë (Harrison 1993:449).
- In 1989 was die militêre begrotings van Derdewêreldlande sewe keer meer as in 1960 (WCC 1990:11).
- Elke minuut word daar USD 1,8 biljoen aan die vervaardiging van wapentuig bestee (WCC 1990:3).
- In 1991 is daar deur die industriële lande van die wêreld USD 110 biljoen aan navorsing en ontwikkeling bestee waarvan 47% gebruik is vir militêre navorsing en ontwikkeling, 4% vir energienavorsing en 1% vir navorsing oor die beheer van omgewingsbesoedeling (WCC 1992b:42).

Militêre begrotings is in direkte kompetisie met ander regeringfondse soos opvoeding en onderwys, gesondheid, landbou en omgewingsbesoedeling, wat elk meer behoort te ontvang. In 1989 was die militêre begroting van lande in die Tweede en Derde Wêreld sewe keer meer as wat dit in die sestigerjare was (WCC 1990:11). Dit is juis teen hierdie agtergrond dat Granberg-Michaelson (1992:41) wys dat een van



die grootste punte van kritiek teen die Verenigde Volke se Aardespitsberaad in Rio de Janeiro ingebring kan word teen die feit dat daar weinig aandag aan die bydraënde effek van bewapening tot die ekologiese krisis geskenk is. Die Justice, Peace and the Integrity of Creation-ekologieprogram (JPIC) van die Wêreldraad van Kerke het juis sedert sy beginjare aangetoon dat geregtigheid en die heelheid van die skepping nie moontlik is sonder vrede nie. In 1991 alleen is daar USD 900 biljoen wêreldwyd aan wapens en oorlogvoering bestee met 'n vernietigende effek op nasionale ekonomieë en die omgewing (WCC 1992b:42).

'n Gevoel van kulturele meerderwaardigheid was eie aan Europa selfs voor die Verligting (Bosch 1991:291). So byvoorbeeld het die Grieke en Romeine hulleself vir l ng tydperke van die geskiedenis as verhewe bo ander Europese kulture beskou. Tog was dit nie vreemd dat een kultuur 'n ander kultuur se ontwikkelingsvlak sou inhaal en dan soms ook sou verbygaan nie. Na die Verligting sou hierdie tendens egter heeltemal verander. Die Verligting en die industri le ontwikkeling het Europese lande so 'n voorsprong bo nie-Westerse lande laat opbou dat hulle nooit sou kon inhaal nie. Na die Verligting sou Westerse nasies oor sekere vaardighede beskik wat hulle permanente ekonomiese heersers oor ander nasies sou kon maak. Hierdie voorsprong sou ook ekologiese implikasies tot gevolg h .


Eksponensi le ekonomiese groei in die industri le lande gee aanleiding tot die oorbenutting van natuurlike bronne (N rnberger 1987:48ev). In die Weste veral is natuurlike bronne vir eeue beskou as iets wat onuitputlik is (Berry 1991:108-109). Hierdie persepsie wat reeds gedurende die vroe  industri le tydperk by Westersinge vasgel  is, sou daartoe lei dat die twintigste eeu as die eeu van plundering sou uitstaan. Biggs verduidelik dit soos volg (1991:36):

*"Our time is different from any other period in history because of the rate at which we use resources. The rate at which a highly industrialised wealthy nation can gobble up precious materials is staggering. The classic example is that of the United States: at the height of its economic boom in the 1970s a report to the US Senate indicated that in the decade between 1959 and 1969 the American people consumed more of the earth's resources than the whole of the rest of the world had consumed in all of recorded history - in ten years."*

Dit is juis teen hierdie agtergrond dat die Aardespitsberaad in sy verklaring erken dat die hooforsaak van die ekologiese krisis grootliks aan die industri le en verbruikershandelinge van die meer ontwikkelde lande van die w reld toegeskryf kan word. (Granberg-Michaelson 1992:74). Dit is hi rdie verbruikersmentaliteit van die ontwikkelde lande wat daartoe gelei het dat 70 000 verskillende soorte chemikalie  tans deel van die aarde se globale sirkulering geword het. Met baie van hierdie



stowwe het die aarde voorheen geen interaksie gehad nie. Dit is reeds bekend dat hierdie stowwe 'n definitiewe uitwerking op die aarde se uitruiling van energie het (WCC 1990:15). Verskeie regerings binne die meer ontwikkelde lande in die noordelike halfrond het reeds van hierdie stowwe verbied. As gevolg van die risiko's verbonde aan die berging daaraan word baie van hierdie stowwe nou in die minder ontwikkelde lande in die suidelike halfrond geberg. Die rede waarom lande in die suidelike halfrond hierdie berging toelaat, is omdat dit aan hulle die kontant bied wat nodig is vir buitelandse valuta waarmee die skuldqas van ontwikkelingsprojekte vereffen kan word (WCC 1990:15; Roberts 1994:138).





---

# HOOFSTUK 4: SENDING EN DIE EKOLOGIESE KRISIS

GEDURENDE DIE VOLWASSE  
INDUSTRIËLE TYDPERK VANAF 1870

## 4.1 ALGEMENE INLEIDING VIR DIE VOLWASSE INDUSTRIËLE TYDPERK

Die volwasse industriële era wat in Europa begin het tydens die laaste kwart van die neentiende eeu sou ook as die massasamelewing omskryf kon word (Hulley 1987:31). Hierdie era sou nie net 'n tyd wees waarin stede steeds uitbrei nie, maar dit sou ook 'n era wees wat tot die opkoms van moderne gesofistikeerde tegnologiese ontwikkelinge aanleiding gee. Dit sou onder meer son- en geometriese energie, fabrieke met 'n hoë mate van outomatisering, videotelefone, hoëspoedrekenaars, kabeltelevisie, vokale tikmasjiene, die informasiewolusie en nog vele meer insluit. Die massasamelewing van die Weste sou Westerlinge 'n geloof laat koester dat gesofistikeerde tegnologiese ontwikkelinge die antwoord sou bied op alle probleme wat in die nie-Weste gedurende die voorindustriële en vroeë industriële era ondervind is. Om hierdie rede sou die twintigste eeu gekenmerk word deur 'n nuwe ywer waarin daar na die nie-Weste uitgereik is. Die kerk sou ook in hierdie proses 'n bydrae lewer deurdat teologiese steun vanuit Rooms-Katolieke- sowel as Protestantse kringe legitimiteit aan die ontwikkelingsgedagte sou verleen. In die eerste helfte van die twintigste eeu sou dit die gedaante van die sogenaamde Komprehensiewe sendingbenadering aanneem en in die tweede helfte van die eeu dié van 'n Teologie van Ontwikkeling. Daar was in beide die Komprehensiewe benadering as in die Teologie van Ontwikkeling sekere Westerse ideologiese ondertone aanwesig wat katastrofale gevolge vir die ekologie sou inhou.

In hierdie hoofstuk sal ons kyk na hierdie prosesse waardeur die ontwikkelingsgedagte gedurende die volwasse industriële era uitgebou is en die invloed daarvan op die ekologie.



#### 4.2 DIE OPKOMS VAN DIE KOMPREENSIEWE SENDINGSBENADERING AS 'N 20STE-EEUSE ONTWIKKELINGSMODEL

Uit die voorafgaande twee hoofstukke is dit duidelik dat die Weste en daarmee saam die Christendom 'n merkbare invloed op die nie-Weste uitgeoefen het. Ons het reeds gesien dat die sendelinge saam met die evangelie die vrugte van Westerse ontwikkeling aan die nie-Weste gebring het deur die aanbieding van 'n Westerse opvoedingstelsel, 'n Westerse ekonomiese stelsel, asook die wetenskap en tegnologie van Westerse gesondheidsdienste. Met die hoogbloei van die imperiale tydperk het 'n verstaan van die koninkryk van God ingetree waarvolgens daar geglo is dat die koninkryk van God reeds in die tegnologiese voordele van industrieel ontwikkelde lande soos die Verenigde State van Amerika gestalte kry. In heelwat van die hoofstroomkerke in die Verenigde State van Amerika is aanvaar dat die sending aan die oordra van die Amerikaanse beskawing na die industrieel ontwikkelde nasies moes meehelp (Hutchison in Bosch 1991:283). Die Weste is as suksesvol, ontwikkel en as model vir die wêreld gesien. Die Westerse manier van dink, lewe en handel is geensins bevraagteken nie maar as norm geneem.

Eers gedurende die twintigste eeu het sendelinge, wat reeds vir dekades hul sendingroeping sô verstaan het, hierdie sienswyse begin verteoretiseer. Tydens die Internasionale Sendingkonferensie in Jerusalem in 1928 is die benaming "comprehensive approach" hieraan gegee (Bavinck 1960:107-108). Een van die verslae van die konferensie het die doel van sending soos volg omskrywe (in Bavinck 1960:108):

*"... in this endeavour we realized that man is a unity, and that his spiritual life is indivisibly rooted in all his conditions - physical, mental and social. We are therefore desirous that the program of missionary work among all peoples be sufficiently comprehensive to serve the whole man in every aspect of his life and relationships"*

Na hierdie konferensie sou dit algemeen word om te praat van die vierdimensionele karakter van die sending. Sending sou voortaan tegelykertyd verkondiging, opvoeding, gesondheidsdienste en sosio-ekonomiese bystand impliseer (ibid). Volgens hierdie benadering sou die oprigting van skole, hospitale en industrieë gesien word as sekondêre dienste terwyl die bediening van die Woord steeds primêre voorkeur sou geniet.

Die grootste leemte wat hierdie benadering tot gevolg sou hê was dat die sendelinge slegs die tegnologie en nie die wetenskaplike navorsing daaragter nie aan die nie-Weste sou oordra. Kritzinger (1991:9) stel dit as volg:

*"The fruit of Western science was accepted; the root remained unknown."*



Die komprehensiewe sendingberedering sou later ontwikkel tot ontwikkelingswerk en daarom stel Kritzinger die opkoms van die komprehensiewe benadering as die primêre inisiator van ontwikkelingswerk soos wat ons dit vandag ken (1991:9).

Voordat ons kyk na die opkoms van 'n Teologie van Ontwikkeling wat sou voortvloei uit die vierde aspek<sup>18</sup> van die vierdimensionele karakter van die komprehensiewe sending, is dit allereers belangrik om net opsommend te kyk na die effek van die ander drie aspekte van die komprehensiewe benadering op die ekologie.

Wat die oprigting van skole aanbetref, het ons het reeds gesien dat die Westerse opvoeding inboorlinge vir die koms van 'n industriële samelewing moes gereedmaak. In afdeling B sal ons meer breedvoerig hierby stilstaan wanneer ons ook sal kyk na die effek wat die opkoms van vroeë industrialisasie in Suid-Afrika op die ekologie tot gevolg gehad het.

Wat die verkondiging van die evangelie as tweede maar terselfdertyd as die primêre aspek aanbetref, het ons reeds gesien dat sendelinge nie in staat was om die boodskap van die evangelie van 'n Westerse kultuur los te maak nie. Dit is te veel van Westerse sendelinge gevra om, in hulle werk onder die inboorlinge, hulself totaal van hulle kultuur los te maak. Die evangelie sal nooit ten volle losgemaak kan word van kultuur nie. In dié verband maak Robert Speer reeds so vroeg as 1910 tereg die volgende opmerking (aangehaal in Hutchison 1987:121):

*"We cannot go into the non-Christian world as other than we are or with anything else than that which we have. Even when we have done our best to disentangle the universal truth from the Western form... we know that we have not done it."*

Wat ons egter wel kan veroordeel is die feit dat die sendelinge in baie gevalle 'n kultuur op die inboorlinge afgedwing het wat hulle beseft het nadele vir die inboorlinge sou inhou. Waar die sendelinge dit wel beseft het, het hulle dit baie gou probeer regverdig deur dit as 'n langtermynvoordeel vir die inboorlinge af te maak. 'n Goë voorbeeld hiervan is wanneer J Schmidlin (in Bosch 1991:293) die ontworteling van die inboorlingkultuur as volg verdedig:

*"to soften their manners, purify their social intercourse, and rapidly lead them into the habits of civilized life"*.

Daar was wel bepaalde Westersé kulturele elemente waarby die inboorlinge sou kon baat (vgl Bosch 1991:297). Hierdie proses wat wedersyds moes plaasvind het egter net in een rigting gebeur. Bosch (1991:298) maak tereg die opmerking dat die grootste flater van die sendelinge daarin gesien kan word dat hulle hulself nie begryp het nie.

---

<sup>18</sup> Die sosio-ekonomiese bystand.





Hulle was maar net self produkte van die Verligting. Hulle het nie beseft dat die Verligting 'n finale breuk in die eenheid van die Christendom en die beskawing sou bring soos wat dit geken is in die tyd voor die Verligting nie. Hierdie sogenaamde "superieure" kultuur is in die meeste gevalle aan die inboorlinge opgedwing. Later sou dit nadelige effekte op die samelewing in sy geheel hê. Bosch (1991:294) meen dat die grootste kritiek wat teen die kerk ingebring kan word juis die feit is dat die kerk nooit objektief teenoor die Eerstewêreldkultuur kon staan nie, en sodoende ook nie die swak punte in die Westerse kultuur krities kon beoordeel nie. Nie-Westerse kulture is maar net altyd gemeet aan Westerse kulturele waardes omdat daar gelo is dat die hele wêreld binne afsienbare tyd die gedaante van 'n Westerse kultuur sou aanneem. So byvoorbeeld het die Layman's Foreign Missions Enquiry, wat in 1932 gepubliseer is onder die titel: **Rethinking Missions**, min twyfel gehad dat alle volkere en nasies op weg na een Westersewêreldkultuur was. Juis om hierdie rede is die aanvaarding van die Westerse kultuur aangemoedig. In afdeling B sal ons sien dat hierdie tipe beskouing die proses van industrialisasie in Suid-Afrika sou bevorder. Op sy beurt sou dit lei tot trekarbeid wat 'n finale breuk sou bring in die harmoniese leefwyse van die inboorlinge met hulle omgewing.

Wat die derde aspek (gesondheidsdienste) betref, is dit belangrik om daarop te let dat slegs die tegnologie en nie die wetenskaplike navorsing daaragter nie aan die nie-Weste oorgedra is. Dit het daartoe gelei dat die gevorderdheid van die mediese wetenskap die sosio-ekonomiese ontwikkeling van gemeenskappe ver vooruit sou gaan. Die kontrole oor die dood sou toeneem bo die kontrole oor geboorte (Harrison 1993:220). Die geboortekoers in Afrika sou byvoorbeeld as gevolg hiervan in ons tyd 45 per 1 000 per jaar bly teenoor 'n sterftesyfer wat tot slegs 16 per 1 000 per jaar afgeneem het (Wilsenach in Engelbrecht 1988:28). Dit bring mee dat die land voortaan nie meer in almal se ekonomiese behoeftes kan voorsien nie. Veral in die tweede helfte van ons eeu het daar 'n geweldige bevolkingstoename in die nie-Westerse lande plaasgevind (Harrison 1993:219; Huntley et al 1989:25; Williams 1993:52). Die statistieke in hierdie verband is kommerwekkend. Dit het die mensebevolking vier miljoen jaar geneem om die 1 000-miljoenkerf in 1850 te bereik, en 'n skrale 75 jaar om te verdubbel tot 2 000 miljoen in 1925. In 1962 tel die mensdom reeds 3 000 miljoen, en die 4 000-miljoenkerf word in 1975 (13 jaar later) verbygesteek! In 1987 tel die mensdom reeds 5 000 miljoen (Huntley et al 1989:21-22; vgl Biggs 1991:34). Hierdie tendens word eksponensiële groei genoem want dit werk op dieselfde beginsel as saamgestelde rente (vgl Engelbrecht 1988:28). Dit is nie net die bevolkingstoename wat kommer wek nie maar veral die gepaardgaande groei in dispariteit in ouderdom en welvaart tussen die ontwikkelde lande van die Weste en die minder ontwikkelde lande in die nie-Weste. 'n Skematiese voorstelling van Huntley et al (1989:22) op die volgende bladsy verduidelik bogenoemde:





	EERSTE WÊRELD	TWEEDE WÊRELD	DERDE WÊRELD
--	---------------	---------------	--------------

DIE JAAR 1985			
Bevolking in miljoene	774	399	3669
% van die wêreldbevolking	16	8	76

DIE JAAR 2000			
Bevolking in miljoene	828	446	4853
% van die wêreldbevolking	13	8	79

1980 - 85			
Jaarlikse bevolkingsgroei	0,6	0,9	2,2

1985			
% Bevolking onder 15 jaar	21	25	40
% Bruto nasionale produk	69	12	19

Uit bogenoemde kan die volgende afleiding gemaak word:

- 76% van die wêreld se totale bevolking leef in die onderontwikkelde Derde Wêreld.
- Meer as 40% van hierdie getal is 15 jaar of jonger.
- Die Derde Wêreld se bevolking neem toe teen 2,2% per jaar en verdubbel gevolglik elke 32 jaar.
- Die Derde Wêreld genereer 'n skrale 19% van die wêreld se bruto nasionale produk.



Op 'n kontinentale skaal het Afrika die wêreld se hoogste bevolkingsgroei (2,8% per jaar), wat gevolglik elke 25 jaar verdubbel. Hierdie syfers hou 'n groot bedreiging vir die beskikbaarheid van voedsel in, omdat voedselproduksie in Afrika aan die afneem is (Huntley et al 1989:23). Daar word verwag dat die bevolkingsverhouding teen die einde van die eeu soos volg daar sal uitsien: vier vyftes van al die mense op die aarde sal in die nieontwikkelende wêreld woonagtig wees. Daardie getal sal in die volgende dertig jaar verdubbel (James 1990:9). Bevolkingsgroei in die onderontwikkelende lande van die wêreld het nadelige gevolge vir die ekologie. Die huidige bevolkingsgroei is eerstens besig om die beskikbaarheid van basiese lewensmiddele soos voedsel en brandstof vir die groter groeiende bevolking te beperk, en ten tweede het oorbevolking 'n invloed op die omgewing self. Oorbevolking is juis een van die interafhanklike oorsake van ontbossing, oorbeweiding, die uitroei van dierelewe, die vernietiging van natuurlike bronne, besoedeling van water, beknopte leefareë, onhigiëniese leefkondisies, en so meer (Nürnberg 1987:49). Wat Afrika aanbetref lyk die toneel baie somber. Afrika se snelle bevolkingstoename van 2,8% per jaar is die hoogste ter wêreld, terwyl sy voedselproduksie die afgelope twee dekades met 13% gedaal het. Die gevaar van die snelle bevolkingstoename teenoor 'n afname in voedselproduksie sal volgens Huntley et al. (1989:23) in die toekoms tot gevolg hê dat bodemvernietiging nog sneller sal toeneem, en tweedens dat Afrika nie proporsioneel deel sal hê aan die industriële en tegnologiese renaissance van die 21ste eeu nie.

Daar is sommiges wat beweer dat deeglike voorligting in gesinsbeplanning hierdie probleem kan oplos. McDonagh (1986:182) wys daarop dat die afleiding dat mense arm is as gevolg van groot families ongegrond is. Mense in die armer dele van die wêreld het juis groot families omdat hulle arm is. Sosiologiese navorsing het getoon dat die armoede as gevolg van ongelyke toegang tot natuurlike bronne daartoe neig dat arm mense groter families het (vgl Yeld 1993:21). Om dié rede moet oorbevolking, as ekologiese verskynsel nie van ander verskynsels soos die onregverdige toegang tot aardse bronne en handelsmarkte losgemaak word nie. Nürnberg (1987:48) bevestig dit deur daarop te wys dat oorbevolking 'n wêreldverskynsel is wat veral in daardie dele van die wêreld toeneem waar daar weinig indien enige eksponensiële groei van die ekonomie is. Waar die bevolking in die wêreld konstant bly, is dit juis as gevolg van ekonomiese groei. In sommige Afrikalande waar daar geen ekonomiese groei is nie, is die bevolkingsaanwas jaarliks meer as 4% (Elsdon 1992:227). Die rede hiervoor is dat baie mense in Afrika juis in groot gesinne 'n bepaalde sekuriteit vir die oudag sien, terwyl dit ook 'n arbeidspotensiaal bied wat op sy beurt weer 'n groter inkomste aan die huishouding lewer (Elsdon 1992:227; Harrison 1993:223; Biggs 1991:35).



Hoewel dit 'n feit is dat die noordelike lande<sup>19</sup> slegs 'n derde van die wêreld se bevolking uitmaak, is dit ewe waar dat dit juis hierdie derde van die wêreld se bevolking is wat verantwoordelik is vir 75% van die totale glashuiseffek<sup>20</sup> en 80% van die aarde se mineraalbronne gebruik (McDonagh 1986:182).

Hoewel die sendelinge met die oprigting van hospitale in die Derde Wêreld dus goeie bedoelinge gehad het, het die komprehensiewe benadering 'n ekologiese ramp vir die nie-Weste ingehou.

#### **4.3 NEOKOLONIASIE EN DIE TOTSTANDKOMING VAN 'N TEOLOGIE VAN ONTWIKKELING**

Ons het reeds gesien dat die kerk ontwikkeling al in die voorindustriële era as deel van sy roeping verstaan het. Tot voor die twintigste eeu was ontwikkelingswerk deel van 'n bepaalde teologiese beskouing van die kerk, maar dit was nog nie teoreties verwoord nie. Dit was eers in die twintigste eeu dat ontwikkeling die eerste keer in die sogenaamde komprehensiewe sendingbenadering teoreties verwoord is. In die sestigerjare sou hierdie teorie 'n verdere ontwikkeling ondergaan toe die sogenaamde "Teologie van Ontwikkeling" die lig gesien het.

Met die aanvang van die volwasse industriële era was die verhouding tussen die Europese moederkerk in die Weste en dié van die dogterkerk in die koloniale gebiede van die nie-Weste deur 'n verhouding van afhanklikheid gekenmerk. Hierdie situasie sou etlike dekades later heeltmaal verander onder die invloed van die onafhanklikheidswording wat soos 'n veldbrand deur die wêreld versprei het. Hierdie tendens sou ook na die kerk in die nie-Weste deurwerk, deurdat 'n nuwe verhouding tussen die Westerse moederkerke en die nie-Westerse dogterkerke ontstaan het. Hoewel daar aanvanklik gemeen is dat kerklike onafhanklikheid sending oorbodig sou maak het dit nooit gebeur nie. In die daaropvolgende jare na onafhanklikheid sou 'n nuwe vorm van die vroeëre verinheemsing en akkommodasie sy toetrede tot die verhouding tussen die vroeëre moederkerk en dogterkerk maak, wat 'n heel nuwe vorm van afhanklikheid sou impliseer. Dié keer sou "verinheemsing" in die gedaante van Westers-tegnologiese ontwikkeling via die sending na die nie-Weste en Derde Wêreld kom. Ongelukkig sou hierdie nuwe proses net soos die oue eenrigtingverkeer tot gevolg hê (Bosch 1991:447- 452). Dit het meegebring dat waar die vroeëre proses van verinheemsing gekenmerk was deur 'n meerderwaardigheidsgevoel wat godsdienstig-kultureel geïnspireerd was, die nuwe proses van "verinheemsing" deur 'n

---

<sup>19</sup> Sommige geleerdes verkies die term noordelike en suidelike lande bo Eerstewêreldlande en Derdewêreldlande. Ek gebruik die terme afwisselend in hierdie studie.

<sup>20</sup> Vergelyk WCC (1992:24). Harrison (1993:474) beweer dat die lande van die Noorde tussen 1850 en 1986 vir die uitpomp van 85% van die wêreld se koolstofdioksied in die atmosfeer verantwoordelik was.



tegnologies-kulturele meerderwaardigheidsgevoel gedra is. Die oorsprong van die nuwere ontwikkelingsgedagte word allerweë gesien as voortspruitende uit die ontoereikendheid van sowel die tradisionele as die komprehensiewe sendingbenadering (vgl Bosch 1991:433). Die nuwe ontwikkelingsgedagte het berus op die veronderstelling dat genoegsame finansiële insette en genoegsame tegnologiese vaardighede ekonomiese groei in die nie-Weste tot gevolg sou hê.

Kritzinger (1991:9-10) wys daarop dat die verteoretisering van hierdie nuwe ontwikkeling binne kerklike geledere verskeie ontwikkelingsstadiums sou deurloop. Mens kan nie net oornag van 'n Teologie van Ontwikkeling praat nie. Die Teologie van Ontwikkeling het deur die volgende vier fases ontwikkel:

**FASE 1:** Die sending se steun aan sekulêre ontwikkeling.

**FASE 2:** Die opkoms van bevrydingsteologie.

**FASES 3 EN 4:** Die opkoms van 'n teologie van volhoubare ontwikkeling.

Ek sal kortliks stilstaan by elke fase. By die eerste twee fases sal daar ook gekyk word na die effek van hierdie verwickelinge op die ekologie. Fases drie en vier was juis die gevolg van die feit dat daar ontdek is dat die eerste twee ontwikkelingsfases rampspoedige gevolge vir die ekologie inhou.

#### **4.3.1 DIE SENDING SE STEUN AAN SEKULÊRE ONTWIKKELING**

Die eerste fase, en die advent van die sogenaamde "Teologie van Ontwikkeling", het reeds as voorloper in Rooms-Katolieke kringe met **Mater et Magistra** (1961) en **Pacem in Terris** (1963) neerslag gevind. Hiervolgens sou die weg vir kerklike steun aan sekulêre ontwikkelaars gebaan word wat ontwikkeling in kapitalistiese kategorieë verstaan het. In **Mater et Magistra** word die ekonomiese noord-suid-verhouding volledig in terme van hulp beskryf. Die ontwikkeling van arm lande is slegs moontlik met die hulp van ryker lande (Möller 1995:116). Hierdie hulp behels die modernisering van die samelewing in sy geheel - ekonomie, landbou en tegnologie - as die antwoord op die probleme van die onderontwikkelende lande. Die rigting waarin die hele wêreld moes beweeg, is dié van ontwikkeling en modernisering. **Pacem in Terris** brei hierdie gedagtegang verder uit deur die noodsaaklikheid te onderstreep dat die arm lande, die industriële lande moet inhaal. Dit behels die verbetering van die infrastruktuur, stimulering van die landbou en nywerheid, voorsiening van onderwys en die daarstelling van mediese dienste. Die sleutel tot hierdie sukses is modernisering en tegniese vaardighede met 'n sterk klem op menseregte (Möller 1995:119-120).





Dit was egter nie net vanuit Rooms-Katolieke geleerde dat 'n Teologie van Ontwikkeling ontstaan het nie. In Protestantse kringe sou die Teologie van Ontwikkeling 'n eie unieke inslag vind. Brinkman (1988:36) wys daarop dat van Leeuwen se bekende werk, **Christianity in world history** (1964) waarin hy die ontokratiese sisteme (soos hy dit noem) kontrasteer met die sakrale sisteme en die natuurlike wêreld onder beheer van God plaas, teologies die weg sou baan vir die mens se vreeslose Bybelse verstaan van die natuur. Alleen God hoef gevrees te word en nie die natuur nie. Hierdie beskouing sou ongetwyfeld die weg baan vir 'n doelbewuste wegbeweeg van 'n statiese wêreldbeskouing met sy sikliese verstaan van tyd, na 'n toekomsgerigte historiese lewenstyl, wat op sy beurt weer die Bybelse basis tot vooruitgang en ontwikkeling verder sou versterk (vgl Kritzinger 1991:7; Ferré 1993:50). Met hierdie beskouing het Van Leeuwen in 'n bepaalde teologiese tradisie gestaan wat reeds aan die begin van die vroeë industriële era aanwesig was. Die unieke bydrae van Van Leeuwen bestaan egter daarin dat hy nou die weg sou baan om teologiese legitimiteit aan die ontwikkelingsgedagte te verleen. Westerse ontwikkelingsprogramme sou nou nie net meer plaasvind as gevolg van 'n verwronge godsdiens-kulturele beskouing soos wat die vroeëre denke van Friedrich Fabri (1824-1891) tot gevolg gehad het nie, maar sou voortaan die gevolg wees van 'n eie Westers-teologiese onderbou. Volgens Van Leeuwen is die dinamiek van die Westerse wetenskaplike en tegnologiese denke die gesekulariseerde vrug van die Judees-Christelike gods geloof (Brinkman 1991:29-31). Anders gestel, 'n moderne gesekulariseerde wêreld is juis die seën op en gevolg van die Joodse en Christelike godsdiens tradisie waarin die mens kragtens Genesis 1:26b, 28 en 2:15 die opdrag ontvang het om te "heers" oor al die diere van die aarde en om die aarde te "onderwerp". Die feit dat die mens die kultuur opdrag verkeerd verstaan het, blyk volgens Moltmann onder andere uit die spreektaal van die Westerse mens soos bv. "Natural resources are 'exploited', mountains are 'forced', rivers 'regulated', the 'virgin' forest is 'penetrated', 'ownerless property' can be 'taken over', 'secrets' are 'wrenched' from the bosom of nature" (Moltmann in Robinson 1993:487).

Bosch (1991:395-396) wys daarop dat die term heil veral sedert die tydperk van die Verligting 'n betekenisverandering ondergaan het. Heil sou voortaan die bevryding van die mens van godsdienstige bygeloof beteken, en sou voortaan fokus op die welstand en die morele verbetering van die mens. Hierdie nuwe betekenisinhoud sou lei tot 'n nuwe soteriologiese beskouing waarvolgens mense aktiewe en verantwoordelike agente sou wees. Deur die wetenskap en tegnologie in te span sou die mens materiële welvaart skep om daardeur sosio-politieke verandering te bewerk. Hoewel heil steeds 'n motiverende mag vir mense in hulle alledaagse lewe sou wees, sou dit nou ruimte vir nuwe interpretasies bied. In sekere sendingkringe kon die persoon van Jesus vir die doel van Jesus verruil word. Heil sou nie meer lê in navolgingskap aan die persoon van Jesus nie maar in navolgingskap van die doel van Jesus se aardse



lewe, naamlik om onregverdigde samelewingstrukture te verwyder en mense te bevry. Daar is geglo dat mense van honger, lyding en verdrukking bevry kon word deur hulle aan die kennis van die Verligting en tegnologie bloot te stel. So sou Emmanuel Mesthene tydens die Konferensie van Kerk en Samelewing in Genève in 1966, heil verstaan as die bekendstelling van die Westerse tegnologiese vooruitgang. Vir Mesthene sou heil lê in die grootskaalse uitbreiding van tegnologiese ontwikkeling, sodat alle lande sou kon deel in die rykdom van die Weste. Ook *Gaudium et Spes* (1965) van die Tweede Vatikaanse konsilie en *Populorum Progressio* (1967) deel hierdie heilsbeskouing. In *Populorum Progressio* 76 (1967) beweer Pous Paulus VI dat ontwikkeling en vrede as sinonieme terme beskou kan word (Bosch 1991:434; Möller 1995:129). Al wat die Derde Wêreld volgens hom nodig gehad het was tyd om sy agterstand op Westerse ontwikkeling in te haal. Binne afsienbare tyd, so is geglo, sou die hele wêreld soos die tegnologies-ontwikkelde Weste lyk. Die pous pleit in hierdie ensiklik vir beter koördinasie van ontwikkelingsaksies en waarsku teen die gevaar van neokoloniasie in bilaterale hulpooreenkomste; verder pleit hy ook vir groter geregtigheid in internasionale handelsverhoudinge. McDonagh (1990:177) is egter korrek wanneer hy een van die groot gebreke van *Populorum Progressio* sien in die feit dat dit in sy aansluiting by Genesis 1:28 steeds vir 'n ongekontroleerde heerskappy oor die aarde ruimte laat, aangesien daar geen waarskuwing ten opsigte van die impak van industrialisasie op die omgewing vermeld is nie. *Populorum Progressio* beoordeel die proses van industrialisasie alleen positief.

Ook verwickelinge binne die Wêreldraad van Kerke tot en met die Uppsala-byeenkoms in 1968 is deur dieselfde gees van optimisme in ontwikkeling gekenmerk as wat daar binne Rooms-Katoliekegeledere bestaan het. In 1968 bereik hierdie gees 'n hoogtepunt by die Wêreldraad van Kerke-byeenkoms in Uppsala waar 'n hele seksie (seksie III) aan wêreldekonomiese en sosiale ontwikkeling gewy word. Ironies genoeg sou die ontwikkelingsgedagte, wat tóe reeds as gevolg van ander radikale politieke uitsprake bevrraagteken is, nog nie ingang vind binne die Wêreldraad van Kerke nie (vgl WCC 1968:45-55).

Die gees van optimisme van die sestigerjare sou ook tot in die sewentigerjare voortduur. Sundermeier (1986:72f) wys op die feit dat die Duitse Protestantse Kerke so laat as 1973 nog vol entoesiasme was oor die ongekende moontlikhede wat Westerse tegnologiese ontwikkeling vir die hele wêreld sou inhou.

Waar die ontwikkelingsdenke op die oog af onskuldig gelyk het en veronderstel was om tot seën en heil vir die wêreld te lei, sou bepaalde gebreke binne hierdie model van ontwikkeling katastrofale ekologiese gevolge inhou. Daar is veral vyf groot gebreke wat inherent aan sekulêre ontwikkeling was.

- (1) Ontwikkeling sou gepaardgaan met die verbreiding van 'n Eerstewêreldkultuur.
- (2) Ontwikkeling sou sinoniem wees met Westerse modernisasie.
- (3) Ontwikkeling sou Westerse "eenrigting"-beheer veronderstel.
- (4) Ontwikkeling sou berus op Westerse grondbesit.
- (5) Ontwikkeling sou Westerse ekonomiese beheer veronderstel.

Ek fokus kortliks op elkeen van hierdie gebreke, en toon die nadelige effek daarvan op die ekologie.

#### **4.3.2 GEBREKE AAN SEKULÊRE ONTWIKKELING:**

##### **4.3.2.1 ONTWIKKELING SOU GEPAAARDGAAN MET DIE VERBREIDING VAN 'N EERSTEWÊRELDKULTUUR**

Die sukses wat die industrieel ontwikkelde lande in die eerste helfte van die twintigste eeu behaal het, sou die Weste onwrikbaar laat glo dat Westerse ontwikkeling en die tipiese Westerse lewenswyse die enigste doelwit of ideaal vir die nie-Weste moet wees. Daar is met vanselfsprekendheid aanvaar dat onderontwikkelde lande in terme van die Westerse kultuur ontsluit moes word. Die Westerse kriteria van 'n gemoderniseerde en tegniese-industriële kultuur sou as maatstaf vir ontwikkeling gebruik word. In die proses is daar nooit krities na die Westerse kultuur self gekyk nie. Meer nog as in die geval van die voorindustriële en die vroeë industriële era is die nie-Westerse kulture as materieel, moreel en geestelik agterlik beskou (Harrison 1993:48). Westerse ontwikkeling in die Derde Wêreld sou egter die volgende nadele inhou:

- Westerse ontwikkeling sou nooit genoegsaam met die interne sosio-politieke en kulturele gewoontes van die Deredewêreldlande rekening hou nie. Daarom sou ontwikkeling nie respek hê vir die tradisionele leefwyse van eenvoud en simbiose nie. Ontwikkeling sou in die meeste gevalle daarop gemik wees om 'n Eerstewêreldkultuur binne die Derde Wêreld te vestig. 'n Westerse geldgerigte ekonomie is in die nie-Weste ingedwing (Bragg 1987:25). Die verskil tussen 'n Westerse en nie-Westerse kultuur verduidelik Robinson as volg (1991:148):

*"Modern Western civilisations are one-sided programmed for progress, development, growth, expansion, conquest and gain. If we compare it with pre-modern cultures, says Moltmann, the difference is immediately obvious: it is the difference between growth and equilibrium."*



Gutiérrez wys daarop dat daar bepaalde voorwaardes is wat te alle tye in die proses van ontwikkeling in gedagte gehou behoort te word. Een hiervan is dat daar altyd met elke land se interne dinamika, wat vir sy "onderontwikkeling" verantwoordelik is, rekening gehou moet word. Dit sou dus foutief wees om vanuit die staanspoor net te aanvaar dat onderontwikkeling met 'n gebrek aan Westerse tegnologiese kennis en Westerse vaardighede te make het (Anderson & Dawsey 1992:46).

- Westerse ontwikkeling sou vanuit 'n reduksionistiese sienswyse opereer, waarin die mens as persoon dikwels losgemaak is van sy handeling. Die feit dat die mens multidimensioneel is, is nie in die proses van ontwikkeling verreken nie (Bragg 1987:24). Dit sou tot die versplintering van die mens se geestelike, kulturele en verhoudingskomponente lei (Sine 1987:7). Hoewel Derdewêreldlande in die voorontwikkelingsfase seker wel 'n geriefliker leefwyse verlang het, het ontwikkeling in dié meeste gevalle die verlies van familiekoehsie, groepsamewerking en gemeenskapswaardes beteken (Bragg 1987:21).
- Die feit dat ontwikkeling aan Westerse kultuurmaatstawwe gemeet is, sou daartoe lei dat Derdewêreldlande nooit die geleentheid gebied is om 'n eie kontekstuele ontwikkelingsdoel te formuleer nie. Dit sou meebring dat nuwe ontwikkelingsprojekte slegs die replika van 'n Westerse model sou najaag waarin binnelandse faktore soos kulturele gewoontes, gebruike en tradisies, asook politieke strukture en institusies nooit in berekening gebring is nie. Dit is juis hierdie faktore wat 'n land se ontwikkeling behoort te bepaal.
- Binne Westerse ontwikkeling is tegniese kennis en tegniese vaardighede los van die godsdienstige en sosiologiese konteks gesien. Westerse ontwikkeling sou dus nie op 'n een-tot-een-basis in die Derde Wêreld dieselfde "suksesse" kon verwag nie (vgl Nürnberg 1982:240-248).
- Die ontwikkelingsgroei in die Derde Wêreld sou aan dieselfde standaard gemeet word as waaraan ontwikkeling in die Weste gemeet is, nl bruto nasionale produk. Die probleem is dat dit op die oog af mag lyk of 'n land goeie ontwikkeling beleef het, terwyl armoede en werkloosheid bly voortbestaan (Wilkinson 1981:86; Möller 1995:218). Die beste voorbeeld in dié verband is dan juis Suid-Afrika waar daar in die sewentigerjare 'n geweldige hoë bruto nasionale produk gelewer is, maar waar daar ook terselfdertyd volskaalse armoede en onderontwikkeling aan die orde was. Om die rede het U Thant reeds aan die begin van die Verenigde Volke se eerste ontwikkelingsdekade daarop gewys dat ontwikkeling nie aan die Westerse maatstaf van bruto nasionale produksie beoordeel behoort te word nie, maar dat dit eerder beoordeel behoort te word aan die mate waarin 'n land se armoede, werkloosheid en ongelykheidsvraagstuk verbeter is (Wilkinson 1981:86). Seers (in Wilkinson 1981:86) verduidelik dit as volg:



*"If one or two of these central problems have been growing worse, especially if all three have, it would seem strange to call the result 'development', even if per capita income had doubled."*

In die lig van bogenoemde is 'n mens dit te wagte dat ontwikkelingsprogramme in die Derde Wêreld baie van die oorsake van onderontwikkeling nie sou aanspreek nie maar eerder 'n bydrae tot onderontwikkeling en armoede op die lang termyn sou lewer.

#### **4.3.2.2 ONTWIKKELING SOU SINONIEM WEES MET WESTERSE MODERNISASIE**

In die tydperk wat op die Tweede Wêreldoorlog gevolg het, het die moderniseringsmodel van ontwikkeling sterk veld begin wen. Regeringsinstansies sowel as multinasionale maatskappye in die Eerste Wêreld het vas geglo dat Westerse tegnologie en modernisasie die oplossing vir die Derde Wêreld se armoede- en onderontwikkelingsvraagstukke was (Bragg 1987:22). Daar is geglo dat die moderne Westerse industrialisasieproses dit self in die onderontwikkelde lande van die wêreld moes inwerk. Die wyse waarop dit sou plaasvind sou deur die oordrag van kennis, tegnologie en kapitaal wees. Die hoop is gekoester dat dit tot grootskaalse produksie en vooruitgang sou lei. Daar is natuurlik nooit met die volgende rekening gehou nie:

■ Westerse modernisasie was die gevolg van 'n Westerse denkwysie, wat nie eenvoudig in die Derde Wêreld toegepas kon word nie. Wat in een kultuur vatbaar en haalbaar is, is nie noodwendig haalbaar en net so oordraagbaar binne 'n volgende kultuur nie (Bragg 1987:23). Harrison (1993:49) wys daarop dat die proses van Dêrdewêreldse verwestersing gepaardgegaan het met wat sosioloë as die verwysingsgroeptrede beskryf. Dit word gesien as die optrede wanneer een groep doelbewus die gewoontes, gebruike en lewensstyl van 'n ander groep navolg in die hoop dat dit tot 'n hoër kulturele vlak sal lei. Juis dit was een van die grootste misopvattinge omdat Westerse ontwikkeling nie noodwendig tot materiële welvaart en 'n beter lewenswyse binne die Derde Wêreld sou lei nie (Bragg 1987:21). Hoewel die ontwikkelingsjare tussen die sestiger- en die negentigerjare deur grootskaalse ontwikkelingsprojekte in die Derde Wêreld gekenmerk was, sou moderne ontwikkelingsprojekte soos die bou van groot damme, snelweë, kragstasies en fabriekke geensins die armoede in die Derde Wêreld verlig nie (Granberg-Michaelson 1992:3). Inteendeel, ontwikkeling sou dikwels juis sake vererger. So byvoorbeeld sou daar in Dêrdewêreldlande van Afrika en Suid-Asië astronomiese bedrae aan militêre begrotings bestee word, soms twee tot drie maal groter as die totale begroting op onderwys en gesondheid (WCC 1992:27). In 1990 alleen was die militêre bestedings in die Derde Wêreld sowat sewentig persent meer as wat die besteding aan gesondheid en opvoeding was (Harrison 1993:449).



#### 4.3.2.3 ONTWIKKELING SÔU WESTERSE "EENRIGTING"-BEHEER VERONDERSTEL

Westerse ontwikkeling sou van meet af aan eenrigtingbeheer veronderstel. Die Weste sou self besluit wat vir die Derde Wêreld nodig was, sonder dat enige voorafkonsultasie oor spesifieke Derdewêreldse behoeftes plaasgevind het (Bragg 1987:23-25). Westerse ontwikkelingsprojekte het bepaalde strukturele afhanklikheidsmeganismes ingebou wat die Weste self sou bevoordeel (Morgan 1989:79). Hoewel dit op die oog af gelyk het of ontwikkeling die gevolg was van die Eerste Wêreld se besorgdheid oor die armoede en onderontwikkeling van die Derde Wêreld, sou die tyd leer dat daar verskuilde motiewe was. Een so 'n verskuilde motief was die ideologiese ondertone waaruit ontwikkeling aangedryf was. Granberg-Michaelson (1992:2) wys daarop dat ontwikkeling deur beide die Weste en die kommunistiese lande gedurende die jare van die Koue Oorlog om ideologiese redes aangewend is en nie geregtigheidsgeïnspireerd was nie. Vir die Weste, onder die leiding van die Verenigde State van Amerika, was die hoofdoel om die ideaal en groei van Adam Smith se kapitalisme ten koste van Karl Marx se kommunisme te bevorder. Vir die Ooste, onder die leiding van die Sowjetunie, het ontwikkeling slegs gedien om politieke gesag by arm Derdewêreldlande in te boesem. In beide gevalle was ontwikkeling nie op die armoedevraagstukke van die wêreld gerig nie maar was die hoofmotief slegs die van ideologiese beheer oor die Derde Wêreld (Ecumenical Institute 1993:37).

#### 4.3.2.4 ONTWIKKELING SÔU BERUS OP WESTERSE GRONDBESIT

Die opkoms van die kapitalistiese ekonomiese stelsel in die wêreld sou 'n geheel nuwe benadering in die mens se sienswyse teenoor grond tot gevolg hê. Voortaan sou grond gereken kon word as 'n ekonomiese kommoditeit wat vir die uitsluitlike doel van winsbejag geobjektiveer kon word (WCC 1992:24). In die vorige hoofstukke het ons onder andere gesien dat hierdie sienswyse die dryfveer in die proses van kolonisasie sou word. Die Westerlinge het die inboorlinge slegs raakgesien omdat hulle grond beset het wat die potensiaal had om hulle lewens en welvaart te verbeter (vgl Sine 1987:7).

Die proses van kolonisasie sou daartoe lei dat die besit van grond slegs vir 'n klein groepie individue beskore was. Anderson en Dawsey (1992:2) wys daarop dat daar 'n omgekeerde verband tussen die verskynsel van wêreldarmoede en die besit van grond bestaan. Selfs na die onafhanklikheidsdekade van die sestigerjare behoort 75% van die totale grondoppervlak van die wêreld aan 'n skrale 2,5% van die wêreld se totale bevolking. Ongeveer die helfte van hierdie 75%-grondoppervlak word op sy beurt weer deur 'n skrale 0,23% van die wêreld se bevolking besit (ibid). Aangesien groot dele grond aan die begin van die ontwikkelingstydperk reeds aan persone en instansies in die Eerste Wêreld behoort het, kon daar verwag word dat die winste uit



ontwikkelingswerk feitlik sonder uitsondering na die Eerste Wêreld sou terugvloei. Ontwikkelingswerk is van meet af aan doelbewus so bestuur dat dit voordeel aan die grondeienaars uit die Eerste Wêreld sou bring. Die enigste bydrae wat ontwikkelingsprojekte vir die inboorlinge sou inhou, was dat dit tot werksverskaffing gelei het. Ongelukkig sou besoldiging altyd laag wees, en tot geen kapitale groei lei nie. Die kapitale groei wat wel sou plaasvind, het sonder uitsondering na die sakke van die grondbesitters gevloei (Anderson & Dawsey 1992:14). Dit is om dié rede dat ekonome dit eens is dat ekonomiese groei in die Eerste Wêreld en ekonomiese agteruitgang in die Derde Wêreld aan die voorkoms van (geërfde) rykdom, politieke mag, wetenskaplike en tegnologiese kennis en militêre mag toegeskryf kan word (WCC 1992:19). In plaas daarvan dat die ontwikkelingsprogramme tot die ontwikkeling van die onderontwikkelde wêreld moes lei, was dit slegs die ontwikkelde wêreld wat hierby sou baat vind. Volgens Bragg (1987:25-27) kan mens noodwendig verwag dat hierdie toedrag van sake 'n invloed op die ekologie sal hê. Die Bruntland-verslag **Our Common Future** wys op die direkte verband wat daar tussen armoede en die huidige ekologiese krisis bestaan, en wys daarom op die dringende noodsaaklikheid dat die nood van armes verlig moet word (Sugden 1993:120). Op die huidige oomblik gebruik twee vyfdes van die wêreld se bevolking steeds vuurmaakhout as brandstof. Die feit dat hierdie mense arm is laat vir hulle geen alternatief nie. Vrugbare gebiede word op dié wyse teen 'n geweldige tempo gestroop.

Aanvanklik is die blaam vir die omgewingskrisis slegs op die armes van die wêreld geplaas maar die bordjies is grootliks in 1972 tydens 'n omgewingskonferensie in Stockholm, Swede verhang, toe Indira Gandhi van Indië in haar voorlegging die volgende bewering namens die armer lande van die wêreld gemaak het (Gränberg-Michaelson 1992:9-10):

*"Poverty is the biggest polluter. If you are interested in us not polluting, help us get rid of our poverty."*

Die arm mense van die wêreld plaas wel ter wille van oorlewing 'n ekstra las op die natuur, maar die rykes van die wêreld is juis in baie opsigte die oorsaak hiervan. Abraham verwoord die ekologiese krisis soos volg (Abraham 1994:66):

*"The ecological crisis is rightly the cry of the poor."*

Tussen armoede en die besit van grond bestaan daar 'n direkte (omgekeerde) verband. Die Wêreldraad van Kerke stel dit in een van sy studiedokumente soos volg:

*"Poverty is not accidental, it is not the result of some law of nature, it is not inevitable but the result of policies and institutions which can and must be changed" (WCC 1990b:2).*



Reeds in 1975, tydens die Vyfde Algemene Vergadering van die Wêreldraad van Kerke in Nairobi, is die geregtigheidsvraagstuk in terme van armoede ter sprake gebring. Insake die oorsaak vir wêreldarmoede het die vergadering homself soos volg uitgelaat (in McGinnis 1979:4):

*"Poverty, we are learning, is caused primarily by unjust structures that leaves resources and the power to make decisions about the utilization of resources in the hands of a few within nations and among nations, and that therefore one of the main tasks of the Church when it expresses its solidarity with the poor is to oppose these structures at all levels."*

Die welsyn van die aarde is afhanklik van 'n fyn wisselwerking tussen ekonomiese ontwikkeling, lewenskwaliteit en omgewingsgesondheid (Huntley et al 1989:12). Ekologiese oplossings sal nie gevind word alvorens daar indringend aandag aan regverdige grondverdeling geskenk word nie.

#### **4.3.2.5 ONTWIKKELING SOU WESTERSE EKONOMIESE BEHEER VERONDERSTEL**

##### **EKONOMIE EN EKOLOGIE**

Die ekonomie beïnvloed nie net elkeen van ons se daaglikse lewe nie maar het ook 'n baie beduidende invloed op die ekologie. Volgens 'n studiedokument van die Wêreldraad van Kerke<sup>21</sup> was ekonomiese aangeleenthede tydens die Wêreldkonvokasie oor Justice, Peace and the Integrity of Creation (JPIC) in 1990 in Seoel, Korea net so hoog op die agenda as enige ander sake wat bespreek is (WCC 1992:12). Tydens die Aardespitsberaad van die Verenigde Nasies (VN) in Rio de Janeiro in 1992 wys die sekretaris-generaal van die VN daarop dat ekologie en ekonomie as interafhanklik beskou moet word. In sy verwysing na die Griekse afkoms van beide woorde toon hy ook aan dat ekologie ekonomie veronderstel en andersom (in Granberg-Michaelson 1992:7):

*"ecology is, by its very nature part of economy".*

Die woord ekonomie (**oikonomos**), afgelei van twee Griekse woorde, naamlik **oikos** wat huis beteken en **nomos** wat bestuur beteken dui in sy saamgestelde betekenis op die bestuur van 'n huishouding (WCC 1992:4; Wilkinson 1981:152; Bhagat 1990:108). Hoewel dit moontlik sou wees om vele ander betekenisnuanses<sup>22</sup> aan die woord ekonomie te gee word die term ekonomie hier gebruik om te dui op die produksie,

---

<sup>21</sup> WCC (1992).

<sup>22</sup> vgl WCC 1992:4.





verspreiding en verbruik van materiële goedere en dienste, en die wyse waarop hierdie prosesse beheer en gekontroleer word (vgl WCC 1992:4-5). S6 gesien is ekonomie nie iets wat los staan as 'n aparte lewensfeer nie maar eerder 'n manier om groot komplekse sosiale en gemeenskapsverskynsels te verstaan. Wilkinson (1981:152) wys daarop dat die woord *oikonomos* dui op die bestudering van 'n eie huishouding terwyl *oikologos* verder gaan deur te wys op die mens se omvattende huishouding - die wêreldgemeenskap met alle lewende organismes in hulle interafhanklike verhouding tot mekaar. Ekonomie kan dus gesien word as die bestuur van die huishouding, terwyl ekologie handel oor die bestudering van die gehele struktuur van die huishouding (vgl Luscombe in Lubbe 1994:55). Die feit dat daar 'n verband tussen die bestuur en die struktuur van die huishouding bestaan, veronderstel die noodsaaklikheid dat ekologie en ekonomie nie meer as losstaande realiteite beskou kan word nie. Om die huishouding korrek te kan bestuur, is die bestudering daarvan noodsaaklik. Wilson (1981:152) toon aan dat die manier waarop die menslike huishouding bestuur word so 'n ernstige bedreiging vir die aarde se huishouding geword het, die noodsaaklikheid onderstreep dat 'n studie van die ekologie nie gedoen kan word sonder 'n studie van die ekonomie self nie (en andersom). Vir te lank was daar geen gesprek tussen ekonome en ekoloë gewees nie. Ook Nürnberger (1987:45) maak dit duidelik dat die ekologiese krisis vir geen oomblik los gesien kan word van die globale wêreld ekonomie as sisteem nie. Die JPIC-proses sedert Canberra druk die verhouding ekologie en ekonomie uit as intiem en onlosmaaklik van mekaar (WCC 1992b:38).

Vandag se ekonomie kom neer op 'n swak bestuur van die huishouding, en daarom sou ons kan sê dat die ekonomie direk teenoor die ekologie staan. Waar die ekologie vra na harmonie is die huidige wêreld ekonomie eerder uit op die versteuring van daardie harmonie (Bhagat 1990:108). Anders as 'n paar dekades gelede is ekonome dit vandag eens dat baie van die ekologiesekrisis-vraagstukke wat die wêreld vandag in die gesig, staar die direkte gevolg van Derdewêreldlande se posisie in die internasionale ekonomiese mark is:

- *"Clearly, by far the largest part of the problem has its origin in the world's economy, as it has developed in the last three to four centuries. This of course has been the period of the emergence of capitalism, communism, socialism and of the bourgeois and industrial revolutions; of utilitarianism; of coal and steam and railroads, of steel and electricity and chemicals, of petroleum and automobile, of mechanized and chemicalized agriculture - and of the rapid urbanization of the world's population" (Bhagat 1990:111).*
- *"An unjust world economic order is at the root of many threats to life. It has created economic, financial and social mechanisms that accelerate the increasing gap between the poor and the rich. Political and military powers have set up structures*



*backed by national security doctrines. In collusion with economic powers, they not only prepare and wage wars, but also suppress the economic demands of the people, and devastate the natural environment with the testing and deployment of nuclear and bio-chemical weapons" (WCC 1990:18).*

- *"Moreover, there is a growing awareness of the organic link between the destruction of the environment and social, economic and political injustice" (Abraham 1994:65).*

Tensy die probleem van die Derde Wêreld se ondergeskiktheid in die internasionale ekonomie en die tempo van verbruik deur die ryker lande van die wêreld indringend gaan aandag kry, sal die omgewingskrisis net nog verder uitbrei (Klugman 1991:70). Daar is vandag té veel ekonome wat juis in teenstelling met ekoloë die aarde as 'n rou stuk onbewerkte materiaal sien. Dit lei tot die ontwrigting van die samehangende eenheid in die natuur (Bhagat 1990:108). Wendell Berry (1987:133) wys daarop dat die ekonomie tans anders beoordeel moet word:

*"It is not the record of our life at home but the fever chart of our consumption."*

Jung (1993:25) sluit hierby aan wanneer hy beweer dat daar 'n waarde krisis in die ekonomie bestaan:

*"The primary values of the economy are production and consumption."*

Een van die groot probleme met die huidige 'industriële ekonomie' bestaan daarin dat die ekonomie homself los van die ekologie sien. Vandag sien die 'klein ekonomie' homself trouens as die enigste ekonomie (Berry 1987:64). In plaas daarvan dat die 'klein ekonomie' in harmonie met die 'Groot Ekonomie' handel, is die klein ekonomie daarop uit om die Groot Ekonomie te verower (:65). Berry (1992:43) sien die enigste uitweg uit hierdie toedrag van sake nie in 'n terugkeer na 'n voorindustriële era nie, maar na 'n staat waarin die 'industriële ekonomie' homself in harmonie met die Groter Ekonomie stel. So 'n ekonomie noem hy 'n "loving economy" wat daarna streef om egte waarde aan die hele materiële wêreld van grond, water, lug en lig tot by verbruikte artikels toe te ken (:144).

Ontwikkeling moet te alle tye ekonomiese groei vir die ganse aarde inhou. Herman Daly, senior ekonoom in die omgewingsdepartement van die Wêreldbank, beweer dat die armoedevraagstuk, en die gevolglike ekonomiese wanbalans in die wêreld, die gevolg is van 'n gebrek aan visie deur Westerse lande om in te sien dat enige ekonomie slegs 'n subsisteem van 'n groter ekonomiese geheel is, wat weer deel van 'n geslote ekologiese sisteem vorm. Enige ekonomiese vooruitgang van 'n subsisteem wat lei tot ekonomiese agteruitgang van 'n ander subsisteem hou dus algehele ekonomiese agteruitgang vir die aarde in. Ekonomiese groei op een plek ten koste van 'n ander maak die taak in die voorkoming van armoede op die lange duur slegs



moeiliker (Granberg-Michaelson 1992:5). Die konflik tussen ekologie en ekonomie in ons tyd is daarin geleë, dat dit vir ekoloë om stabiliteit en ewilibrum gaan terwyl dit vir ekonome om groei, profyt en uitbreiding gaan (Bhagat 1990:108). Die groot uitdaging in ons tyd is dat ekonomiese en ekologiese beginsels met mekaar versoen moet word. Interessant genoeg word die woord **oikonomos** in die Nuwe Testament telkens daár gebruik waar dit gaan om rentmeesterskap.

Ekonomiese denke moet dus eintlik so verbreed word dat dit sake soos 'n herverdeling van monetêre rykdomme en inkomste insluit asook die regverdige toegang tot die mineraalbronne van die planêet. Ekonomie veronderstel rentmeesterskap.

Die geskiedenis van die wêreld ekonomie gedurende die afgelope vyf eeue was allesbehalwe 'n geskiedenis van harmoniese wisselwerking tussen die kleiner en die groter ekonomie. Dit was veral die Weste of Eerste Wêreld se vergryp aan ekonomiese mag wat daartoe sou lei dat daar 'n versteuring in ekologiese ewewig sou intree. Hierdie vergryp van mag sou in ons tyd lei tot twee van die wêreld se grootste ekonomiese probleme, naamlik:

- Die totstandkoming van 'n ryk Noorde en 'n arm Suid; asook
- 'n kommerwekkende groei in die globale skuld krisis.

Op sy beurt hou hierdie twee probleme noodlottige gevolge vir die ekologie in. Vervolgens sal ons kortliks hierna kyk.

#### **WESTERSE VERGRYP AAN EKONOMIESE MAG LEI TOT ONDERONTWIKKELING**

Die ontwikkelingsteorieë van sekulêre ontwikkelaars en teoloë tot die einde van die sestigerjare was van meet af aan gedoem tot mislukking as gevolg van 'n onregverdige ekonomiese beheerstelsel. Hiervolgens sou die ontwikkelde lande die mag hê om beheer oor die nieontwikkelde lande uit te oefen (Chikane 1990:4; WCC 1992b:36). Gutiérrez (1973:82) wys daarop dat Derdewêreldontwikkeling vanaf sy beginjare juis gepropageer was deur organisasies wat aan Westerse belange verbonde was. Die vertrekpunt het op sosiale ongelykheid berus, wat een van die voorvereistes vir vinnige kapitale groei vorm (vgl Anderson & Dawsey 1992:5).

Presies hoe hierdie onregverdige ekonomiese beheerstelsel werk, word deur 'n studiedokument van die Wêreldraad van Kerke (WCC 1992) soos volg verduidelik. Daar bestaan twee meganismes wat in die huidige wêreld ekonomie tot onreg lei: 'n onregverdige verdeling van rykdom asook die globale skuld krisis.

Die eerste meganisme is die bepaling van en beheer oor 'n internasionale handelsmark. Anders as in die verlede is feitlik alle markte vandag internasionaal. Produksie, investering, finansiering en handel is globale realiteite, wat plaaslike markte



binne enkele lande of buurlande feitlik geheel en al uitgeskakel het (WCC 1992:20). Die feit dat persoonlike rykdom vir baie mense die enigste doel is waarna gestreef word, en die feit dat dit aangemoedig word in die naam van "die vryheid van keuse", hou 'n ernstige bedreiging vir die armer lande in. Rykdom in een deel van die wêreld het armoede in 'n ander deel van die wêreld tot gevolg (Elsdon 1992:89; 218). Hierdie gegewenheid word vandag algemeen beskryf as die **New World Order**. Die **New World Order** word veral gekenmerk deur 'n tripolêre konstellasie waarin die VSA, Japan en die Europese gemeenskap die basis van 'n globale internasionale mark vorm.

'n Tweede meganisme vloei voort uit die eerste. Die feit dat die lande in die Noorde as gevolg van gemeenskaplike belange 'n ekonomiese magsblok verteenwoordig, veroorsaak dat hulle markpryse na goeë dunde kan bepaal (Harrison 1993:343; Dorr 1991:9; WCC 1992b:36; Roberts 1994:137; McGinnis 1979:31). Dit veroorsaak dat die armer lande van die wêreld die pryse van hul land se produkte moet aanpas by die vraag, soos deur die ekonomiese magsblokke bepaal (Harrison 1993:346-347). Wat betref die eerste probleem wys Smith (1968:44) daarop dat Brasilië voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog 'n Fordmotor kon koop in ruil vir vyf sakke koffie terwyl dieselfde artikel, Derdewêreldlande ongeveer twintig jaar later, 260 sakke koffie sou kos. In die afgelope aantal dekades was dit juis die artikels in aanvraag vanaf die armer lande van die wêreld wat al hoe duurder sou word terwyl die aanbod vanaf die armer lande (grondstowwe) aan die afneem was (WCC 1992:19). Klugman (1961:69) wys daarop dat koloniale ekonomieë van die Derde Wêreld juis so ontwikkel is dat dit die Europese ekonomiese belange sou dien. Hierdie ekonomieë se rol in die internasionale ekonomiese markte was slegs om as verskaffers van rou materiale op te tree (vgl WCC 1992b:36). In internasionale handel is dit meestal die onderontwikkelde lande wat rou materiale aanbied, terwyl die ontwikkelende lande die geprosesseerde goedere aanbied (Harrison 1993:347). Op sy beurt het geprosesseerde goedere 'n groter waarde as rou materiaal en gevolglik kan die onderontwikkelende lande dit geënsins bekostig nie. Die gevolg hiervan is dat armer lande meer moet betaal vir invoer as wat hulle verdien uit uitvoere. Die regerings van lande in die Suid kan gevolglik niks doen aan die armoedeprobleem nie want hulle verdien steeds 'n laer inkomste uit uitvoer. Die beheer van hierdie sisteem is in die hande van die Internasionale Monetêre Fonds wat huidig in die Derde Wêreld 'n al groter skeldnaam kry (vgl WCC 1992b:36). Die feit dat arm lande oor geen internasionale ekonomiese mag beskik nie veroorsaak dat hierdie bose kringloop geënsins verbreek kan word nie (Elsdon 1992:219). Hierdie siklus herhaal homself voortdurend en in die proses van herhaling word die gaping tussen die "haves" en die "have nots" jaarliks groter (Elsdon 1992:219; Nürnberger 1987:56). Alvin Toffler sien die sogenaamde "trickle down economics", wat kenmerkend van Westerse teorieë is, se





grootste gebrek daarin dat dit daartoe sou lei dat die ryk Noorde die arm Suide s6 behandel dat die Suide geen wedersydse voordeel uit ontwikkeling sou trek nie maar slegs as gaspomp, tuin, myn, afvalhoop en plek van goedkoop arbeid gebruik sou word (in Sine 1987:13).

'n Verdere manier waarop die ryker lande se ekonomie6 deur die armer lande gedien word, bestaan daarin dat luukse artikels in die naam van "ontwikkeling" binne die armer lande vervaardig word terwyl dit geensins op die behoeftes van die inwoners in di6 lande gerig is nie (Anderson & Dawsey 1992:14; N6rnberger 1987:58).

Armoede en onderontwikkeling het dus nie noodwendig met 'n gebrek aan Westerse kennis en modernisasie te make nie, maar ook met globale ekonomiese strukture. Daarom voer Klugman (1991:69) aan dat dit verkeerd is om die rykdom van die Eerste W6reld en die armoede van die Derde W6reld as aparte verskynsels wat in geen direkte verband tot mekaar staan nie, te sien. Dorr (1991:10) sien die manipulasie van markpryse deur die ryker lande van die w6reld as 'n nuwe vorm van kolonisasie en verowering. Dit was veral die "dependencia"- (afhanklikheid) teorie, wat in Latyns-Amerika ontwikkel is, wat hierdie gebreke aan die kaak sou stel. Volgens hierdie teorie word die ekonomie6 van die neokoloniale lande van die Derde W6reld as perifere ekonomie6 gesien, terwyl die geïndustrialiseerde en ontwikkelde lande van die w6reld sentrale ekonomie6 het. Die saambestaan van ryk en arm lande in een internasionale stelsel funksioneer op so 'n manier dat dit, doelbewus of nie, al moeiliker en selfs onmoontlik geword het vir die Derde W6reld (periferie) om sy afhanklikheid af te skud. Hierdi6 lande word afhanklik gehou deur die ontwikkelde lande se dominerende van handelspryse, internasionale handelsooreenkomste en geldmarkte en selfs deur die beïnvloeding van die interne politiek en ekonomie van die arm lande (M6ller 1995:224-225; vgl N6rnberger 1983:12-13).

Die feit dat die Noorde oor al die ekonomiese mag beskik hou nie net alleen 'n bedreiging vir die mens van die Suide in nie. Die mag en beheer in die bepaling van internasionale markte hou ook ernstige bedreiginge vir die aarde in:

*"They (verwysende na die Noorde) impose economic arrangements that often cause massive poverty and ecological destruction" (WCC 1992b:38).*

Die feit dat die lande van die Noorde se minerale rykdomme in sommige gevalle reeds geheel en al uitgeput is, bied vir hierdie lande die motivering om ekonomiese beheer op w6reldmarkte uit te oefen, aangesien dit hulle die geleentheid bied om die armer lande se mineraalbronne te eksploiteer (Biggs 1991:36).

Dorr (1991:10) vat alles wat tot dusver ges6 is treffend saam wanneer hy die volgende bewering maak:



*"It is clear that much of what was called 'development' was actually exploitation. Firstly, it was an exploitation of natural resources, starting usually with the resources of the country that was undergoing 'development' and moving on quickly to those of 'less developed' countries."*

Onreg op ekonomiese gebied sou twee verskynsels tot gevolg hê:

- (1) Die verdeling van 'n wêreld in 'n ryk Noorde en 'n arm Suid.
- (2) 'n Globale wêreldskuld krisis.

Ons sal ook kortliks kyk na die effek hiervan op die ekologie.

### **EKONOMIESE ONREG SOU LEI TOT DIE VERDELING VAN DIE WÊRELD IN 'N RYK NOORDE EN ARM SUIDE**

Moderne kapitalisme wat geskoei is op die filosofie van Adam Smith het 'n nuwe wêreld geskep. Newbigini (1986:110) beskryf die rykdom en welvaart van die moderne Westerse wêreld treffend wanneer hy dit met die wêreld van ouds kontrasteer:

*"we live in a world in which millions of people enjoy a standard of material wealth that few kings and queens could match then".*

Tog, ten spyte hiervan leef meer as een biljoen van die wêreld se bevolking in armoede. Hulle het 'n tekort aan die mees basiese noodsaaklikhede soos kos, water, opvoeding en gesondheidsdienste. Miljoene mense wat jaarliks sterwe, sterwe juis as gevolg hiervan (Elsdon 1992:219). Een van die mees opvallende en kommerwekkende verskynsels binne die huidige wêreld ekonomie is juis hierdie groeiende gaping tussen die rykes en die armes van die wêreld. Hoewel hierdie verskynsel in alle lande aanwesig is, is daar tog 'n opvallende globale verskynsel merkbaar, sodat 'n mens kan praat van die ryker Noorde en die armer Suid (WCC 1990b:2; Harrison 1993:12). Die **Report of Human Development** van die Verenigde Volke se Ontwikkelingsprogram wys daarop dat daar in die drie ontwikkelingsdekades tussen 1960 en 1989 'n algemene verskynsel van groeiende rykdom en groeiende armoede plaasgevind het. Die ryker lande het hulle aandeel in die globale nasionale produksie van 70,2% tot 82,7% verhoog terwyl daar 'n duidelike daling van 2,3% na 1,4% by die armer lande van die wêreld aanwesig was (WCC 1992:18-19). Die huidige verdeling van rykdom en armoede as wêreldverskynsels kan nie los van mekaar gesien word nie en daarom verwoord 'n studiedokument van die WRK hierdie tendens as volg (WCC 1990:4):

*"The wealth of Northern peoples must be seen as 'the other side' of poverty in the Southern hemisphere."*



'n Kontinent soos Noord-Amerika waar maar 6% van die wêreld se totale bevolking woonagtig is, lewer 35% van die wêreld se bruto nasionale produk terwyl die inwoners van Asië en Afrika wat 63% van die wêreld se bevolking uitmaak slegs 11% van die wêreld se bruto nasionale produk lewer (:76). Die effek op die ekologie is katastrofies van aard. Biggs (1991:36) verduidelik dit as volg:

*"Our time is different from any other period in history because of the rate at which we use resources. The rate at which a highly industrialised wealthy nation can gobble up precious materials is staggering. The classic example is that of the United States: at the height of its economic boom in the 1970s a report to the US Senate indicated that in the decade between 1959 and 1969 the American people consumed more of the earth's resources than the whole of the rest of the world had consumed in all of recorded history - in ten years" (Biggs 1991:36).*

Juis om dié rede sien Abraham (1994:67) die groeimodel van die Noorde as eksplorasie van die mens en die omgewing. Sean McDonagh, 'n Ierse sendeling na wie vroeër verwys is, sien die armoede in die Derde Wêreld as die gevolg van die kapitale handelsbeleid wat in groot Eerstewêreldstede soos Washington gemaak word (1990:1-2).

In die subafdeling, "Ontwikkeling sou berus op Westerse grondbesit", het ons reeds gesien dat beide rykdom en armoede 'n nadelige effek op die omgewing het, wat onder meer sou lei tot ontbossing, die uitwissing van ekosisteme, ongekontroleerde verbruik, bevolkingsgroei en klimaatsveranderinge (vgl Paarlberg 1992:36; Roberts 1994:138).

#### **EKONOMIESE ONREG SOU LEI TOT 'N GLOBALE SKULDKRISIS**

Aan die begin van die sewentigerjare, na afloop van die eerste ontwikkelingsdekade, is grootskaalse skuld aan die armer lande van die wêreld toegestaan met die oog op ontwikkelingsprogramme in die Derde Wêreld. Baie van hierdie fondse is nooit vir die doel aangewend nie en sodoende het weinig ontwikkeling plaasgevind wat geld en groei kon genereer. In sommige gevalle is fondse vir militêre ontwikkeling gebruik en in ander gevalle vir grootskaalse moderniseringsprojekte. Aan die begin van die negentigerjare was die meeste Derdewêreldlande 61% dieper in die skuld as 'n skrale agt jaar vantevore. Skuld in die Sub-Saharastreek het in die tyd met 113% toegeneem (WCC 1992:21). Ekonomie beskryf hierdie verskynsel as die sogenaamde "black hole" van die wêreldedonomie omdat Derdewêreldlande geensins in staat is om hulleself uit hierdie situasie te bevry nie (WCC 1992:20-21; Niles 1989:17). Dit is juis teen hierdie agtergrond dat Boff skrywe dat die tydperk van kolonialisasie in ons tyd 'n nuwe hoogbloei bereik het (1994:241):



*"Today the conquest continues, especially in the form of the foreign debt, which is in essence aggression against social relationships, social devastation of the poor and the contamination of the biosphere."*

In verband met die effek van die skuld krisis op die omgewing is dit interessant om op die volgende te let:

- In haar studie, **The Debt Boomerang: How Third World Debt Harms Us All**, toon Susan George dat daar verskeie maniere is waarop die skuld las van die Suide ook vir die lande van die Noorde 'n bedreiging inhou. Dit sluit onder meer sake in soos die globale verwarmingseffek as gevolg van volkskaalse ontbossing; die verdraagsaamheid van regerings in die Suide teen dwelmshandel as gevolg van druk omdat dwelmshandel vir baie 'n handelsheenkome bied; werkloosheid in die Suide wat verlore handelsmarkte vir die Noorde beteken; immigrasiedruk vanuit die Suide; en die bydraende effekte tot konflikte en oorloë. In aansluiting hierby toon McDonagh (1990:20) dat die goedkoop voedselinvoere, wat die noordelike lande tans tot voordeel strek, ook tot 'n einde sal kom aangesien armoede in die Suide 'n oorspoelêffek in die Noorde tot gevolg sal hê. Die ryker lande van die wêreld moet daarop let dat geen goeie toekoms op die geplunderde en verkragte aarde en op die toksiese riviere en lewelose oseane van die wêreld gebou kan word nie.
- Volgens 'n verslag van die Verenigde Volke se Kinderfonds (UNICEF) het 'n half miljoen kinders gedurende 1988 van honger gesterf as 'n direkte gevolg van die globale skuld krisis en ander internasionale ekonomiese faktore. Dit het gevolg omdat Derdewêreldlande hulle staatsbesteding aan gesondheid en opvoeding drasties moes inkort ten einde lenings te kon delg. Die 37 armste lande in die wêreld moes gedurende 1988 hulle gesondheidsbegroting met 50% inkort.<sup>23</sup>
- Volgens Klugman (1991:69) moet talle Derdewêreldlande van hulle bruto nasionale produksie gebruik om skuld te delg. Van hierdie fondse sou sinvol vir die bekamping van armoede aangewend kon word. In die Sub-Sahara in Afrika is hierdie skuld reeds so groot dat 50% van die bruto nasionale produksie tussen 1978 en 1984 hieraan bestee moes word. In die Filippyne is daar gedurende 1988 44% van die land se nasionale begroting aan die delging van skuld bestee (McDonagh 1990:12).
- Vrede word in die lande van die Suide bedreig omdat regerings met demokratiese bewegings se teenstand te doen het. Die feit dat regerings hierdie skuld moet terugbetaal, lei dikwels tot militêre optrede teen die wat dié terugbetaling teenstaan (Dorr 1991:12).

---

<sup>23</sup> Inligting bekom uit ongepubliseerde stuk van die Wêreldraad van Kerke onder die opskrif: "JPIC Resource Material (1989)" wat verkry is van die Wêreldraad van Kerke in Genève, Switserland tydens 'n studiebesoek.





- Die feit dat die armer lande reeds lankal nie meer hulle skuld kan betaal nie, lei tot nuwe lenings vir skulddelging (Boff 1994:241). Om die guns van die ryker lande vir nuwe lenings te wen, moet die armer lande ook hulle landbou so aanpas dat slegs landbouprodukte wat aan die behoeftes van die ryker lande voldoen gekweek word. In die proses word vrugbare landbougrond van die armer lande ten koste van hul eie mense se voedselbehoefte vir die uitvoer van koffie en tabak gebruik (Dorr 1991:11). Die geld wat wel nog beskikbaar is, kan nie gebruik word vir werkskepping en noodsaaklike ontwikkeling nie maar vir skulddelging.
- Die invloed van die skuld krisis op die omgewing word duidelik deur Darkoh van die Kenyatta Universiteit in Kenya getoon as hy die ekologiese gevolge hiervan as volg beskryf (in Niles 1989:14):

*"At the national level, balance of payment problems and rural poverty lead to over-exploitation of lands and forests for food, fuel, cash crops and meat for export and for local use. As these and other pressures increase to unsustainable levels, agricultural productivity and soil fertility decline, creating in turn new pressures which lead to further degradation. At the international level, the economic forces resulting in the world's inequitable financial arrangements and terms of trade, impose upon the weaker economies of the developing countries models which create a conflict between export-based cash crops and basic food security for the poor who get pushed to marginal lands. In these circumstances, the resultant localized artificial over-population inevitably leads to the bad resource management associated with deforestation, over-cultivation and over-grazing."*

Die volgende kommerwekkende statistiek onderstreep Darkoh se argument:

- Meer as die helfte van die woude binne die ontwikkelende lande van die wêreld is na raming tussen 1900 en 1965 uitgewis (Harrison 1993:131). Indien daar nie 'n strenger bestuursbeleid aangeneem gaan word nie, mag dit binne die volgende vyftig tot sesdig jaar tot totale uitwissing lei. Ontbossing is een van die mees sigbare effekte van die mens se impak op die omgewing. Die gevolge van die snelle ontbossingsproses is reeds besig om te lei na wat die omgewingskrywer Erik Eckholm as die arm man se energiekrisis bestempel (Harrison 1993:132). Hiervolgens is die inkrimping van bosbouareas daarvoor verantwoordelik dat die arm mense van die wêreld al minder in staat is om vuurmaakhout te bekom. Ontbossing lei ook verder tot die volgende: grondvrugbaarheid verswak met tot 80%, kooldioksiedvlakke in die atmosfeer styg en suurstofproduksie daal. Ontbossing van die reënwoude lei tot grondverstering, klimatologiese veranderings en verhoogde gronderosie (Harrison 1993:131; Niles 1989:18; Sine 1991:22-23). Om dié rede kan ontbossing nie as 'n verskynsel op sy eie beskou word nie, maar juis as 'n direkte gevolg van die globale skuld krisis (WCC 1990b:39; Dorr 1991:11; Roberts 1994:137).



- Op die huidige oomblik is die wêreld besig om kosbare landbougrond te verloor teen twee keer die spoed wat nuwe landbougrond ontwikkel word. In oppervlakte kom die verlies aan landbougrond jaarliks op 'n area groter as die oppervlakte van Brittanje neer. Die verlies aan bewerkbare landbougrond kom jaarliks op twee en 'n half biljoen ton neer (Harrison 1993:128).
- In groot dele van die wêreld word die tropiese reënwoude vernietig teen 'n tempo van 650 000 vierkante kilometer per jaar. In Latyns-Amerika alleen word hierdie vernietiging volgens 'n verslag van 'n voedsel- en landbou-organisasie op ongeveer 60 000 vierkante kilometer per jaar bereken (Bragg 1987:27).

Om enigsins die ekologiesekrisis-vraagstukke aan te spreek sal daar dus indringend na nuwe politieke en finansiële spelreëls vir die wêreld gekyk moet word (Oosthuizen 1991:21). Ingemar Hedström, 'n Sweedse sosiale ekoloog, stel dit soos volg (in Baff 1994:240):

*"In this sense, to create awareness concerning the global ecological problem must mean to create awareness of the socio-economic, political and cultural situation of our societies, which means to recognize the exploitation of the southern countries by the industrialized nations of the North."*

In aansluiting hierby wys Martin Khor Peng van die Derdewêreld-netwerkspan daarop dat die wêreld kan vergeet van enige ekologiese herstel alvorens die volgende aspekte nie indringend aandag geniet het nie: die rol van transnasionale ondernemings, die posisie en rol van die Wêreldbank, die Internasionale Monetêre Fonds en GATT, asook die globale skuld krisis (Granberg-Michaelson 1992:24). Tydens die Aardspitsberaad in Rio de Janeiro in 1992 was dit die lande vanuit die Derde Wêreld wat dan juis hulle stem in dié verband laat hoor het. Daar is duidelike blyke gegee dat daar geen ekologies haalbare doelwitte moontlik is sonder dat indringende aandag aan die globale skuld krisis van Derdewêreldlande geskenk sal word nie (Granberg-Michaelson 1992:14; vgl Dorr 1991:14).

Een van die grootste krisissuitdaginge waarvoor die kerk in ons tyd staan, is juis hierdie onomkeerbare verdeling in 'n ryk en arm wêreld. Wat die krisis juis versterk is die feit dat die Christendom tradisioneel geassosieer is met die ryk wêreld (Bosch 1991:3; Elsdon 1992:219). Elsdon (1992:219) merk tereg op dat wat so tragies is hieraan die feit is dat daar tegnologiese bronne bestaan wat as oplossing vir die armoedeprobleem van die wêreld aangewend kan word. Alvorens dit egter gedoen kan word, sal die aanleidende oorsake van onreg wat verantwoordelik vir die verdeling van die wêreld in ryk en arm kompartemente is, eers reggestel moet word. Juis dit lyk in hierdie stadium as gevolg van ekonomiese ideologieë binne die ryker dele van die wêreld na 'n onmoontlikheid.



Die geskiedenis sal leer dat die eerste fase in die Teologie van Ontwikkeling, die sogenaamde steun aan sekulêre ontwikkeling, nie vooruitgang sou beteken nie, maar eerder tot verdere ekonomiese en ekologiese agteruitgang sou lei. Om dié rede sou die term ontwikkeling vir baie mense eerder 'n skelwoord word en sou Derdewêreldlandse ontwikkeling as 'n nuwe vorm van eksploitasie beleef. Vir baie sou die begin van die ontwikkelingsdekade die begin van 'n nuwe vorm van kolonialisme wees, naamlik neokolonialisme.<sup>24</sup> Ons sou dus kon sê dat die vroeë Teologie van Ontwikkeling wat sy steun aan sekulêre ontwikkeling toegesê het 'n baie "naïewe" denkrigting was (vgl Möller 1995:2; Kritzinger 1991:9).

#### 4.3.3 DIE OPKOMS VAN BEVRYDINGSTELOGIE AS ONTWIKKELINGS- TEOLOGIE

Die tweede fase<sup>25</sup> in die Teologie van Ontwikkeling, die sogenaamde "Bevrydingsfase", wat sy ontstaan by 'n Latyns-Amerikaanse Rooms-Katolieke biskoppebyeenkoms in Medellin, Colombia in 1968 gehad het, kan beskou word as 'n sterk reaksie op die uitbuiting en tekortkominge van die eerste ontwikkelingsfase (Kritzinger 1991:9-10). Die afhanklikheidsmodel, soos wat dit voortaan bekend sou staan, kan gesien word as 'n krities-teologiese refleksie op die situasie van mense van die Derde Wêreld, en 'n bydrae tot die bevryding van die onderdrukte en uitgebuite massas. So byvoorbeeld sou Gustavo Gutiérrez in sy *A Theology of Liberation* (1973) krities reageer op die ontwikkelingsmodelle van die Eerste Wêreld, aangesien hierdie modelle nie die grondoorsake van onderontwikkeling in die Derde Wêreld genoegsaam in ag geneem het nie. In die meeste gevalle is onderontwikkeling in die Derde Wêreld juis 'n neweproduk van ontwikkeling vanuit die Eerste Wêreld, en daarom kan onderontwikkeling soms juis as die historiese eindproduk van die ekonomiese uitbreiding van groot kapitalistiese moondhede gesien word (Gutiérrez 1973: 29-30).

---

<sup>24</sup> Neokolonialisme is 'n term wat vir die eerste keer in 1950 in gebruik geneem is. Volgens Morgan beskryf die term die ekonomiese afhanklikheid en uitbuiting wat daar binne koloniale gebiede sedert onafhanklikheid (dekolonisasie) bestaan wat kenmerkend van die naoorlogse jare is. Neokoloniasie impliseer dat patrone van afhanklikheid, wat gedurende die koloniale era in plek gebring is, baie moeilik uit die weg geruim kan word (vgl Knapp 1977:153-154; Sine 1987:3; Bosch 1991:312). Neokoloniasie het die nie-Weste verarm deur die skep van 'n ekonomiese stelsel waar die Weste self die reëls vir markpryse en handel bepaal (Morgan 1989:64). Die *Fontana Dictionary of Modern Thought* beskryf neokoloniasie daarom as die situasie waarin 'n onafhanklike land sosio-ekonomies, kultureel en polities onderontwikkel as gevolg van die feit dat die land in sy geheel beheers word deur 'n ander land en sy multinasionale maatskappye, wat 'n ekonomiese wurggreep op daardie betrokke land uitoefen (Butlock et al 1990:411).

<sup>25</sup> Die tweede fase word heelwat korter bespreek as die eerste fase aangesien die ekologiese implikasies wat hierdie benadering van ontwikkeling meebring reeds in 3.3 onder geloof as vooruitgang behandel is. Hoewel ek dit daar as uitvloeisel van die vroeë industriële era bespreek het as "'n Westerse kultuur van vooruitgang", het die persepsies van daardie denke wat die Weste gepropageer het ongetwyfeld ingang onder bevrydingsteologie gevind.



Die ontnugtering wat die beoogde vooruitgang van tegnologiese ontwikkeling vir 'n land soos Suid-Afrika en ander Derdewêreldlande moes bring, het Joe Seremane van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) gedurende die hoogbloei van die bevrydingsteologie in Suid-Afrika as volg verwoord (1989:2):

*"Despite the technological advancement, we swim and wallow in poverty, political injustice, oppression and repression: economic exploitation of the majority by a minority of multinationals, capitalists, people are dispossessed of and displaced from their God-given lands, unemployment, hunger, disease, denial of educational advancement, to name but a few global maladies."*

Die nuwe ontwikkelingsmodel sou voortaan vir 'n nuwe denkrigting oor verdrukking deur magte moes plek maak. Nie ontwikkeling nie maar bevryding sou nou gevra word. Die bevrydingsfase van ontwikkeling was veral in die gelede van die Wêreldraad van Kerke sterk gepropageer. Binne die tweede fase sou die woord ontwikkeling met bevryding vervang word, met 'n duidelike politisering in die siening van ontwikkeling. Ook in hierdie fase is daar 'n nuwe vlaag van optimisme merkbaar, by bevrydingsteoloë soos Gutiérrez. Die kerk word nou gesien as kerk vir die armes. Die kerk moes kant kies teen die ryk lande en alle instansies van die wêreld wat ekonomiese, sosiale, tegnologiese, politieke en militêre alliansies in stand hou ten einde hul eie posisie te handhaaf en te verbeter. By die Montreux II-konferensie van die Wêreldraad van Kerke in 1974 het dit duidelik begin word dat die term ontwikkeling soos wat dit deur die Eerste Wêreld gebruik is, vir die Derde Wêreld onaanvaarbaar geword het (Möller 1995:55). Hoewel ontwikkeling nie van die tafel gevee is nie, sou dit voortaan politieke ondertone kry. Daarom beweer Bosch (1991:444-445) dat die optimisme waarmee die Eerste Wêreld aanvanklik ontwikkeling begin het nog binne die Derde Wêreld leef. Ook in hierdie benadering sou die kerk in talle slaggate trap soos die neiging tot manigeïsme, die klem op armes alleen en humanisering as einddoel (Möller 1995:2).

Möller (1995:59) wys daarop dat dit veral die studie **The Limits to Growth** (Meadows 1972) was, wat deur die Massachusetts Institute of Technology met die ondersteuning van die Klub van Rome onderneem is, wat tot groot ontnugtering in bevrydingskringe sou lei. Hierdie studie sou toon dat ontwikkeling en groei nie sonder perke sal kan voortgaan nie en daarom is die modelle van ontwikkeling wat die veronderstelling van onbeperkte uitbreiding aangehang het, ontmasker. Die droom van die Amerikaanse nyweraar Carnegie aan die begin van die twintigste eeu onder die veelseggende titel **The Gospel of Wealth**, wat in 'n sekere sin die vroeë droom van talle bevrydingsteoloë was, en wat belof het dat armoede, onderdrukking en uitbuiting op aarde heeltēmal sou verdwyn sodra die moderne mens al die wette van industriële vooruitgang gehoorsaam, was aan skerwe (vgl. Du Plessis 1995:328). Die sogenaamde belofde ontwikkeling deur die wetenskap en tegnologie sou wel 'n





bydrae gelewer het tot 'n verhoging in die kwaliteit van menslike lewe, maar wanneer die totale prentjie hiervan egter in kosmologiese perspektief geplaas word, raak dit duidelik dat hierdie ontwikkeling geensins tot voordeel van die mens en die omgewing sou bydra nie (Niles 1989:18).

Biggs (1991:33-35) meen dat die sogenaamde vooruitgang wat ontwikkeling in die Weste en in die Derde Wêreld gebring het, wel ekonomiese voordele vir die Eerste Wêreld kon inhou, maar dat hierdie "vooruitgang" gelei het tot 'n groot ontnugtering as gevolg van die ekologiese rampe wat dit meegebring het, naamlik die vernietiging van natuurlike bronne; lug- en waterbesoedeling, die uitwissing van talle plant- en dierspesies, die globale verwarmingseffek en nuwe strukture van ekonomiese onreg (vgl Ecumenical Institute 1993:11). 'n Voorbeeld: In 1974 is die vrees vir die eerste keer geopper dat die atmosferiese osoonlaag deur die gebruik van die sogenaamde CFC-chemikalieë vernietig kan word, te wete die chlorofluorkoolstowwe in gasvorm. "CFC's" se lewensduur is ongeveer 75 jaar, met die gevolg dat die huidige vernietigingseffek nie vasgestel kan word nie. Wat ons wel weet, is dat die gat in die osoonlaag al groter word. Dit hou 'n groot bedreiging vir sowel marine- as landlewe vir die suidelike streke van die wêreld in (Huntley et al 1989:33; WCC 1990:13). Granberg-Michaelson (1992:16) wys daarop dat 85% van alle "CFC's" wat in die atmosfeer vrygestel word, afkomstig is vanuit die ryk noordelike lande van die wêreld. As gevolg van die globale kweekhuiseffek het die aarde gedurende die tagtigerjare die vyf warmste jare van alle tye beleef. Die styging van tussen 0,3 en 0,6 grade Celsius het daartoe gelei dat die smeltende gletsers dié seevlak tussen 10 en 20 cm laat styg het (Harrison 1993:473; Granberg-Michaelson 1992:16; Huntley et al 1989:28). Indien hierdie tendens voortduur, kan dit aanleiding tot onder meer die volgende gee: globale klimaatsveranderinge, verlies aan voedsel, die verspreiding van peste en siektes, die permanente uitwissing van sommige spesies en die uitbreiding van woestyne.

Jaarliks publiseer die **World Watch Institute** 'n verslag onder die titel **Report on the Progress towards a sustainable society**. In die 1990-verslag het die redakteur Lester R. Brown die verslag begin met 'n hoofstuk onder die titel "The illusion of progress". Die volgende breedvoerige aanhaling uit daardie hoofstuk handel juis oor die illusie van volgehoue ontwikkeling en vooruitgang (Biggs 1991:33-34):

*"For most of the nearly four fifths of humanity born since World War II, life has seemed to be a period of virtually uninterrupted economic progress. Since mid-century, the global economic product has nearly quintupled. On average, the additional economic output in each of the last four decades has matched that added from the beginning of civilisation until 1950.*



*World food output during this period also grew at a record pace. Soaring demand fuelled by population growth and rising affluence provided the incentive, and modern technology the means, to multiply the world's grain harvest 2.6 times since mid-century. No other generation has witnessed gains even remotely approaching this. During the same period, atmospheric carbon dioxide levels have increased by 13 per cent, setting the stage for hotter summers. The protective ozone layer in the stratosphere has been depleted by 2 per cent worldwide and far more over Antarctica. Dead lakes and dying forests have become a natural accompaniment of industrialisation. Historians in the twenty-first century may marvel at this economic performance - and sorrow over its environmental consequences."*

In sy boek **The Greening of America** (1970) bevraagteken Charles Reich juis die feit dat moderne tegnologie tot vooruitgang gelei het. In werklikheid is die teendeel eintlik waar. Daarom beweer hy (in Wilkinson 1981:178):

*"Modern society makes war on nature. A competitive market uses nature as a commodity to be exploited - turned into profit. Technology sees nature as an element to be conquered, regulated and controlled... When the forces seized the once beautiful eastern states of America, they left forests denuded; rivers, harbors, and seacoasts polluted; the cities sterile; the land ripped by highways, high tension wires and suburban swaths. They left little of the country unblighted, not even the miraculous and seemingly limitless beauty of California where today the devastation seems most wanton and cruel of all."*

In bevrydingskringe het die ontnugtering langamerhand begin deurbreek: die gade kan nie die rykdom van die Eerste Wêreld, wat die Derde Wêreld begeer, enigins bekostig nie. Vir die tegnologiese ontwikkelaars van vooruitgang was die omgewing slegs 'n bron van onverwerkte materiaal waarvan winsgewende verbruikersware gemaak kon word. Deur allerlei planne vir groei het hierdie benadering gesoek na 'n strategie om die omgewing te gebruik, te benut en te eksploiteer ter wille van die mens en sy samelewing. Vooruitgang gaan slegs om die bevryding uit die heerskappy van die natuur, om die emansipasie van soiaal-politieke en godsdienstige instellings waarby ook sosialiste vanuit die Tweede en Derde Wêreld sedert Marx hulle sou aansluit (Du Plessis 1995:328). Du Plessis (1995:330) beskryf hierdie ontnugtering in vooruitgang as 'n geloof in:

*"'n messias met voete van klei wat arbeiders uitbuit, industriële monopolieë laat toeneem, 'n groter gaping tussen armes en rykes laat ontstaan, grondstowwe, energievoorrade, plant- en diersoorte laat verdwyn - ook tot skade vir die mens om wie alles draai"*

Die groot gebrek van die ontwikkelingsmodel, of die afhanklikheidsmodel soos wat dit in bevrydingskringe sou bekend raak, was daarin geleë dat dit wensdenkery was dat almal eendag sou kon deel aan die voorspoed en hoë lewenstandaard wat die ryk laade van die wêreld reeds vir dekades gehandhaaf het. Die middel sewentigerjare en veral vroeë tagtigerjare was 'n tyd waarin daar begin is om hierdie invloed op die ekologie te verreken.

#### 4.3.4 DIE OPKOMS VAN VOLHOUBARE ONTWIKKELING AS 'N POSITIEWE STAP

'n Derde fase<sup>26</sup> in die soeke na 'n Teologie van Ontwikkeling was die sogenaamde **Just, Participatory, and Sustainable Society** met advent by die Nairobi-vergadering van die Wêreldraad van Kerke (WRK) in 1975 (Kritzinger 1991:10; McDonagh 1990:194). Hiervolgens het die WRK dit vir homself ten doel gestel om kerke met 'n visie en riglyne te voed sodat die kerk sou kon weet hoe om 'n sosiale en politiek veranderende rol binne die samelewing te vervul. Soos die naam veronderstel, was die hoofdoel om geregtigheid aan die deelname van mense in besluitneming aangaande hulle eie toekoms te koppel (vgl. Granberg-Michaelson 1992:59). Die droom van 'n Teologie van Ontwikkeling as sleutel tot die oplossing van wêreldvraagstukke was reeds aan skerwe en daarom stel die Nairobi-verslag die volgende:

*"One thing is clear. The development challenge requires far more drastic steps and remedies than those envisaged at Uppsala. A little more aid or a little better trade will not suffice. The situation has reached crisis proportions. The prospects for the future are so bleak that only a concerted effort to bring about a new world social and economic order will do" (Johnson in Möller 1995:60).*

Die droom van Nairobi was om die "ideale samelewing" te vestig, met geregtigheid vir almal, deelname deur almal en volhoubaarheid as die steunpilare van die samelewing. Ten einde dit te kon skep, is mededeelsaamheid en die regverdige verdeling van bronne deel van die droom van 'n nuwe gemeenskap (Möller 1995:100-101).

Die **Just, Participatory, and Sustainable Society**-ontwikkelingsfase, asook die daaropvolgende vierde fase, die sogenaamde **Justice, Peace and the Integrity of Creation** (JPIC), sou die eerste keer politieke bevryding krities bevestig. Dit was egter eers toe die JPIC-program van die Wêreldraad van Kerke inslag sou vind, dat 'n direkte koppeling tussen die ekologiese krisis en die taak van die sending in ontwikkeling gemaak is (Kritzinger 1991:10; McDonagh 1990:194). In 'n sekere sin is die

---

<sup>26</sup> Omdat die derde fase in die rigting van vrede, geregtigheid en die heelheid van die skepping wys sal ek hierdie ontwikkeling slegs baie kortliks bespreek. Die bedoeling met afdeling A is om die verband tussen die sending en die ekologiese krisis te toon, wat 'n volledige bespreking van die derde fase natuurlik onnodig maak.



los drade van die ontwikkelingsideaal binne JPIC vir die eerste keer byeengebring omdat daar besef is dat binne 'n wêreld van magmisbruik en vrese vir kernkonflik, geregtigheid, vrede en die volhoubaarheid en integriteit van die skepping die enigste hoop op oorlewing bied. In wese is JPIC se oproep rondom die omgewing nie 'n nuwe saak nie. Dit moet veel eerder as 'n nuwe invalshoek op 'n ou probleem gesien word.

Die Sewende Algemene Vergadering van die WRK het in Februarie 1991 in Canberra, Australië plaasgevind. Die tema van die vergadering was die gebed: "Come Holy Spirit, Renew the Whole Creation". Die keuse van hierdie tema moet verstaan word teen die agtergrond van 'n besef dat politieke pogings om sake reg te ruk, hopeloos onvoldoende is. Ware vernuwing kan alleen van God deur sy Gees kom. Canberra kan beskou word as 'n vraag na 'n nuwe spiritualiteit en 'n terugkeer na 'n teologie van die kruis (Canberra Report 1991:191). Canberra staan in die teken van 'n oproep tot versoening, geregtigheid en vrede met God. Die mens en natuur moet in 'n bepaalde spiritualiteit vasgevat word, wat die behoefte aan Christelike dienslewering erken; wat die belangrikheid van 'n Christelike lewenstyl van "sharing" en die afwesigheid van geweld nie net insien nie, maar ook bevorder.

Dit is juis só 'n teologie, 'n teologie waarin die sending ekologies benader behoort te word, wat in ons tyd 'n dringende noodsaaklikheid geword het. Daarom het die WRK reeds by sy Sesde Algemene Vergadering in Vancouver in 1983 insake 'n regverdige samelewingsbestel die volgende verklaar (in WCC 1992:12):

*"We need ethical guidelines for a participatory society which will be both ecologically responsible and economically just, and can effectively struggle with the powers which threaten life and endanger our future."*

Sulke riglyne word in die derde afdeling van hierdie studie as 'n ekologiese sendingbenadering aangebied.